‘N PRAKTIESE-TEOLOGIESE ONDERSOEK NA DIE ROL VAN LEIERSKAP IN GELOOFSGEMEENSKAPPE MET BETREKKING TOT LIDMATE MET GESTREMDHEDE

deur

ANTOINETTE MATTHEE

Tesis ingelewer te gedeeltelike voldoening aan die vereistes
Vir die Magister in Praktiese Teologie
Aan die Universiteit Stellenbosch

Studieleier: Professor Ian Nell

April 2019

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

CA Matthee

Kopiereg © 2019 Stellenbosch Universiteit
Alle regte voorbehou

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verklaring deur taalversorger

Hiermee verklaar ek dat die tesis deur my taalkundig en tegnies versorg is.

L Bedeker

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Summary

People living with disabilities are at times left behind in their church, sometimes neglected. This study compares multiple frameworks that leaders are using today to minister to people with special needs. It identifies gaps in these existing church practices. A more wholesome framework is given that leaders can put in practice. The practical steps equip ministers to make those neglected feel welcome, dignified, and loved.

Key terms
Church-leadership, leadership, human dignity, people living with disabilities and practical theology

Opsomming

Mense wat lewe met gestremdhede word weens verskeie redes agterwee gelaat op die gebied van verskeie platforms. Juis om die rede moet die gemeenteleiers drasties ingryp om te verhoed dat dit binne die platform van die kerk ook gebeur. Die konkrete raamwerk wat die kerk behoort te bou word binne die navorsingstudie ondersoek om te kyk of dit aan die nodige behoefte van die lidmate wat leef met gestremdhede voldoen. Die kwessie van insluiting, omarming en menswaardigheid word opgehef en verder ondersoek.

Kernbegrippe
Gemeenteleiers, leierskap, menswaardigheid, mense wat leef met gestremdheid en praktiese teologie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dankwoord

“Die lewe word vorentoe geleef, agtertoe verstaan, geniet die blomme langs die pad.” – Anoniem

Met ‘n dankbare hart, dank ek elkeen wat my herinner het aan die blomme langs die pad tydens die jare van my studies.

Om ses mondelinge en een tesis vir die studies te voltooi na ‘n breinsiekte was nie maklik nie. Inteendeel, dit was een van die grootste deursettingsvermoë lesse wat die lewe my kon leer.

Spesiale dank aan my studieleier Prof. Ian Nell vir al die leiding en ondersteuning tydens my studies.

Aan Dr. Kim Domingo, my psigiater tydens my studie jare, baie dankie. Sonder dokter sou ek nie die mylpaal bereik het nie. Al die wyse woorde het my verseker ‘n beter mens gemaak.

Aan my man, Michael Matthee, baie dankie vir die ondersteuning en die bemoedigende woorde: “Never give up!”. Weereens baie dankie daarvoor.

Aan my gesin (Pa Johannes, Ma Annette, Samuel, Eliza en Piet) baie dankie dat julle aanhou glo het in my om dit te voltooi.

Die belangrikste dank aan my Hemelse Vader, wat my opnuut geleer het van die broosheid van die mens en my deur die brose tydperk gedra het. Alle lof en eer aan Hom.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Inhoudsopgawe

Verklaring 2
Summary 4
Opsomming 4
Dankwoord 5
Inhoudsopgawe 6
Hoofstuk 1 10
1.1 Inleiding en motivering 10
1.2 Metaforiese raamwerk vir ontleding 12
1.3 Persoonlike transformasie: 14
1.3.1 Holistiese beskouing van ervaring 15
1.3.2. Transformasie deur holistiese benadering 19
1.4 Begripsverheldering 20
1.4.1 'n Prakties-teologiese ondersoek 20
1.4.2 Rol van gemeenteleiers 21
1.4.3 Gemeentepraxis en geloofsgemeenskappe 22
1.4.4 Lidmate met gestremdhede 22
1.5 Navorsingsvrae 24
1.6 Doel van die studie 25
1.7 Navorsingsontwerp en -metodologie 25
1.7.1 Deskriptiewe kontekstuele fase 26
1.7.2 Verklarende interpretatiewe fase 27
1.7.3 Normatiewe evaluerende fase 27
1.7.4 Pragmatiese fase 27
1.8 Die maatstaf 28
1.9 Hoofstukindelings 29
Hoofstuk 2 31
2.1 Inleiding 31

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.2 Praktiese teologie 31
2.2.1 Agtergrond van praktiese teologie 31
2.2.2 Definisie van praktiese teologie 32
2.2.3 Praktiese teologiese en die rol van die vocatio van gemeenteleiers ...35
2.3 Leierskap 37
2.4 Sosiale-identiteitsteorie.....39
2.5 Gestremdheid.....42
2.6 Menswaardigheid 47
2.7 Gasvryheid.....49
2.8 Hoop in broosheid 50
2.8.1 Realistiese hoop 51
2.8.2 Verantwoordelike hoop.....52
2.8.3 Elastiese hoop 53
2.9 Slot 54
Hoofstuk 3 55
3.1 Inleiding 55
3.2 Doel van die studie 56
3.3 Navorsingsontwerp en -metodologie 57
3.4 Die kerke van die studie 58
3.5 Dataversameling 58
3.5.1 Voorstelling en bespreking van temas 58
3.5.2 Gevallestudies 62
3.5.3. Model ontleding van verskeie denominasies van kerke in Kanada.....64
3.5.4 Anglikaanse kerk 65
3.6 Data-ontleding 68
3.7 Gevolgtrekking 68
Hoofstuk 4 69
4.1 Inleiding 69
4.2 Interpretasie van data 71
4.2.1 Gevallestudies 71
4.2.2 Interpretasie van data vanuit die navoringstudie model van verskeie kerke in Kanada. 72

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.3 Dialoë met ander wetenskappe en modelle 95
4.3.1 Sielkunde as wetenskap: Sosiale-identiteitsteorie 95
4.3.2 Mediese wetenskap: Die mediese funksionele model 96
4.3.3 Sosiale wetenskap 97
4.5 Samevatting 97
4.6 Gevolgtrekking 98
Hoofstuk 5 99
5.1 Inleiding 99
5.2 Teologie van gestremdheid 102
5.2.1 Godsbeelde in die Bybel: Inleiding 104
5.2.2 Godsbeelde in die Ou Testamentiese bronne 105
5.2.3.1 God en die hofsaak in Job 105
5.2.2.2 God en die monsters in Job 106
5.2.3 Godsbeelde in die Nuwe Testamentiese bronne 107
5.2.3.1 Die toeganklike God 107
5.2.3.2 Die interafhanklike God 108
5.2.3.3 Die gestremde God 109
5.3.1 Geestelikheid 113
5.3.2 Gasvryheid 114
5.3.3 Vriendskap 115
5.3.4 Samehorigheid 116
5.3.5 Hoop 117
5.3.6 Menswaardigheid 119
5.4 Temas 120
5.5 Die nuwe model (in raamwerk van teologie): Die limietmodel 128
5.7 Slot ..... Error! Bookmark not defined.
Hoofstuk 6 130
6.1 Inleiding 130
6.2 Doel van die studie 131
6.3 Bevindinge en evaluasies 132
6.4 Beperkings 133
6.5 Aanbevelings in die ruimte van geloofsgemeenskappraxis 133

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.5.1 Versterkte praxis 134
6.5.2 Verdere navorsingsvoorstelle 135
6.6 Samevatting 135
Bronnelys 138

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 1

Inleiding tot navorsingstudie, wetenskap-oriëntasie en metodologie

1.1 Inleiding en motivering

"Nihil de nobis, sine nobis". Die Latynse slagspreuk: "Nothing about us without us" beklemtoon die tema van die navorsings studie. Niks handel oor "ons"[1], sonder dat "ons" deelmaak van die besluitnemingsproses nie, sonder dat "ons" in kennis gestel word nie en sonder dat "ons" deel is van die oplossing nie.

Wêreldwyd is mense wat lewe met gestremdheid besig om op te tree as katalisators van verandering, volgens Gráinne McGettrick. Die verandering spoel ook oor na diegene wat lewe sonder gestremdhede om die vernuwe pad aan te pak en saam as mede-burgers van die wêreld mekaar se volle deelname en totale regte aktief op te hef eerder as om passief te verkeer (McGettrick, 1994: 1). Sodoende word die "ons" geskep. Jean Vanier se woorde beklemtoon die argument verder:

> "Each human being, however small or weak, has something to bring to humanity. As we start to really get to know others, as we begin to listen to each other's stories, things begin to change. We begin the movement from exclusion to inclusion, from fear to trust, from closedness to openness, from judgment and prejudice to forgiveness and understanding. It is a movement of the heart."

---

[1] "Ons" [1]"Us people": is 'n uitdrukking. Tydens die navorsing het die navorser by *Christ Church* die Huis Horison kinderkerkklasse bygewoon. Een van die lidmate met 'n kognitiewe gestremdheid het vir haarself gevra: "Are you going to study us people?"Daarmee het hy verwys na hulle groepie mense. Ná afloop van die studie kon ek 'n klemverskuiwing maak van 'us people' na 'we people', want daar heers nie 'n uitsondering nie. Robert Frost merk in sy gedig *Mending walls* op: "Good fences makes good neighbours"(1914: n.a.) Ná afloop van die studie is daar nie of behoort daar volgens haar, die navorser, nie meer metaforiese drade tussen die lidmate te wees nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die beweging waarvan Jean Vanier in die bogenoemde gedeelte praat, is juis die goue draad wat deur die tesis geweef gaan word. Die leierskap moet dit egter benut, want soos Jean Vanier skryf: dit is 'n bewing van die hart. Dit is die kern van die mens se roeping en effektiewe potensiaal ontginning.

Die fokus van die navorsing is tot ’n groot mate te danke aan die navorser se kennismaking met ’n graad 8-seun, Alec. Ná sy eerste week op koshuis kom haar broer bitterlik ontstoke tuis; hy en sy kamermaat moes vir die hele duur van die ontgroening beurte maak om ’n matriekseun se tas te dra. In die navorser se broer se geval sou hy dit alleen moes doen, aangesien sy kamermaat net een arm het. Dié kamermaat was Alec.

Aanvanklik het die navorser se hart uitgegaan na Alec met sy fisiese gestremdheid. Aan die kant sonder ’n arm is net ’n hand met vier vingers bo by sy skouer. Namate sy meer met hom te doen gekry het, het die navorser tot die besef gekom dat Alec ’n normale lewe lei. Hy het hokkie gespeel op skool, eet normaal, latere jare bestuur hy sy eie motor en hy het selfs die jaar nadat hy gematrikuleer het sy privaatvlieglisensie verwerf.

Alec se gesin het ’n groot rol gespeel in sy lewensgehalte vanweë die feit dat hulle hom van kleintyd af grootgemaak het met ’n selfwaarde wat gebou is op ’n Godsbeeld,[2] wat hoop geskep het en sy waarde as mens bevestig het. Alec se lewenswyse is egter ook tot ’n groot mate te danke aan sy kerkleiers. Laasgenoemde het Alec, ongeag sy gestremdheid, op ’n konstruktiewe wyse deel gemaak van die gemeente waaraan hy behoort het. Het hulle dalk onwetend hulself laat lei deur die

[2] Die Godsbeeld beskryf die mens se uitdrukking aangaande sy/haar begrip van God: hoe hy/sy God beleef en met ’n gegewe beeld vereenselwig. Louw (2008:9) verwys daarna dat 'n krisis of siekte 'n geleentheid vir groei kan genereer afhangende van vele faktore onder andere 'n mens se Godsbeeld. Louw definieer ook 'n mens se Godsbeeld as 'n mens se verstaan van God.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hedendaagse begrip van ’n ‘gesonde sosiale identiteit[3]’ en die belang daarvan vir die erkenning en handhawing van Alec se menswaardigheid?[4] Alec se geval het mettertyd die vraag by die navorser laat ontstaan of die meeste gemeenteleiers soortgelyke rolle teenoor lidmate met gestremdhede vervul.

1.2 Metaforiese raamwerk vir ontleding

In die lig van bogenoemde kennismaking met Alec het ek prakties-teologies begin besin oor die rol van gemeenteleiers in hulle hantering van lidmate met gestremdhede. Ek verbind die storie van Alec aan die metafoor van Ganzevoort (2009:1) en Osmer (2008:39–41) om die rol van gemeenteleiers as interpretatiewe gidse[5] te beskryf.

Wanneer Ganzevoort (2009:1–2) verwys na praktiese teoloë[6] gebruik hy die beeld van reisigers wat voor ’n vurk in die pad in die middel van ’n woud staan. Op die rug van die reisigers dra hulle elk die nodige items om die wandelroete aan te pak.

---

[3] 'n Gesonde sosiale idenitiet beklemtoon dat die persoon op 'n kinstruktiewe wyse binne die ruimte van die samelewing integreer.

[4] Die term ‘menswaardigheid’ verwys na die aspekte wat ’n mens inherente waarde gee; in die teologiese raamwerk bied God se liefde en die wyse waarop die mens na sy beeld geskape is aan ’n mens waarde. Om die voorafgaande te beaam word menswaardigheid volgens Bieri (2013:2) neergelê in terme van 'n mens se verhouding met God, die Skepper. 'n Mens het met ander woorde waarde nie oor wie die mens is en wat die mens gedoen het nie, maar eerder oor wie die mens se Skepper is en wat hy vir die mens gedoen het.

[5] Interpretatiewe gidse omskryf die kerkleiers wat soos gidse die milieu (metafories gesproke, die wandelroete) interpreteer om sin te maak van die hier en nou. Die kerkleiers is instrumente van die Heilige Gees. Die kerkleiers word as voorlopers in die veld gesien in die sin dat hulle die pas aangee ten opsigte van die wandelroete.

[6] ’n Gemeenteleier kan ook as ’n praktiese teoloog beskou word, vanweë die rede dat albei besig is om die praktyk te ondersoek en terselfdertyd te verbeter. Osmer (2008: 177-178) verwys na Robert Quinn se frase: " deep change" om na transformerende leierskap te wys. Beide praktiese teoloë en gemeenteleiers bring " deep change" aan tydens hulle reis, hetsy in die akademie of in die praktyk.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Volgens Ganzevoort (2009:1–2) dien praktiese teoloë as gidse wat die nuwe terrein verken.

Bosch (1991:374–379) gebruik ’n soortgelyke beeld op ’n ander wyse deur na grensverkenners[7] te verwys. Hy identifiseer weer missioloë[8] nie as grensbewakers[9] nie, maar eerder as grensverkenners wat nuwe grense oorsteek. Ganzevoort (2009:1) beklemtoon dieselfde proses met wat hy “tracing the Sacred”[10] noem, om die fragmente van God se teenwoordigheid te openbaar waar dit hopeloos lyk. Sodoende is die leiers se rol veronderstel om hoop en menswaardigheid vir die lidmate met gestremdhede te laat seëvier.

In aansluiting by hierdie metafore van Ganzevoort (2009:1–2) en Bosch (1991:374–379), gebruik Dreyer (2010:2) en Osmer (2008:39–41) dieselfde beeld van ’n gids wat die weg aandui. Vir laasgenoemde word die gemeenteleiers as die gidse voorgestel.

---

[7] Grensverkenners is dieselfde as interpretatiewe gidse. Albei verken en interpreteer nuwe omstandighede, ruimte en aspekte. Die gedeelte stem ooreen met die vorige voetnota, omdat gernsverkenners ook " deep change" bring waarvan Quinn praat. Met ander woorde die grensverkenners lei die gemeente (volgelinge) in die proses van veranderde identiteit, missie en kultuur (Osmer, 2008: 177) deur dieper daarin te delf en nuwe ontdekkings te maak.

[8] ’n Missioloog is iemand wat met die *missio Dei* in die koninkryk op aarde besig is. In ’n sin kan gemeenteleiers ook as missioloë beskou word, omdat die term ook hulle werk oorkoepelend definieer. Missioloë is egter nie net 'n oorkoepelende term wat diegene (praktiese teoloë, grensverkenners en gemeenteleiers) omarm nie, maar dit kan ook as 'n sambreel-term gesien word, want dit is die stam. Dit word as die stam bestempel omdat al die vorige genoemde identiteite te make het die missio Dei (die missie van God) waarvan Matteus 28:19 praat: " Gaan dan na al die nasies toe en maak mense my dissiples." Asook Handelinge 1:7 "...Julle sal my getuies wees...tot in die uithoeke van die wêreld."

[9] Die term ‘grensverkenners’ word deur Bosch teenoor die term ‘grensbewakers’ gestel. Laasgenoemde is die teenoorgestelde van diegene wat grense oorsteek en verken. Diegene wat as grensbewakers optree kan gekoppel word aan die woord: "inhibeer" met ander woorde hulle voorkom vooruitgang deur net staties te bly in hulle gemaksone en die area wat bekend is aan hulle te verdedig en te beskerm.

[10] “Tracing the sacred” is ’n term wat Ganzevoort gebruik om ’n religieuse konsep te verduidelik. Die metaforiese betekenis is om iets in die diepste wese te ondersoek en te konstrukteur in onderliggende dele (Ganzevoort, 2009: 1-2)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

In Dreyer se artikel vra hy die vraag: "Where do we come from and where are we going?" met verwysing na die Praktiese Teologie. Die vraag kan ook gevra word met verwysing na die reis metafoor: "Waarheen kom ons vandaan en waarheen is ons op pad?" Waarheen kom die reisigers (die gemeenteleiers en hulle mede-reisigers, die gemeentelede) vandaan? Wat is hulle agtergrond, hulle wortels[11]? Wat is die geskiedenis wat hulle met hulle saamdra? En waarheen is hulle op pad? Wat hou die toekoms vir hulle in? Wat is hulle eindbestemming, hulle vlerke?

Die navorser sluit aan by die voorafgaande gedeelte deur dit te kombineer en ’n uitgebreide metafoor te beskryf. Dieselfde beeld van ’n uiteenlopende groep reisigers (’n gemeente) wat lidmate met gestremdhede insluit, word gebruik. In hierdie groep reisigers vind ’n mens ook die gids (gemeenteleier) wat hom-/haarself nou moet heroriënteer om op die beste wyse die groep deur die woud te begelei. Hierdie beeld dien as agtergrond vir die vraag: “Hoe pak die leier en die groep nou die wandelroete aan?”

Die nodige items[12] wat die gids saamneem op die wandelroete kan metafories as die sentrale begrippe[13] van die navorsingstudie voorgestel word. Voordat ’n mens die wandelpad aandurf, moet die items (sentrale begrippe) eers deeglik uiteen gesit word (terminologiese indeling).

1.3 Persoonlike transformasie

---

[11] Die wortels is met verwysing na Klippies Kritzinger se gebruik van die gedig: "Om kinders wortels sowel as vlerke te gee". Die wortels dui op standvastigheid en stabiliteit. Die vlerke dui weer op vryheid en avontuurlistigheid. Beide is nodig om goeie kinders te kweek, maar ter selfde tyd is wortels en vlerke ook nodig as 'n mens 'n reis aanpak weens die feit dat dit goed is om te besef waar 'n mens vandaan kom en waarheen mens op pad is.

[12] Die metaforiese items lui soos volg: 'n kompas, 'n padkaart, 'n rugsak, 'n kierie en water.

[13] Sentrale begrippe volg later in hoofstuk 1.4 en word daar deeglik uiteen gelê.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.3.1 Holistiese beskouing van ervaring

Wanneer ek as navorser oor my persoonlike transformasie praat, is dit met groot dankbaarheid teenoor my Hemelse Vader wat my genees het van enkefalitis[14] tydens haar navorsing. Aanvanklik het sy die studie aangepak om ’n bydrae te lewer vir diegene wat met gestremdheid leef. Min het sy geweet wat oor my pad sou kom tydens die reis van haar navorsing.

Die leefwêreld wat die navorser ervaar het was soos reeds genoem as gevolg van 'n breinsiekte naamlik: enkefalitis. Enkefalitis word gedefinieer as inflammasie in die brein wat veroorsaak word deur een van die volgende twee faktore eerstens: infeksie, of tweedens: 'n allergiese reaksie. Die simptome loop soms parallel met verskeie eienskappe van die van mense wat leef met gestremdheid.

Creamer (2009:3) se woorde is ’n goeie omskrywing van my ondervinding: “Chances are very good that you know someone with disability. Chances are also good that you have experienced – or will experience – some degree of disability yourself”. Alhoewel dit net ’n tydelike vorm van gestremdheid was, het dit haar as navorser die leefwêreld van gestremdheid laat ervaar.
Die verskeie modelle van gestremdheid, medies,[15] sosiaal[16] en teologies (Magdalene, 2007), het ’n rol tydens my ervaring gespeel. Die mediese modelle

---

[14] Enkefalitis se ander naam is binnebreinontsteking of meer bekend as breinvliesontsteking. Enkefalitis is nou verband aan die meer algemene siekte naamlik : meningitis. Die verskil is egter dat die laasgenoemde slegs die vlies van die brein aantas waarby die enkefalitis die hele brein aantas.

[15]Volgens die mediese model van gestremdheid is gestremdheid die gevolg van siekte, trauma of ’n gesondheidstoestand wat professionele mediese ingryping en sorg verg vir genesing of om dit onder beheer te hou.

[16] Die sosiale model van gestremdheid beskou gestremdheid as ’n kollektiewe sosiale probleem wat grootliks deur die sosiale omgewing self veroorsaak word. Die volledige deelname en aanvaarding van die gestremde individu in die sosiale lewe sonder enige diskriminasie is die doel van hierdie model (Raphael, 2004-2018).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

handel oor genesing vanuit die mediese praktyk (Mitra, 2005:7). Min aandag word gegee aan dít wat gestremdes kan doen in die groter samelewing waarin hulle leef (Shakespeare et al, 2002:19–21). Die mens word as ʼn afhanklike gesien en daar word aangevoer dat net medici die behoefte kan hanteer.

Een van die teologiese modelle (Creamer, 2009:3–4) waarmee ek te make gekry het, bied die volgende oplossing vir die probleem: In die Westerse wêreld is daar ʼn diep gewortelde teologiese beskouing dat gestremdheid, siekte en teëspoed die direkte gevolg is van die betrokke mens se spesifieke sonde. Dit lei tot negatiwiteit teenoor en verwaarlosing van gestremde mense, veral in kerk verband.

Hierdie beskouing gaan hand aan hand met die mediesemodel van gestremdheid: Gestremdheid is ʼn biologiese toestand wat behandel en genees kan en moet word indien moontlik. Indien nie, word die gestremde van sosiale aktiwiteite uitgesluit. Danksy menseregtebewegings[17] is daar egter begin om meer na ʼn sosiaal-funksionerende model te beweeg, waarin gestremdheid bloot as ʼn verswakking/belemmering/benadeling/beskadiging ("impairment") gesien word en die gebrek aan toegang op sosiale gebied as die stremming. (2013:17-19)

Die voordeel van hierdie model is dat sosiale verandering in die guns van die gestremde/anders-toegeruste persoon plaasvind, ongeag of die toestand medies behandelbaar is al dan nie. ʼn Verdere voordeel is dat hierdie model bydra tot die daarstelling van ʼn eiesoortige gestremdheidsideologie, oftewel ʼn eiesoortige kontekstuele hermeneutiese benadering, soos byvoorbeeld feminisme. Vanuit so ʼn eiesoortige benadering kan daar dan opnuut gekyk word na onder andere Bybelse en ander antieke tekste om nuwe insig op die terrein van gestremdheid te bring.

---

[17] Bewegings wat die mense se regte laat seëvier in die sin dat daar op waardigheid en regte gelet word. Die taak van die kerk volgens Charles Villa-Vicencio (1992: 2) is 'n teologiese verantwoordelikheid om geregtigheid te herstel en menswaardigheid asook menseregte te herbevestig binne die beweging.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Magdalene (2007:23–61) verwys na Raphael (2004:399–424), wat teruggekeer het na een van die teologiese modelle, ’n ouer model as die mediese model, soos sy dit in die Bybelse teks van Job vind. Dit het Magdalene (2007:23–61) genoop om haar navorsing terug te skuif na die antieke godsdienstige tekste uit die Nabye Ooste, spesifiek die Mesopotamiese tekste en die boek Job.

Magdalene (2007:23–61)[18] gebruik ’n vergelykende historiese metode om te bewys dat die wortels/oorsprong van die Westerse siening, dat gestremdheid die gevolg van sonde is, te vinde is in die godsdienstige voorskrifte uit die antieke Mesopotamiese tekste en die Bybel, spesifiek Job.

Magdalene (2007:23–61) wil die volgende denkpatroon uitlig: Die gode en hulle voorskrifte is perfek/volmaak/goed. Gestremdheid, siekte en teëspoed is die goddelike straf vir oortreding (sonde) teen hierdie volmaakte goddelike voorskrifte. Is gestremdheid, siekte en teëspoed die morele verantwoordelikheid (skuld) van diegene wat daardeur geraak word. Daar is ’n direkte verhouding tussen die voorhou van voorskrifte en gestremdheid. Magdalene noem dit “Ableist” teologie,[19] wat vooroordeel teenoor die gestremde bring.

Verder wil Magdalene (2007:23–61) aandui dat hierdie siening ook in die Bybel voorkom, in die besonder in die boek Job, waar Satan ’n hofsaak teen Job aanvoor. Dit is ’n pynlike en moeilike ondersoek en Job se vriende bevestig die antieke siening van gestremdheid. Job verdedig homself egter. Verskeie wetlike metafore word gebruik.

Magdalene (2007:23–61) wil bewys dat hierdie beskouing in die kerk van vandag

---

[18] Ander geleerdes maak ook gebruik van dié metode, naamlik Raphael (2004).

[19] Hierdie teologie handel oor ’n tipe diskriminasie teenoor mense wat met gestremdhede leef. 'n Voorbeeld hiervan is as 'n persoon wat lewe met die gestremdheid van hakkel bestempel en geetiketeer word as : "onnosel" vanweë haar of sy spraak-tekortkoming.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

voortleef.[20] Hierdeur wil sy sodanige siening kritiseer deur te bewys dat gestremdheid, siekte en teëspoed nie straf is nie, maar deel van menswees, en dat daar geen teologiese regverdiging is om anders-bevoordeeldes[21] uit die liggaam van Christus te verstoot nie.

Die teologiese model, mediese model en sosiale model verweef in mekaar, soos uitgebeeld hieronder in Figuur 1.

Figuur 1: *Oorvleueling van modelle. Die drie sirkels simboliseer die drie modelle wat oorvleuel.*



[20] Negatiewe beskouings teenoor mense wat met gestremdhede leef, duur vandag steeds in die kerk voort. Die negatiewe beskouings is wanneer mense wat lewe met gestremdheid 'n onreg aangedoen word weens die feit dat daar 'n wanpersepsie heers in die hedendaagse samelewing soos byvoorbeeld 'n gestremdheid is afkomstig vanweë sonde wat deur die ouers of selfs voorouers gepleeg is (Magdalene, 2007: 23-61).

[21] Dit is mense wat anders bevoordeel is in die sin dat hulle voor getrek word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.3.2. Transformasie deur holistiese benadering

Die navorser het baie uit die ondervinding geleer[22]. Die navorser het geleer dat alle modelle nodig is vir ʼn holistiese benadering. Soos Erna Möller (2012:223–224) stel: We want to be an inclusive community where everybody, including people with disabilities, is enabled and free to:

- "Participate in any activity – therefore our buildings and worship services should consider the needs and contributions of people with impairments.
- Serve with their gifts – therefore people with disabilities are an integral part of our programmes, taking leadership roles and making contributions to the enrichment of all members.
- Cultivate reciprocal relationships, friendships and "koinonia" – therefore people with disabilities are not merely the recipients of charity and ministry, but accepted as fellow believers who take full responsibility for their part in enriching relationships.
- We see our (faith) community as a creative space, where the diversity that people with disabilities bring is welcomed and enhanced. Therefore, we live, serve and worship in this space for the purpose of new and growing interaction amongst us all. We respect one another because of the image of God in each other which is not diminished by a different level of physical or intellectual functioning."

Hierdie stelling bied iets van die hoop en menswaardigheid wat op ʼn etiek gegrond is wat die menslike wese laat floreer; dit is my persoonlike doel as navorser, asook die doel van hierdie navorsing om sodoende ʼn meer holistiese beskouing te bevorder.

---

[22] Ondervinding van siektes wat vroeër genoem word. Ek het ook geleer om sin te maak van haar ondervinding en ervaring deur middel van die modelle. Het die modelle 'n sentrale rol vertolk tydens die ondervinding.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.4 Begripsverheldering

1.4.1 'n Prakties-teologiese ondersoek

Heitink (1993:7) definieer praktiese teologie as volg: "Practical theology deals with God's activity through the ministry of human beings". Dit handel egter altyd oor God se *missio Dei*[23] met die mens. In die geval van hierdie studie is dit die wisselwerking tussen God, die gemeenteleiers en die lidmate wat met gestremdhede leef.

Heitink (1993:7) gaan ook verder deur die volgende stelling te maak:

> A practical theology, which chooses its point of departure in the experience of human beings and in the current state of church and society, is indeed characterized by a methodology that takes empirical data with utter seriousness, take these as its starting point and keeps them in mind as it develops its theory.

Hierdie woorde van Heitink dui die wyse van die praktiese teologiese ondersoek aan. Die kern van 'n empiriese ondersoek is om te bepaal wat aan gaan in die praktyk, binne die raamwerk van die teorie as hulpmiddel. Die aanhaling van Heitink stem ooreen met die werke van die drie groot praktiese teoloë naamlik Don Browning, Chuck Gerkin en Hans van der Ven (Osmer, 2008: viii) deurdat dit praktiese teologie as vertrekpunt gebruik binne die verwyssingsraamwerk van 'n ondersoek.

---

[23] God se missie direk vertaal, wat afkomstig is van die Latynse Christelike teologiese term missio Dei. Die missio Dei is meer as die "Great Comission" waarvan Matteus 28:16-20 praat. Dit handel egter oor die betrokkenheid van die gemeenskap en die gemeenskap sluit die mense wat lewe met gestremdheid ook in (Arther, 2013).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.4.2 Rol van gemeenteleiers

Gemeenteleiers word gesien as pasaangeërs, gidse, argitekte, bouers, herders en tuiniers in die raamwerk van praktiese teologie (Frank,2006). ’n Gemeenteleier is een wat nie net hom-/haarself kan lei nie, maar ook ’n groep mense. Dit is die rolspeler in ’n geloofsgemeenskap wat ’n hoopvolle visie en ’n menswaardige missie nastreef. Dit is in ooreenstemming met Gibbs (2009:32) se siening: “The primary goal of the leader is to reconnect ecclesiology[24] and missiology[25] in order that the church be defined first and foremost by its God-given mission”.

Gibbs (2009:140) gaan verder deur die volgende stelling: “Inspiring leaders are ‘embracers’ and ‘includers’”. Die beginsel is juis dít wat gemeenteleiers moet nastreef, veral as dit kom by die agtergeblewe lidmate in die gemeente. Jesus was ook op aarde ’n omhelser (*embracer*) en iemand wat mense ingesluit het (*includer*) en die gemeenteleiers kan deur sy voorbeeld hulle fondasie sterk bou.

Nell (2015: 18) se woorde beklemtoon die hart van die rol van leiers binne die geloofgemeenskap: “…but rather vacation (to help transform society); not stigmatisation of, and separation from, the other but rather the experience of facing the other and, in doing so, facing ourselves – and in the end, hopefully, the Other.”

In die woorde van Nell, word die essensie van die hoop – die passie vir die moontlike (passion for the possible) waarna Reynolds verwys in die boek: Vulnerable Communion. Die roeping op die hoop te laat seëvier is belangrik, juis om die rede moet die leiers van geloofsgemeenskappe hulle hierin anker. Hulle baat daarby en dit bied ‘n lig op hulle pad, hulle wandelroete.

---

[24] Verwys na kerk, asook na die teologiese doktrine wat handel oor die kerk.

[25] Verwys na sendingwetenskap. Die term missie kom van die Latynse woord "mittere" wat beteken om te stuur. Volgens Hôc vięn Phan-xi-cô (2014:6) is missiologie die deurlopende studie of refleksie van die kerk se missio Dei binne die raamwerk van die geskiedenis van sendingwetenskap.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.4.3 Gemeentepraxis en geloofsgemeenskappe

Gemeentepraxis (gemeentepraktyk) het te make met die teorie geïmplementeerde/gebaseerde praktyke van die gemeente wat graag uitdrukking wil gee aan die *missio Dei* en die *imago Dei.*[26] Dit beteken om aktief besig te wees met God se praxis (*missio Dei*) en terselfdertyd as sy beelddraers te leef (Newman & Tada, 1993:27). Die rol en roeping gaan hand aan hand en word volgens Newman en Tada (1993:9–11) gegrond op Jesaja 6:8: “Hier is ek. Stuur my”. Ganzevoort som bogenoemde metafoor as volg op: die gemeenteleier op reis, besig met die voortdurende *missio Dei*.

Geloofsgemeenskappe kan bestempel word as die liggaam van Christus, soos Paulus in beide briewe aan die kerk verwys: 1 Korintiërs 12:12-14 en Efesiërs 4:1-16. Die Geloofgemeenskap as liggaam van Christus bestaan uit verskeie ledemate, metafories gesproke en dit is juis om die rede dat die mens die "ander"[27] ook moet lief hê soos die mens homself of haarself lief het as die kern van die gebod volgens Jesus.

1.4.4 Lidmate met gestremdhede

Louw (2008:83) is van mening dat die wese van lidmate met gestremdhede nie in hulle “doing-functions” gegrond is nie, maar eerder in hulle “being-functions”. Lidmate met gestremdhede word sodoende ŉ hoopvolle en inklusiewe waarde in die geloofsgemeenskap, maar word dikwels as gevolg van hulle gestremdhede gestigmatiseer en selfs uitgesluit. Reinders (2008:188) pleit ook as volg vir die

---

[26] Imago Dei kan direk vertaal word as: "Beeld van God". Dit loop hand aan hand met die teks in Genesis 1:27 "God het die mens geskep as sy verteenwoordigers, as **beeld van God** het Hy die mens geskep..."

[27] Die ledemate wat anders is bevoorbeeld die hand teenoor die voet. Dit wat anders is of lyk in wese maar steeds deel vorm van die liggaam van Christus metafories gesproke.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

insluiting van mense met gestremdhede: “To live a human life properly they must not only be included in our institutions and have access to our public spaces; they must also be included in other people’s lives, not just by natural necessity but by choice”.

In sy studie kom Mdluli (2011:75) tot die gevolgtrekking, wat ook telkens in bydraes tot die (Theology, Disability and Human Dignity Conference, 2011) na vore gekom het, dat daar steeds ’n leemte in die gemeentedinamika tussen leiers en lidmate met gestremdhede bestaan –’n leemte in die sin dat hulle nie inklusief deel is van die gemeentepraxis nie.

Die woorde van Van Zyl, tydens die kongres in Stellenbosch, (Theology, Disability and Human Dignity Conference, 2011) word as motivering vir studie gebruik deur opnuut die interdissiplinêre perspektiewe (teologie, sielkunde en mediese strome) met verwysing na kerkleiers en gestremdhede te ondersoek:

> “This inter-disciplinary perspective affords all the opportunity of better understanding the issues and challenges at hand as well as the possible ways of addressing them. Finally, a conference such as this also creates wonderful networking opportunities for all present and gives participants the opportunity to contribute to addressing the light of people living with disability in three ways: by fostering respect and understanding, by combatting prejudice against those with disabilities and by acknowledging the latter’s enormous potential.”

Die erkenning van die potensiaal van die metafories gesproke ander kan as wegspringpunt gebruik word vir die begripshorison en verstaan van die verhouding tussen mense. Verder ook: behoort mense mekaar te aanvaar. Aan die een kant behoort die mens deel te wees en aktief deel te neem met alles wat in hulle is om die potensiaal van mekaar te ontgin. Nietemin in dieselfde asem behoort die mens ook mekaar te aanvaar deur slegs te wees, in wese voluit te lewe as skepsels van die Skepper.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die bogenoemde aanhaling dra by tot die begripshorison van die rol van leiers in die geloofsgemeenskappe met betrekking tot lidmate met gestremdhede om te bepaal tot watter mate kerkleiers ’n bydrae lewer om diegene met gestremdhede se menswaardigheid te bevestig. Die studie bied geleentheid om mense met gestremdhede beter te verstaan in die raamwerk van die *imago Dei*. Die studie wys diskriminasie op menswaardigheidsvlak uit en poog laastens ook om ’n waardige en hoop gewende ruimte in die aard en praxis van die geloofsgemeenskap te skep.

Op die gebied van praktiese teologie identifiseer Cilliers aangehaal deur Dreyer (2010:5) sewe omvangryke onderwerpe wat aandag verg, naamlik armoede en werkloosheid, MIV/vigs, geweld, misdaad, seksisme, rassisme en die krisis in die familie. Wat egter mis in sy navorsing is die kwessie van gestremdheid. Juis om die rede plaas die navorser gestremdheid as agtste kwessie[28] in die ry. Die onderwerp is daarom ’n wandelroete wat verken moet word.

1.5 Navorsingsvrae

Uit bogenoemde het die volgende vrae na vore gekom:

- Wat is die *vocatio* (roeping) van gemeenteleiers met betrekking tot lidmate met gestremdhede? Watter rol speel ‘sosiale identiteit’ in hierdie prosesse in die modelle asook begrips verheldering en wat kan die moontlik nut van sosiale-identiteitsteorie wees om gemeenteleiers te help met die insluiting van lidmate met gestremdhede?
- Watter hoop gewende Godsbeeld kan bydra tot die verwesenliking van ’n menswaardige en betekenisvolle selfbeeld by lidmate met gestremdhede?

[28] Gestremdheid word veral in Afrika agterwee gelaat weens al die ander dringende en dreigende kwessies. Volgens die organisasie Ramp-up se webblad word 95% van alle mense wat lewe met gestremdheid nie binne die kerk gelaat nie. Die statistiek wek kommer en juis om die rede word dit as die agste kwessie beskou.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

- Op welke wyse kan hoop gewende Godsbeelde by lidmate met gestremdhede in gemeente praxis bevorder word?

Uit hierdie vrae is die hoof navorsingsvraag as volg verwoord: Watter rol kan leiers in geloofsgemeenskappe speel om lidmate met gestremdhede by die geloofsgemeenskap en gemeentepraxis in te sluit?

1.6 Doel van die studie

Die doel van die studie het ŉ praktiese teologiese ondersoek behels na die roeping en rol van kerkleiers in geloofsgemeenskappe met die oog op ŉ groter mate van inklusiwiteit van lidmate met gestremdhede.

1.7 Navorsingsontwerp en -metodologie

Hierdie navorsing het die vorm van ŉ literatuurstudie aangeneem. Op die gebied van praktiese teologie kom verskillende subdissiplines in die loop van die studie ter sprake, waaronder gemeenteleierskap, pastorale sorg, gemeentebediening en gemeenskapsontwikkeling. Bybels-teologies is veral gelet op Ou Testamentiese bronne, met spesifieke verwysing na die boek Job.

Hierdie konsep is verder in die Nuwe Testament ondersoek met spesifieke verwysing na Eiesland (1994:102) se beeld van Jesus as die ‘gestremde God’. Daar is ook interdissiplinêr gekyk na insigte vanuit die sielkunde, met die oog op die konsepte van sosiale identiteit, asook leierskap vanuit ŉ sielkundige perspektief (Eiesland, 1994:102).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die aanpak van die studie was ten diepste hermeneuties.[29] Osmer (2008:11, 22–23) wys op die hermeneutiese dimensie soos deur Gadamer ontwikkel. Gadamer omskryf die hermeneutiese spiraal as die beweging van voor begrip en die besef van tekortkominge in ’n individu se eie voorbegrip na dialoog, ’n versmelting van horisonne en uiteindelik na die toepassing van insigte wat vanuit ’n nuwe begripshorison[30] voortvloei. Die nuwe begripshorison vorm ’n nuwe paradigma en platform waarop verbeteringe en aanbevelings voortgebou kan word.

Metodologies sluit die navorser veral aan by Swinton en Mowat (2006:51–52), wat weer gebruik maak van Ritchie en Lewis (2003) se uiteensetting om die navorsingsfunksies[31] te identifiseer. Die funksies het gehelp met die ondersoek van die studie.

1.7.1 Deskriptiewe kontekstuele fase

Die agtergrond van die studie word beskryf aan die hand van die metafoor van Ganzevoort (2009:1–2), waar die leier as ’n gids in die woud beskou word. Om ’n weldeurdagte keuse te maak oor die ‘wandelroete’, moet die samestelling van die groep in ag geneem word. In hierdie verband is Osmer (2008:35) se aanhaling van Keck (1978: 62) insiggewend: “One must enter their lives to the point that one begins to feel what they feel”. Dit bied ’n deskriptiewe kontekstuele begrip van die aard van

---

[29] Die betekenis van hermeneutiek is dat dit handel oor interpretasie, spesifiek gefokus op Bybelse tekste literatuur, metodes en teorie. Met ander woorde kan hermeneutiek gedefinieer word as die teorie of metodologie van interpretasie. Die herkoms van hermeneutiek is van die Griekse woord "hermēneutikos" wat interpretasie beteken.

[30] Die begripshorison kan besou word as 'n prinsiep wat inligting bevat en verdere persepsies veroorsaak in verskeie sfere waar Christene lewe volgens Gerkin (19886:61)

[31] Die navorsingsfunksie behels die volgende, die korrekte ontwikkeling van konsepte, praktyke en teorie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die situasie. Hoofstuk 2 bied deeglike raamwerk vir die deskriptiewe kontekstuele fase.

1.7.2 Verklarende interpretatiewe fase

Die navorser het oor spesifieke situasies, menslike ervarings, wetenskaplike teorieë en sentrale begrippe besin en dit geïnterpreteer. Osmer (2008:39–41) gebruik ook die beeld van die pastoor as interpretatiewe gids om die wetenskaplike en sosiale teorieë as rigtingaanwysers op die wandel roete gebruik. Die funksie is deel van die proses om ʼn samevattende geheelbeeld vanuit verskeie perspektiewe te vorm. Hoofstuk 3 en en 4 verwys deeglik na die gedeelte.

1.7.3 Normatiewe evaluerende fase

In hierdie fase word daar op teologiese konsepte gefokus. Die rol wat leiers behoort te speel om lidmate met gestremdhede se Godsbeeld te transformeer, word in diepte ondersoek teenoor die maatstaf of standaard wat aan gemeenteleiers gestel word. God as ʼn 'gestremde God' word in diepte vanuit sowel Ou as Nuwe Testamentiese perspektiewe ondersoek en as maatstaf uitgebrei. Die gedeelte word deeglik verduidelik in hoofstuk 5.

1.7.4 Pragmatiese fase

In die laaste fase in hoofstuk 6 word ʼn raamwerk uiteengesit wat ʼn aantal praktiese voorstelle vanuit die teoretiese besinning bied. Mens sou dit ook as strategiese stappe vir die 'nuwe wandelroete' kon beskou. Die rol van die leier kan alleenlik in die praktyk vervul word indien hy/sy bewus is van die sentraliteit van sy/haar posisie (soos omskryf deur die sosiale-identiteitsteorie), asook die waardigheid van mense met gestremdhede.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.8 Die maatstaf

Meer as 10% van die wêreldbevolking val onder die kategorie gestremd. Juis vanweë hierdie feit word ’n hoop gewende teologie, ’n blye boodskap en waardige woord, vir diegene met gestremdhede verlang (Hull, 2001:228; Stein, 2007).

Yong (2011:147) beklemtoon die kernpunt, naamlik die wisselwerking van die uitgebreide metafoor van die gids, woud en wandelroete. Hy spoor geloofsgemeenskappe aan om stigmatisering teenoor diegene met gestremdhede aan te pak en so ver moontlik te elimineer. Hy daag geloofsgemeenskappe ook uit om hierdie roete op ’n inklusiewe wyse aan te pak.

Die teologiese argument lê volgens Ganzevoort (2009:4) in die gedagte van “tracing the Divine”, of anders gestel, “tracing the Sacred”. Hy gaan verder met die teologiese argument deur die vier werkwoorde “travelling, following, studying and sketching” as hulpmiddels vir die soektog te beskryf. Gevolglik kry ’n mens ’n “glimpse of the theological fragments” waarna Forrester, ‘n spesialis in die veldgebeid, verwys (Ganzevoort, 2009:4).

As gidse op die wandelroete het leiers die verantwoordelikheid om die fragmente saam te voeg en ’n konstruktiewe Godsbeeld te help vorm wat toepaslik is vir lidmate met gestremdhede. Aan die hand van Eiesland (1994:102), Louw (2008:97–104), (2007), Schipper (2011), Raphael (2004), Yong (2011) en Mdluli (2011:20–24) word die Godsbeelde van die lydende dienskneg en gestremde God in meer diepte ondersoek. Eiesland (1994:102) skryf in dié verband: “The disabled God who embodied both impaired hands and feet and pierced side and the Imago Dei ... our body participates in the Imago Dei, not in spite of our impairments and

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

contingencies, but through them". Hierdie woorde van Eiesland som die hart van die teologiese aard[32] van die studie op.

Soos Moltmann tereg wys: "A church without dysfunctional people is a dysfunctional church." (1992:192–195). Eiesland en Moltmann sien, erken en ontgin beide die potensiaal van die mense wat lewe met gestremdhede in die sin dat hulle deur God se metaforiese bril[33] na diegene kyk en sodoende hulle as deel van ons, die mensdom beskou.

Die voorafgaande paragrawe is van die hoofuitgangspunte wat gebruik word om gemeenteleiers toe te rus met die nodige vaardighede wat handig te pas kom in die wandelroete vorentoe. Gemeenteleiers dra 'n groot verantwoordelikheid teenoor God en die gemeente wat verder in die hoofstukke dieper uiteen gelê gaan word.

1.9 Hoofstukindelings

Hoofstuk 1: Inleiding tot die studie, agtergrond en motivering, navorsingsprobleem, navorsingsvrae, navorsingsontwerp en navorsingsmetodologie.
Hoofstuk 2: Literatuurstudie: verklaring van kernkonsepte soos praktiese teologie, leierskap, rol en roeping van leiers in geloofsgemeenskappe, sosiale identiteit, lidmate met gestremdhede, hoop, Godsbeelde en menswaardigheid.
Hoofstuk 3: Navorsing aan die hand van sekondêre literatuurstudies met verwysing na voorbeelde, gevallestudies asook die vier hoofstroom kerke se beleide in Kanada en die rol wat gemeenteleiers binne die paradigma en sfeer vertolk.

---

[32] Die hart van die teologiese aard word in Eiesland se woorde vas gevang, nie weens die uitkyk vanuit 'n sekulêre uitkyk op dit wat 'n mens kan doen nie, maar eerder in die wese van dit wat 'n mens is ten spyte van 'n mens se tekortkominge en gebeurlikhede. Die mens is geskape in die beeld van God nie op gronde van die mens se identiteit en doen en late nie, maar op grond van wie God is en wat hy vir die mens gedoen het. Die mens dien die Here ook as gevolg hiervan.

[33] Die metaforiese bril verwys na die manier waarop die mens die wêreld beskou.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4: Interpretasie van data, insigte en dialoë met ander wetenskappe, ondersoek van die kernkonsepte aan die hand van die sosiale-identiteitsteorie en mediese, sosiale perspektiewe.
Hoofstuk 5: Normatiewe besinning deur die Bybels-teologiese perspektiewe en insigte vanuit die Ou en Nuwe Testament.
Hoofstuk 6: Gevolgtrekking: die rol van leiers geherdefinieer in ’n raamwerk van praktiese teologie met spesifieke verwysing na lidmate met gestremdhede, evaluering en aanbevelings rakende leemtes. Bronnelys.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 2

Literatuurstudie en literatuuroorsig

2.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om ’n teoretiese raamwerk te ontwikkel deur middel van die literatuuroorsig om die kernkonsepte wat in die studie gebruik word uiteen te sit en te verduidelik. Daar word in meer besonderhede na die konsepte gekyk voordat daar in die volgende hoofstuk aandag geskenk word aan die gevallestudie deur die lense van hierdie teoretiese konsepte. Die literatuurstudie gee ’n breë oorsig oor die gebied van ondersoek, wat dan as agtergrond dien wanneer daar verder op die spesifieke probleem vraag gefokus word. Daar word na die verskillende aspekte en konsepte gekyk om te sien op watter wyse hierdie konsepte kan help om die hoof navorsingsvraag te beantwoord, naamlik “Watter rol kan leiers in geloofsgemeenskappe speel om lidmate met gestremdhede by die geloofsgemeenskap en gemeente *praxis* in te sluit”?

2.2 Praktiese teologie

Aangesien hierdie studie op die gebied van praktiese teologie geskied, is dit nodig om enkele konsepte in hierdie gebied in meer besonderhede te verken. Die kernkonsepte word deeglik in die volgende gedeelte bespreek en uiteengesit.

2.2.1 Agtergrond van praktiese teologie

Een van die eerste vaders van praktiese teologie was Friedrich Schleiermacher, wat in die 1800’s die dissipline in die konteks van ’n universiteit as ’n selfstandige studiegebied gevestig het. Na sy mening was praktiese teologie die kroon van alle

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

teologiese dissiplines, omdat al die ander gebiede in die teologie tot die sogenaamde praxis van teologie bydra (Pattison & Lynch, 2005:409).

Schleiermacher het die beeld van ’n boom gebruik om praktiese teologie op die gebied van die teologie te beskryf. Teologie se wortels, het hy aangevoer, lê in die filosofiese teologie. Daarna gaan dit oor na die stam van die boom, wat die historiese, biologiese, sistematiese en etiese komponente van die Christelike teologie insluit. Die takke en die kroon van die teologiese wetenskap is dan die praktiese teologie. Laasgenoemde sluit onder andere die kerkleiers en die holistiese funksionering van die gemeente, wat die spesifieke fokus van hierdie studie is, in (Pattison & Lynch, 2005:409).

Burkhart (1983:43) is een van diegene wat hierdie insigte en gedagtes van Schleiermacher ondersteun, maar daar is wel heelwat kritiek teen Schleiermacher se benadering oor die afgelope twee eeue gelewer. Nie almal is so opgewonde soos hy oor die rol van praktiese teologie nie, aangesien dit volgens moderne praktiese teoloë gelei het tot die sogenaamde professionalisering en klerikalisering van praktiese teologie, waar daar net op die rol van kerkleiers gefokus word en die rol van gewone gelowiges en gemeentes dikwels uit die gesigsveld verdwyn (Burkhart, 1983:43; Carter, 2007:33).

2.2.2 Definisie van praktiese teologie

Ten spyte van die kritiek wat dikwels teen Schleiermacher se benadering gelewer word, vind ek sy siening van praktiese teologie tog nuttig vir my studie. Na sy mening is praktiese teologie die wetenskap van die kerk se bestuur, leierskap en onderrig (Pattison & Lynch, 2005:410). Burkhart (1983:43) ondersteun ook Schleiermacher se perspektief wanneer hy skryf: “Practical Theology is, ultimately, the imaginative, futurist discipline par excellence” (Schleiermacher;1990:7).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Osmer (2008) gebruik weer die metafoor van ’n brug om praktiese teologie te beskryf. Die brug verbind die teoretiese aspekte met die praktyk; dit is ’n tussenganger tussen verskeie gebiede. In die geval van hierdie studie bied praktiese teologie dan ’n brug tussen die teorie en die praktyk om kerkleiers by te staan in die skep van ’n ruimte van inklusiwiteit vir lidmate met gestremdhede (Osmer, 2008:12–14). In dié verband vind ek veral sy siening van die predikant of pastoor as ‘hermeneutiese gids’ van besondere waarde (Osmer, 2008:12–14). Daarmee beklemtoon hy dat die praktiese teologie ten diepste ’n hermeneutiese dissipline is waarin mense en gemeenskappe voortdurend besig is met die prosesse van interpretasie. Daar word na die empiriese werklikheid van geloofshandelinge gekyk en na die onderliggende redes en motiewe vir hierdie handelinge gesoek.

Swinton en Mowat (2006:6) definieer praktiese teologie as volg:

> “Practical theology is critical, theological reflection on the practices of the Church as they interact with the practices of the world, with a view ensuring and enabling faithful participation in God’s redemptive practices in, to and for the world.”

Uit hierdie definisie is dit duidelik dat hulle weer die *missio Dei* beklemtoon deur na die menslike ervaring en die rol wat God in die mens se lewe speel, te verwys. Praktiese teologie is ingewortel wanneer die gemeentepraxis in die lig van die koninkryk van God bestudeer word. Met ander woorde, dit gaan hand aan hand met die *missio Dei* van God in en vir die wêreld, soos wat Swinton en Mowat tereg in hulle definisie wys. Die studiegebied handel oor die praxis van die gemeente in die ruimte van aanbidding en die gemeente se funksionering.

Volgens Heitink (1993:149) is praktiese teologie ’n teologie van aksie, en juis om hierdie rede kom die woord ‘praxis’ so gereeld in die definisie van praktiese teologie voor. Osmer (2008) gaan verder deur die wisselwerking tussen konteks en praxis te beklemtoon. Volgens Cahalan & Mikoski fokus praktiese teologie direk op die huidige konteks en die praxis wat verband hou met die transformasie van albei

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

(Cahalan & Mikoski, 2014:61). Cahalan en Mikoski definieer praktiese teologie deur te praat van ’n gesprek, gebied, kaart, dissipline of diskoers (Cahalan & Mikoski, 2014:271).

Om al die bogenoemde saam te vat, blyk dit duidelik dat praktiese teologie ’n wisselwerking tussen teorie en praktyk is, met die uiteindelike doel om albei te transformeer deur die diskoers waarin albei tree om op die uiteinde die *missio Dei* uit te voer. Die transformering van die teorie en praktyk behels ’n konstruktiewe verskil van hoop en menswaardigheid. Dit sluit aan by die gedagtes van Cahalan en Mikoski: “Practical theologians hope to make a difference in the lives of faith communities they belong to and serve” (2014:273). Dit was die doel van die studie om ’n platform te skep waar die agtergeblewe stem van die lidmate wat met gestremdhede leef deur die gemeenteleiers as tussenganger gehoor word.

Die twee konsepte wat na vore gebring word asook beklemtoon word in die bogenoemde aanhaling is eerstens die konsep van hoop en tweedens die konsep van menswaardigheid. Die hoop transformeer die teorie en praktyk in die sin dat dit 'n positiewe klemverskuiwing maak van die verlede en die hede na die verwagtende toekoms[34], metafories gesproke. Die twee woorde van Cahalan en Mikoski "belong" en "serve" kan saam met menswaardigheid verbind word in die sin dat dit die crux van menswaardigheid saamvat naamlik: om te behoort en te dien.

[34] 'n Toekoms word vergelyk met die beeld van 'n verwagting: iemand wat op pad is, in die sin is die die koms van die Here waarna die mense op aarde uitsien waarvan Johannes in Openbaring praat.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.2.3 Praktiese teologiese en die rol van die *vocatio* van gemeenteleiers

Dreyer (2010:1–2) besin oor praktiese teologie in Suid-Afrika en vra die vraag: "Waar kom dit vandaan en waarheen is dit op pad?" Na sy mening gaan dit nie in die eerste plek oor die behoud van die identiteit van die vakgebied nie, maar eerder oor die vervulling van die *vocatio* (roeping) in die spesifieke konteks van Suid-Afrika. Anders gestel, vir Dreyer lê die kern van die uitdaging vir praktiese teologie nie daarin om die dissipline se identiteit te versterk in ʼn konteks waar grense onduidelik word nie, maar eerder om te assesseer of praktiese teologie sy regmatige rol in die konteks van Suid-Afrika vervul.

Die gebied van praktiese teologie is kompleks en divers en in hierdie hoofstuk word daar slegs op een aspek gefokus, om sodoende tot beter begrip van die geheelbeeld en ook van die dinamiek van die gebied te kom. Die grootste uitdaging vir praktiese teologie is die konstante veranderinge in die breër konteks van die lewe in die algemeen, wat weer ʼn direkte invloed op die gebied van praktiese teologie het.

Dreyer se hoofargument in sy referaat getiteld "Practical theology in South-Africa: Recent developments and new challenges" (2010:5) is om te aan te dui waar praktiese teologie vandaan kom en waarheen dit op pad is in die konteks van die akademie, en meer spesifiek, in praktiese teologiese navorsing. Hy bou sy argument op sy eie persoonlike ondervinding as kenner op die gebied en doen ʼn literatuurstudie wat sy argument verder versterk. In die volgende afdelings fokus ek in meer besonderhede op enkele van die begrippe in praktiese teologie .

Eerstens kom die teologiese argument van *vocatio* eksplisiet in die literatuur na vore. Die argument bou op die teologiese pilaar van *vocatio* en *missio Dei*. Om aktief deel te wees van die *missio Dei* is die mens se roeping. Praktiese teologie se roeping in dié verband is om sin en betekenis aan verskillende kontekste, insidente, episodes en handelinge te gee deur dit te interpreteer, te evalueer en te transformeer. Hierin

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

lê die hart van die praktiese teologiese roeping (Bosch, 1991:389; Osmer, 2008:13–15).

Tweedens vind mens ook die rol van teologiese identiteit in die vraag: Waar kom praktiese teologie vandaan en waarheen is dit op pad? In dié verband gaan dit oor hoe om die identiteit van die Christelike tradisie te behou, maar ook om bedag te wees op die belang van transformasie in die lig van die hede asook die toekoms. Die roeping van praktiese teologie speel ook hier ’n belangrike rol, naamlik die noodsaaklikheid van ’n gewortelde identiteit wat met vlerke van vernuwing kan sweef. Die “*roots and wings*”-metafoor van Kritzinger (2010:211–215) druk hierdie proses baie goed uit.[35]

Soos in afdeling 1.4.4 gestel, identifiseer Cilliers aangehaal in Dreyer (2010:4–5) sewe groot kontekstuele uitdagings op die gebied van praktiese teologie wat in die Suid-Afrikaanse samelewing aandag verg, naamlik armoede en werkloosheid, MIV/vigs, geweld, misdaad, seksisme, rassisme en die krisis in die familie. Daarbenewens plaas navorsers soos Jean Vanier, Frances Young, Brett Webb-Mitchell, Nancy Eiesland, Stanley Hauerwas, Hans Reinders, Deborah Creamer, Kathy Black, Julie Claassens, Tom Reynolds en Amos Yong gestremdheid as agtste reus in die ry (Brock & Swinton, 2012:4). Die onderwerp is daarom ’n wandelroete wat verken moet word.

[35] Die metafoor van Kritzinger dui op die volgende twee aspekte eerstens, dit is gewortel in ‘n gegewe aspek soos byvoorbeeld identiteit maar ter selfde tyd is daar ook ruimte vir transformasie en dit is die tweede aspek wat op die vlerke dui.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.3 Leierskap

Leierskap word op verskillende maniere gedefinieer,[36] maar kortliks is dit vanuit die perspektief van sosiale identiteit[37] 'n proses van sosiale invloed waar die een persoon die ander ondersteun om 'n gemeenskaplike taak te verrig en 'n gesamentlike doel te bereik. Die leier is iemand wat die ander dien en as voorbeeld vir die groep leef (Haslam, Reicher & Platow, 2011:45).

Leierskap is nie bloot 'n verhouding tussen die leier en die volgelinge nie, maar handel oor die verhouding in 'n sosiale groep. Die groep se identiteit lê in die 'ons' en die ons gee uitdrukking aan die identiteit van die groep (Haslam *et al*., 2011:45).

Suksesvolle leierskap vanuit hierdie perspektief hang grootliks af van die konteks waarin die leier die volgelinge lei en dien. Die konteks speel daarom in hierdie benadering 'n baie belangrike rol. In hierdie studie verwys die konteks spesifiek na die geloofsgemeenskap en die kerk. Die sukses van 'n leier hang nie net af van die gehalte van die persoon se karakter nie, maar ook van die gehalte van die verhoudings tussen die leier en die volgelinge. Leierskap so gesien het dan te make met die transformasie van sosiale realiteite (Haslam *et al*., 2011:45).

'n Mens kan nie na leierskap verwys sonder om na die werke van Nell te verwys nie. Nell (compassionate artikel) beklemtoon die belangrikheid van leiers in die veld van Praktiese Teologie deur die volgende eienskap aan hulle te heg – om deernis te hê.

---

[36] Walter Wright (2000:2) definieer leierskap as volg: "By leader we mean one who holds the position of authority and responsibility … Leadership is a relationship – a relationship which one person seeks to influence the thoughts, behaviours, beliefs and values of another person". Deur hierdie definisie blyk dit duidelik dat 'n leier iemand is wat in 'n posisie met gesag en verantwoordelikheid die belange van ander vooropstel.

[37] Hierdie siening van leierskap kom vanuit die perspektief van sosiale-identiteitsteorie, wat verder in hierdie studie meer volledig bespreek word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Nell verwys na Banks en Ledbetter se insiggewende definisie van leierskap wat ook die aard van leierskap se visie en missie saamvat:

Leadership involves a person, group or organisation who shows the way in an area of life – whether in short- or long term – and in doing so both influences and empowers enough people to bring about change in that area. (Banks & Ledbetter 2004:16)

Hierin ontsluit Nell die essensie van leiers wat lewe met deernis – 'n "compassionate" leier. 'n Leier word as 'n voorloper gesien wat baanbrekers werk doen. Op die terrein van Gestremdheidsteologie het die geloofsgemeenskap juis die leiers nodig wat 'n konstruktiewe verandering voort bring. 'n Beweging van die hart, 'n beweging van deernis en 'n beweging van inklusiwiteit wat transformasie binne die area in die kerk bewerkstellig.

Tydens 'n *Theology, Disability and Human Dignity Conference* (Stellenbosch, October 2011) op Stellenbosch het Reynolds (2013:17–29) die voorstel gemaak dat die kerk meer betrokke behoort te raak by lidmate met gestremdhede. In die kerk rus daar myns insiens 'n groot verantwoordelikheid vir die versorging van lidmate met gestremdhede op die kerkleiers, wat in die sosiale groep (gemeente) die lede tot die taak van gasvryheid teenoor die ander kan lei. Daar is myns insiens 'n paar belangrike redes waarom ek reken dit die geval behoort te wees:

Eerstens het die kerk die hulpbronne om inligtingsessies te reël wat die gemeentelede se bewuswording van lidmate met gestremdhede kan uitbrei. Sodoende word die gemeente getransformeer tot 'n ingeligte gemeente teenoor lidmate met gestremdhede.

Tweedens het die kerk ook 'n taal van bevryding en versoening. Die leiers het die vermoë om die taal in die kerk só te gebruik om 'n inklusiewe atmosfeer te skep teenoor diegene wat op verskillende maniere gestremd is, om hulle op 'n besondere wyse tuis te laat voel in die geloofsgemeenskap. Claassens (2013:55) verduidelik in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

hierdie verband dat daar ’n nuwe tipe taalgebruik ontwikkel moet word wat meer inklusief is.

In al bogenoemde aspekte sien ’n mens die leier se enorme potensiaal ten opsigte van die skep van ’n inklusiewe ruimte vir diegene wat anders is in dié verband – spesifiek lidmate met gestremdhede. Die andersheid word nie as uitsondering gesien of negatief beoordeel nie, maar as deel van die “Holy Other”[38] waarvan McClure (1995:20) praat as hy na die ander verwys. Die Heilige Ander sluit die Drie-enige God in, wat altyd in berekening gebring moet word as daar oor die ander gepraat word.

2.4 Sosiale-identiteitsteorie

Sosiale-identiteitsteorie is deur twee Europese navorsers, Henri Tajfel en John Turner, ontwikkel. Hulle het in die 1970’s en 1980’s hierdie teorie in samewerking met verskeie ander navorsers ontwikkel. Die teorie het ten doel gehad om vanuit ’n sielkundige perspektief die wortels van intergroepdiskriminasie te verduidelik en te ondersoek. Tajfel en Turner (1979:47) wou die minimale omstandighede probeer identifiseer wat veroorsaak dat die lede van die een groep ten gunste van die sogenaamde ‘in-groep’ teenoor die sogenaamde ‘uit-groep’ kies, met ander woorde pro die in groep en anti uit-groep. Hulle fokus was op die faktore wat ’n rol speel in groepvorming en waarom mense verkies om tot een groep te behoort en nie tot ’n ander nie. Tajfel en Turner (1979:47) stel dit soos volg: “It is a sense of self associated with awareness that one belongs to a particular social group and that this group membership is important and meaningful”.

Hierdie outeurs gebruik die konsep ‘sosiale identiteit’ om te beskryf hoe mense verstaan wie hulle is en hoekom hulle doen wat hulle doen. Volgens sosiale-

[38] Die “Holy Other” verwys na die Drie Eenheid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

identiteitsteorie klassifiseer mense hulself en ander in sekere in- en uit-groepe. Die vraag wat dié outeurs vra is: Hoekom raak lede deel van ’n groep? Die antwoord blyk te wees as gevolg van ’n gevoel van gemeenskaplike samehorigheid. Mense voel positief as ander lede ook hulle norme en waardes deel. Volgens Tajfel en Turner. (1979:48) raak mense deel van die groep omdat hulle ’n vrye keuse het. Die lede verbind hulself uit vrye wil aan die groep en wy hulle toe aan die groep se norme, voorskrifte en doelwitte.

Die groep het die inherente vermoë om die wêreld waarin hulle funksioneer te transformeer deur die verskeie individue wat ’n eenheid vorm. Die transformasie kan positief van aard wees en ook toegepas word in geloofsgemeenskappe, maar dié aspek word later in die studie in meer diepte ondersoek.[39] Die doelgerigte groepsgedrag gee aanleiding tot transformasie en maak sodoende ’n paradigmaskuif moontlik. Sosiale identiteit is volgens Tajfel en Turner die kognitiewe meganisme wat groepsgedrag moontlik maak (1979:47). Met betrekking tot mense met gestremdhede sou die uitdaging wees om die grense van die groep sodanig te verskuif dat dit ook hierdie lede van die gemeenskap insluit. Volgens McLeod is daar drie stadia van kognitiewe prosesse wat die ‘ons’ en ‘hulle’ in kategorieë plaas (McLeod, 2008).

Figuur 2: *Drie stadia van kognitiewe prosesse*

[39] In hoofstuk ses word die transformasie van die studie in diepte uitgelê.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Selfkategorisering (sien Figuur 2 hierbo) is wanneer ’n mens ’n objek identifiseer om dit te klassifiseer. Die doel van hierdie proses van selfkategorisering is om te poog om die sosiale omgewing te verstaan en jou plek in die stelsel te vind. ’n Voorbeeld hiervan is klassifikasies soos wit, swart, Jood, Christen, student, mens met ’n gestremdheid, ensovoorts (Haslam *et al*., 2011:52).

Namate ’n mens mense kategoriseer, leer en verstaan jy meer van die gegewe individu, byvoorbeeld ’n student wat aan ’n sekere universiteit studeer en in ’n sekere koshuis bly en ’n spesifieke kursus volg. Soortgelyk vind ’n mens ook meer van jouself uit in ’n bepaalde groep waarin jy geklassifiseer is. ’n Mens vind ook meer uit oor die norme van die groep waarin jy is om sodoende meer van mekaar te leer, byvoorbeeld ’n gestremde Joodse student wat regte studeer. Een mens kan uit die aard van die saak aan verskillende groepe behoort (McLeod, 2008).

Die tweede proses is dié van self-identifisering, waar die mens die identiteit van die groep waaraan jy behoort, aanneem. Met ander woorde, ’n mens konformeer tot die groep se waardes en norme. Jou selfbeeld word deur die groep bepaal.

Die finale fase in die proses is dié van self vergelyking. Wanneer ’n mens aan ’n groep behoort, is jy geneig om die groep en die mense in die groep met die ander ‘uit-groepe’ te vergelyk. Om hierdie selfwaarde positief te handhaaf, is dit vir die groep noodsaaklik om positief met ander groepe vergelyk te word. Indien nie, ontstaan vooroordeel teenoor ’n ander groep, wat die groepe dan in vyandige mededinging teenoor mekaar plaas en wat dikwels tot negatiewe stereotipering lei (McLeod, 2008).

Hierdie konsep kan ook met vrug in die kerk en die geloofsgemeenskappe toegepas word indien die gemeenteleiers bewus is van hoe hierdie prosesse werk. Hauerwas (2001) is van mening dat die skeiding tussen ‘ons’ en ‘hulle’ verskeie teologiese implikasies het. Vrees is onder andere een van die redes waarom die uit-groep op ’n afstand gehou word. Sodra raakpunte teëgekom word, begin ’n verskuiwing in die gedagtes van die ons-groep plaasvind. Dié verskuiwing bring nuwe insigte; die ons-

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

groep besef dat hulle behoeftes het wat die ander groep of uit-groep kan vervul en sodoende word die grens tussen 'ons' en 'hulle' oorskry. Hauwerwas stel dit as volg: "As a result we discover we no longer fear them" (2001:573).

2.5 Gestremdheid

Gestremdheid het as gevolg van verskeie redes oor die afgelope twee dekades mense se aandag begin trek. Daar is wêreldwyd 'n geweldige fokus op 'andersheid'. Gestremdheid speel 'n groot rol in hierdie andersheid. Ons vind 'n verskeidenheid publieke diskoerse oor die term 'gestremdheid', en daarom kyk ek nou na enkele aspekte van wat gestremdheid behels.

Gestremdheid dui op 'n fisiese of kognitiewe en verstandelike toestand wat 'n persoon se beweging, sintuie en aktiwiteite inhibeer. Die Wêreldgesondheidsorganisasie (Geiger, 2013:93) definieer gestremdheid as volg:

> A disability is a condition or function judged to be significantly impaired relative to the usual standard of an individual or group. The term is used to refer to individual functioning, including physical impairment, sensory impairment, cognitive impairment, intellectual impairment, mental illness, and various types of chronic disease.

Erik Carter (2007:2) definieer ontwikkelingsgestremdheid as volg: Dit is 'n etiket wat 'n groot diverse groep mense insluit wat dikwels wesenlike probleme ervaar in noodsaaklike lewensaktiwiteite soos beweeglikheid, mobiliteit, selfversorging, taalgebruik, sosialisering, skolastisiteit en onafhanklikheid. Hierdie persone se gestremdheid is kognitief en/of fisies, wat hulle dan lewenslank hulpbehoewend hou. Rofweg bereken, val 20% van alle kinders onder 18 in die VSA onder hierdie etiket (Conner, 2012:2–3).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Raphael (2004:339) maak gebruik van verskeie teorieë (van onder andere Habel, Murphy, Janzen, Good, Gordis en Newson)[40] en modelle en beweeg verder as die mediese en funksionele samelewingsmodelle van gestremdheid. Sy stel die derde model, die teologiese model, voor. Die teologiese model is na haar mening die oudste model en die model met die grootste invloed op die Westerse samelewing se siening van gestremdheid. Hierdie model is volgens Raphael (2004:399–424) egter die een wat die minste gebruik word. In die volgende afdeling word hierdie model in meer besonderhede bespreek.

Raphael (2004) het moderne studies oor gestremdheid (meestal op die gebied van die sosiologie) en die pre-moderne/antieke teks saam as interdissiplinêre dialoog tussen twee gebiede (sosiologie en teologie) bestudeer. Sodoende probeer sy om nuwe insigte ten opsigte van gestremdheid te ontwikkel. As vertrekpunt kies sy die oudste klassieke teks in haar teologiese model, naamlik die Ou Testamentiese boek Job. In Job fokus sy op die oermonsters[41] en die Godsprake en beweeg na die uitwerking wat dit op gestremdheid het.

Die probleem wat Raphael aanpak, is dat daar in die Westerse wêreld ŉ diepgewortelde teologiese beskouing is dat gestremdheid, siekte en teëspoed die direkte gevolg is van die betrokke mens se spesifieke sonde: Siekte is straf vir sonde. Dit lei tot negatiwiteit teenoor en verwaarlosing van gestremde mense, veral in kerkverband (Raphael, 2004:399–424).

Hierdie beskouing van Raphael gaan hand aan hand met die mediese model van gestremdheid, [die biologiese siening wat op behandeling en genesing dui]. Indien genesing nie moontlik is nie, word die gestremde uitgesluit van sosiale aktiwiteite. Soos in afdeling 1.3 verduidelik, word daar danksy menseregtebewegings meer na ŉ sosiaal-funksionerende model beweeg, waarin gestremdheid bloot as ŉ

---

[40] Daar is verskeie modelle deur die kenners gebruik.

[41] Die oermonsters verwys na die seekoei en die krokodil.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

verswakking/belemmering/benadeling/beskadiging gesien word en die gebrek aan toegang op sosiale gebied as die stremming (Raphael, 2004:399–424).

Die voordeel van hierdie model is dat sosiale verandering ten gunste van die gestremde/anders-toegeruste persoon sal plaasvind, ongeag of die toestand medies behandelbaar is al dan nie. ʼn Verdere voordeel is dat hierdie model bydra tot die daarstel van eiesoortige kontekstuele en hermeneutiese benaderings, soos feminisme.[42] Vanuit sodanige benaderings kan daar dan opnuut na onder andere Bybelse en ander antieke tekste gekyk word om nuwe insig op die gebied van gestremdheid te bring.

Magdalene (2007:26) gebruik ʼn vergelykende historiese metode om te bewys dat die wortels/oorsprong van die Westerse siening, naamlik dat gestremdheid die gevolg van sonde is, te vinde is in die godsdienstige voorskrifte uit die antieke Mesopotamiese tekste en die Bybel, spesifiek in die boek Job, en dan veral soos verwoord deur Job se vriende.

Magdalene (2007:52) wil die volgende denkpatroon uitlig: Die gode en hulle voorskrifte is perfek/volmaak/goed. Gestremdheid, siekte en teëspoed is die goddelike straf vir oortreding (sonde) teen hierdie volmaakte goddelike voorskrifte. Gestremdheid, siekte en teëspoed is die morele verantwoordelikheid (skuld) van diegene wat daardeur geraak word. Daar is met ander woorde ʼn direkte verhouding tussen die oortreding van voorskrifte en gestremdheid. Magdalene noem dit “Ableist” teologie, wat vooroordeel bring teenoor die gestremde.

---

[42] Volgens Joyce Ann Mercer moet die aspek van feministiese praktiese teologie nie agterweë gelaat word nie: “Feminist practical theology is a type of practical theological scholarship, teaching, and action that explores the intersections of gender, diverse woman’s experiences, and lived religious practices as it seeks flourishing of women” (Cahalan & Mikoski, 2014:97). Die beginpunt van hierdie tipe teologie is gewoonlik die konkrete struwelinge van vroue in ʼn sekere konteks, soos byvoorbeeld die konteks van gestremdheid. Vroue wat met gestremdhede leef, word soms dubbel benadeel in die sin dat hulle ʼn vrou is en ook ʼn mens is wat met gestremdheid leef. Die rol van feministiese praktiese teologie is om die huidige onregverdigheid te transformeer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Verder wil Magdalene (2007:54) aandui dat hierdie siening ook in die Bybel voorkom, in die besonder in die boek Job, waar Satan ŉ hofsaak teen Job aanvoor. Dit is ŉ pynlike en moeilike ondersoek en Job se vriende bevestig die antieke siening van gestremdheid. Job verdedig egter homself en verskeie wetlike metafore word gebruik.

Magdalene wys verder daarop dat hierdie beskouing vandag nog in baie kerke voortleef. Sy wil egter hierdie beskouing bestry deur daarop te wys dat gestremdheid, siekte en teëspoed nie straf is nie, maar deel van menswees, en dat daar geen teologiese regverdiging is om anders-bevoordeeldes uit die liggaam van Christus te verstoot nie (Magdalene, 2007:59).

Reinders (2013:31–42) beaam dat die meeste teologiese kringe steeds die negatiewe siening van kousaliteit[43] aanhang. Selfs in die Nuwe Testament word die verbintenis tussen sonde en gestremdheid in ŉ negatiewe lig beklemtoon. In Lukas 5:18–26 en Johannes 5:14 word die idee van kousaliteit (oorsaak en gevolg, wet, straf en sonde) steeds beklemtoon. Die deurbraak kom na vore in Johannes 9, waar die fokus wegskuif van sonde na die glorie van God. Die glorie van God[44] is deel van almal en in almal; hierin lê die hoop, die menswaardigheid en die fondasie vir ŉ heroriëntasie in teologiese diskoerse (Magdalene, 2007:59).

Magdalene (2007:58) maak ŉ belangrike teologiese punt, naamlik dat die boodskap wat Job oordra ŉ mens lei na die aard van God. God word as magteloos en afhanklik van die mens voorgehou. Hierdie verskuiwing behels dat mense die krag in hulle hande hou, net soos Job die uitslae van die hofsaak in sy hande hou. Die vraag kom na vore: Word die vertroue wat God in die mens plaas, die krag wat in die mens se hande is, op ŉ destruktiewe of konstruktiewe wyse gebruik? Wat seëvier? Die wet of die liefde? In hierdie verband lê die teologiese sleutel opgesluit in die onvoorwaarlike

---

[43] Kousaliteit dui op die volgende: oorsaak en gevolg.

[44] Die glorie van God sluit in: Sy heerskappy.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

liefde van God, wat radikaal insluitend is, soos wat Reynolds bevestig in sy boek *Vulnerable communion: A theology of disability and hospitality* (2008).

Eiesland (1994) en Reinders (2013:31–42) verwys na die positiewe kant van gestremdheid, in aansluiting by bogenoemde, deur spesifiek op die taalkonstruksie te konsentreer. Alhoewel dit ’n negatiewe konstruksie kan wees wat ’n groep in ’n spesiale kategorie plaas waardeur hulle uitgesluit word, blyk dit dat dit egter ook positief kan wees wanneer die taalgebruik nie neerhalend is nie, maar mense as spesiaal en uniek uitwys.

Nog ’n positiewe aspek van gestremdheid is dat dit as ’n bedekte seën en ’n geleentheid vir geestelike groei gesien word. Gestremde kinders word dikwels ‘heilige onskuldiges’ of ‘God se kindertjies’ genoem, wat dui op ’n spesiale verhouding en op die toenadering wat God tot hulle het (Reinders, 2013:36–37).

Moltmann (1992:255) beklemtoon egter dat daar geen onderskeid tussen gestremdes en nie-gestremdes behoort te heers nie, want na sy mening is elke persoon broos; juis in die gedeelde broosheid lê die ruimte vir gasvryheid teenoor mekaar. Hierdie aspek word later in die hoofstuk in meer diepte bespreek.

Daar is verskeie ‘polities korrekte’ diskoerse oor diegene met gestremdhede. Sommige kenners op die gebied, soos Moltmann (1992:255) en Louw (2008), is van mening dat ’n mens nie na ‘gestremdes’ behoort te verwys nie. Die term het ’n negatiewe konnotasie omdat dit neerhalend gestremdheid beklemtoon. Diegene met gestremdhede is eerstens mense, geskape na die beeld van God. Juis om hierdie rede moet daar op ’n positiewe wyse na diegene met gestremdhede gekyk word en word hulle as persoon eerste gestel en hulle gestremdheid sekondêr.

Hauerwas (2001:556) se beskouing is in ooreenstemming met dié van Moltmann en Louw, naamlik dat die grens van ‘ons’ teenoor ‘hulle’ oorskry moet word en daar eerder ’n gevoel van samehorigheid behoort te heers tussen lidmate met gestremdhede en dié sonder gestremdhede.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.6 Menswaardigheid

Menswaardigheid is ’n bekende term wat deur die geskiedenis van die mensdom heen gebruik is, met verskeie betekenisse. In sommige gevalle word die term gebruik as ’n cliché of ’n troefkaart in hedendaagse kwessies en diskoerse. Gevolglik word dit dikwels gekontekstualiseer en afgestomp, en die waarde daarvan raak in die Christelike raamwerk verlore.

Die probleem wat in die boek *God and human dignity* (Soulen & Woodhead, 2006) onder die loep kom, berus op ’n herkontekstualisering van die konsep ‘menswaardigheid’. Die woord word losstaande van die Christelike raamwerk en tradisie gebruik. Die waarde en essensie van die woord gaan sodoende verlore en daarom noodsaak dit ’n herkontekstualisering van die konsep.

As ’n mens na die Bybelse tradisies, geskiedenis en hedendaagse sosiale konteks kyk, word waargeneem dat die mens, wat na die beeld van God geskape is, se menswaardigheid dikwels geskend, onderdruk en uitgebuit word. Die literatuur probeer om daaraan ’n einde te maak deur terug te keer na die bronne van teologie en die Protestantse Christen-tradisie om dit te herinterpreteer. Dit sluit aan by die kontemporêre debat oor menswaardigheid.

Soos reeds verduidelik, is menswaardigheid een van die gewildste onderwerpe in openbare diskoerse. ’n Mens het waarde, volgens Moltmann (1992:192), omdat God die mens liefhet. Die waarheid lê opgesluit in die *imago Dei*, die beeld van God, waarvolgens die mens geskape is. Menswaardigheid word nie op grond van die skepping (*imago Dei*) alleenlik nie, maar ook op grond van die herskepping deur Christus se genade in die raamwerk van die teologie bevestig.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die woord 'menswaardigheid' is vroeër in die antieke wêreld gebruik as 'n persoon se plek in die samelewing. Tans word *dignitas*[45] deur Christelike denkers radikaal anders geïnterpreteer. Soos reeds verduidelik, word *dignitas* nie gesien as iemand se sosiale posisie nie, maar eerder as iets wat almal in gelyke waarde ontvang weens die feit dat God die mens liefhet en vir hom/haar omgee. Die mens wat na die beeld van God, *imago Dei*, geskape is, knoop 'n vriendskap aan met God, *amicitia Dei*, en leef as waardige mens die missie, *missio Dei*, in die wêreld uit (Brand, 2013:71–73). Verder beklemtoon Waddell (2008:77) God se rol ten opsigte van menswaardigheid soos volg:

> "Our value as persons is bestowed on us by God. We have a sacredness and dignity that must be respected and can never be taken away. We are given the dignity by God. Our responsibility is to recognize and respect the dignity that is already and always there."

Die *vocatio* ten opsigte van die mens se verantwoordelikheid teenoor die mens se menswaardigheid kom hier te sprake. Die etiese implikasies is van belang in hierdie geval om op publieke gebied 'n verskil te maak (Reinders, 2013:39–40).

Ten opsigte van gestremdheid is dit nodig dat vertroue 'n belangrike rol moet speel, veral wanneer dit kom by menswaardigheid. Lidmate met gestremdhede het 'n baie moeilike lewe en juis om hierdie rede moet hulle hulle vertroue in mense plaas om hulle met hulle smart te help (Reinders, 2013:39–40). Die vertroue moet hoog geag en gerespekteer word en nie misbruik word nie (Reinders, 2013:39–40). In dié verband kan wat Bultman (1957:155) amper ses dekades gelede reeds oor die eskatologie[46] gesê het ook van menswaardigheid gesê word:

"The meaning in history *and human dignity* lies always in the present, and when the present is conceived as the eschatological present by Christian faith, the meaning of

---

[45] Dignitas dui op die volgende: waardigheid.

[46] Eskatologie verwys na die dinge van die eindtyd.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

the history *and human dignity* is realized ... In every moment slumbers the possibility of being the eschatological moment. You must awaken it.“ [Beklemtoning deur outeur]

Die eskatologiese doel, die *kairos*-oomblik,[47] die reeds-maar-ook-nog-nie van die geskiedenis se betekenis kan ook aan die betekenis van menswaardigheid in die raamwerk van die teologie gekoppel word.

Die Grondwet van Suid-Afrika bestempel menswaardigheid as volg: “the achievement of equality and the advancement of human rights and freedoms. Everyone has inherent dignity and the right to have their dignity respected and protected” (DART, 2006:3). Almal het die reg op menswaardigheid in die land, en dit sluit diegene met gestremdhede ook in. Hulle het dieselfde reg op menswaardigheid as ’n nie-gestremde persoon.

2.7 Gasvryheid

Gasvryheid gaan hand aan hand met die gawes van die gees en pneumatologie.[48] Reynolds (2013) noem dit om te ontvang voor daar gegee word. Hy verwys na sy seun wat gestremd is en hoe hy by hom die gawes van die Gees sien en ontvang en dan die geleentheid kry om dit terug te gee. Letty Russell, bekende feminisme matriarge, bestempel die vorm van gee en neem as die beste vorm van gasvryheid (Reynolds, 2013:27).

---

[47] Die karios-oomblik word bestempel as die bestemde oomblik.

[48] Pneumatologie dui op die volgende: studie van die Heilige Gees

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Moltmann (1992:255) gebruik die term ‘oop vriendskap’ as ’n ander uitdrukking van gasvryheid teenoor die ander. ‘Die ander’ word nie negatief beskou nie, maar positief, want dit verwys na die Heilige Ander. God as Heilige Ander het die eerste stap geneem om die mens te bevriend deur sy Seun en daarna deur Sy Gees. Nou is mense deel van die oop vriendskap en kan hulle die vreugde daaruit put (Moltmann, 1992:259).

Reynolds (2008:108) praat van ’n oopheid teenoor die ander. Die oopheid dui op die rol van die Heilige Gees. Sodra die Heilige Gees teenwoordig is, verander die xenofobie in ’n *philoxenia,* ’n liefde vir die ander. Die liefde suggereer ’n beskerming soos in die Antieke Oosterse konteks as die reisigers gereis het en dan skuiling soek. Die gasheer ontvang hulle met ’n oopheid en dadelik word die grense oorskry, soos Bosch (1991:58) tereg wys. Die gasheer raak ’n grensoorsteker eerder as ’n grensbewaker.

2.8 Hoop in broosheid

Lidmate met gestremdhede kan as broos in die gemeente gesien word, weens die gevoel van angs wat hulle beleef (Koopman, 2013: 49-54). Tillich (1952:37–51) beskryf dat sekere mense met gestremdhede elke dag met angs leef, weens ’n gevoel van doelloosheid, asook ’n gevoel van hopeloosheid. Die leiers in ’n geloofsgemeenskap het ’n sekere verantwoordelikheid om hoop in die brose gemeenskap te genereer sodat ’n salige atmosfeer van hoop en betekenis onder alle gemeentelede kan heers. Dit is ook hier waar sosiale-identiteitsteorie ’n rol kan speel, want sodra die lidmate met gestremdhede deel van die geloofsgemeenskap vorm, word hulle deel van die in-groep en word hulle identiteit ook aan die gegewe groep gekoppel (Koopman, 2013:49–54).

Teenoor angs en vrees as ’n reaksie op broosheid en gestremdheid staan hoop, gekoppel aan die kruis en opstanding, as ’n beter reaksie. Hoop in broosheid word in

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

drie dele verdeel: realistiese hoop, verantwoordelike hoop en laastens elastiese (veerkragtige/terugspringende) hoop (Koopman, 2013:49–54).

2.8.1 Realistiese hoop

Die Duitse teoloog Gerhard Sauter (2000:211–216) beskryf hoop met betrekking tot sogenaamde realistiese eskatologie. Sauter grond sy hoop op die beloftes en die dade van die Drie-enige God. Hoop is gewortel in God se beloftes en deur hierdie beloftes dan in die vertroue en geloof in God se voorsienigheid (Koopman, 2013:49–54).

Hoop is vir Sauter meer as die historiese opstanding van Christus. Dit is gegrond op die gemeenskap met die opgestane Christus deur die Gees. Hierdie opgestane Christus sit aan die regterhand van God, die Vader, en deur die Gees word die mens deel van die eenheid van die Drie-enige God. Dit is die grondslag van ons hoop, die rede vir hoop (Koopman, 2013:49–54).

God het ook hoop, naamlik dat die mens God se beloftes sal glo, om sodoende ruimte vir God se reddingsaksie te skep. Op hierdie hoop van God rus ons hoop. Die hoop is ook relevant ten opsigte van lidmate met gestremdhede en dit is die gemeenteleiers se rol om die lidmate van die gemeente hieroor in te lig (Koopman, 2013:49–54).

Realistiese hoop steun op en word versterk deur ons gemeenskap met die lewende Christus, wat ook die gekruisigde Heer is. Aan die kruis sien die mens God se algehele vereenselwiging en solidariteit met die brose en lydende mens, ook met die mens met gestremdheid. Dit is die God wat meegevoel het met die mens. Sommige teoloë, soos Louw (2008:97), praat van die brose God en ander praat selfs van die gestremde God (Eiesland, 1994:100).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Realistiese hoop is nie om van die wêreld en sy uitdagings te onttrek nie; inteendeel, realistiese hoop sien nuwe moontlikhede in die wêreld. Rubem Alves, ’n Brasiliaanse teoloog, beskryf hoop as die voorstelling dat verbeeldingskrag meer en realiteit minder werklik is as wat mens dink en dat feite nie die laaste woord is nie. Die moontlikhede word nie deur die beperkinge van die werklikheid uitgeput nie; wonderwerke gebeur steeds (Koopman, 2013:49–54).

Eberhard Jungel het gesê dat hoop die mens in staat stel om die moontlike te sien te midde van die gebroke; met ander woorde, om die moontlikhede in ’n gebroke werklikheid raak te sien (Koopman, 2013:49–54).

Realistiese hoop berus op die werklikheid van die teenwoordigheid van die opgestane Here, wat ook die gekruisigde, Godverlate en brose Here is. Dit bring nuwe moontlikhede, waar alle mense, ook gestremde mense, geregtigheid, vrede en vreugde kan ervaar (Koopman, 2013:49–54).

2.8.2 Verantwoordelike hoop

Verantwoordelike hoop is wanneer ons rekenskap gee van die hoop wat ons is, metafories gesproke. Wanneer alle mense menswaardigheid, geregtigheid en vryheid gegun word, speel hoop ’n rol. Dit geld ook veral mense met gestremdhede. Gestremdheid kan baie vorme aanneem, byvoorbeeld met betrekking tot ’n gebrek aan geld, mobiliteit, verhoudings, gemeenskapstrukture, asook kulturele, etniese of rasse-agtergrond (Koopman, 2013:49–54).

Verantwoordelike hoop help ons om die lotgevalle van mense met gestremdhede op te neem om hulle op te hef. Dit sluit aan by menseregte, politieke regte en sosio-maatskaplike regte.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gemeenteleiers dra ook ŉ verantwoordelikheid om die verantwoordelike hoop in die geloofsgemeenskap te implementeer, veral met spesifieke verwysing na mense met gestremdhede.

2.8.3 Elastiese hoop

Hierdie hoop stel ons in staat om ten spyte van broosheid en gestremdheid met geduld te leef, moed te hê in lyding, en met krag sterk te staan ten spyte van ongeregtigheid. Paul Tillich (1952) pleit vir ŉ hoop wat eties sowel as ontologies is. Dit is die moed om te wees, omdat hoop altyd soos ŉ rek terugspring. Geduld of lydsaamheid is die sleutelwoord (Koopman, 2013:49–54).

Schuman (1991:130–150) identifiseer verskeie deugde van versorging, waaronder konstante afhanklikheid by die ontvangers en gasvryheid, sowel as teenwoordigheid by die gewers. Afhanklikheid is volgens Schuman (1991) om toe te laat dat die liggaam van Christus die liggaam kan wees wanneer jy versorging toelaat of ontvang. Volgens 1 Korintiërs is die liggaam interafhanklik.

Vandag het die deugde van gasvryheid en teenwoordigheid (daar wees vir iemand) verlore gegaan as gevolg van die tyd wat hierdie deugde verg en moet dit weer aangeleer word. Dit verg opoffering.

Al hierdie aspekte van hoop dra daartoe by om die broosheid van mense met gestremdhede op ŉ konstruktiewe manier aan bod te bring. Die leiers van geloofsgemeenskappe speel ŉ groot rol om die hoop, wat op die Christologiese[49] geloof gegrond is, aan lidmate met gestremdhede oor te dra. Die hoop en gasvryheid seëvier in moeilike situasies van hopeloosheid en moedeloosheid en verbeter sodoende die uitkyk op die situasies (Koopman, 2013:49–54).

---

[49]Christologie handel hoofsaaklik oor die veld en studie van die Christelike teologie asook hoofsaaklik te make met die natuur en die persoon Jesus Christus soos vasgevang in Nuwe Testament.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2.9 Slot

In die lig van bogenoemde bespreking blyk dit duidelik dat daar ruimte is vir ondersoek na die rol wat gemeenteleiers kan speel om lidmate met gestremdhede in geloofsgemeenskappe inklusief deel te maak van die geloofsgemeenskappe en gemeentepraxis. Op die gebied van praktiese teologie, wat veral geïnteresseerd is in die brug tussen die teorie en die praktyk, blyk daar ruimte te wees vir gemeenteleiers om die teorie met die praktyk te versoen met spesifieke verwysing na ʼn teologie vir gestremdheid en lidmate met gestremdhede. Gasvryheid is ʼn praktiese voorbeeld van hoe dit toegepas kan word op ʼn manier wat hoop en menswaardigheid aan diegene met gestremdhede bied.

Die doel van hierdie hoofstuk was om ʼn teoretiese raamwerk te ontwikkel om die kernkonsepte wat in die studie gebruik word uiteen te sit en te verduidelik. Dit bring ʼn mens nader aan die antwoorde op die navorsingsvraag deur die konsepte deeglik te ondersoek wat te make het met die studie en wat in die volgende hoofstuk beklemtoon word.

Ten slotte stipuleer die hoofstuk eerstens ʼn grondslag vir die begrip van konsepte in die praktyk en tweedens bied dit ʼn platform vir diskoerse oor hoe die praktyk behoort te wees. Derdens bied dit ook ʼn boodskap van transformasie, wat Eiesland (1994) beaam: “I don’t feel there’s anything accomplished in simply saying that the church is falling short ... I’m trying to say that the Christian message is for all of us, the entire body of God, that we need to transform the church to reflect that.”

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3

Empiriese navorsing

3.1 Inleiding

Wanneer dit kom by die kerk en mense wat met gestremdhede leef, daag Erik Carter (2007:xiii) 'n mens uit met die volgende twee vrae: "What has been?" en "What might be?" Die doel van hierdie studie was om 'n inklusiewe ruimte te skep vir diegene wat vir baie jare agterweë gelaat is, wat ooreenstem met Carter se eerste vraag.

Hierdie studie poog verder om die tweede vraag, wat behoort te wees, te beantwoord, maar voordat dit moontlik is, moet die praktyk eers deeglik ondersoek word. Dit is die doel van hierdie hoofstuk om die navorsingsontwerp en -metodologie uiteen te sit deur verskeie dataversamelings-instrumente soos onder andere gevallestudies uit die literatuurstudies te bekyk. Verder sal daar 'n navorsingsvergelyking gemaak word van verskillende modelle van vier van die hoofstroom kerke van Kanada naamlik die Presbyteriaanse, die Lutherse, die Anglikaanse kerk en die United kerk.

Osmer (2008) verwys na Anton Boison wat praat van: "Living human documents". Praktiese Teologie nooi 'n mens uit om tekste te interpreteer op verskeie vlakke naamlik die kontemporêre asook praktiese vlak. Erik Carter vra vrae wat saam stem

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

met Osmer se vier vrae[50] en vier take[51] en in die hoofstuk word die tweede fase gekyk naamlik die verklarende interpretatiewe fase. ‘n Derde vraag wat beklemtoon word in die hoofstuk is: Hoekom gaan dit aan wat aangaan?

3.2 Doel van die studie

Die primêre doel van hierdie studie was om te bepaal watter rol kerkleiers vertolk en watter rol hulle behoort te vertolk in die geloofsgemeenskap en gemeentepraxis rakende lidmate wat met gestremdhede leef, spesifiek ten opsigte van insluiting en uitsluiting. Een van die doelwitte van hierdie studie was om ’n voorlopige bestekopname op beperkte skaal te doen om te bepaal wat in die praktyk gebeur en plaasgevind het en om aan te dui waarna in die praktyk gestreef kan word. Daar is vanuit literatuur, asook vanuit die praktyk, inligting ingesamel.

Die navorsing se primêre doel kan in die volgende doelstellings verdeel word:

1. Om die ruimte van inklusiwiteit en eksklusiwiteit in die geloofsgemeenskap en gemeentepraxis vir lidmate wat met gestremdhede leef, te bepaal en te ondersoek.

---

[50] Vraag een: Wat gaan aan?

Vraag twee: Hoekom gaan dit aan?

Vraag drie: Wat behoort aan te gaan?

Vraag vier: Hoe kan ‘n mens reageer? (Osmer, 2008)

[51] Taak een: Deskriptiewe-empiriese taak

Taak twee: Interpretatiewe taak

Taak drie: Die normatiewe taak

Taak vier: Pragmatiese taak (Osmer, 2008)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

2. Om die rol van kerkleiers met spesifieke verwysing na lidmate wat met gestremdhede leef, te verken, te beskryf en te ondersoek.
3. Om oplossings en voorstelle te formuleer waarin almal saam in hoop, menswaardigheid en menslike welstand kan leef.

3.3 Navorsingsontwerp en -metodologie

Osmer (2008) bied ‘n deeglike uiteensetting in sy boek: Practical Theology: An Intruction om leierskap toe te rus met die vier praktiese teologiese take vir die alledaagse lewe in totaliteit. In hoofstuk een word daar genoem dat Osmer se vier take as fondasie dien vir die navorsingsontwerp en metodologie, om sodoende die “living human documents” te lees waarvan Anton Bioson praat en die praktiese teologie uit te hef binne die allerdaagse verloop van die lewe.

Ek het ’n kwantitatiewe benadering ten opsigte van hierdie navorsingstudie gevolg. Daar was ook ‘n kwalitatiewe element[52] deur gevallestudies. Die gevallestudies het as ekstra agtergrond gedien om die temas te ontwikkel wat dan die inklusiwiteit van die geloofgemeenskap ontbloot.

Kwantitatiewe navorsingsmetode: Kwantitatiewe ontleding en data verwys na die numeriese ondersoek en interpretasie van waarnemings vir die doel van die ontdekking van die onderliggende betekenisse en patrone van verhoudings soos in die geval van die vier hoofstroom kerke in Kanada. (Babbie & Mouton, 2001:646).

Kwalitatiewe navorsingsmetode: kyk na die hoekom en hoe van die besluitnemingsproses om beter begrip te kry van die verwysingsraamwerk binne die soeke na die antwoord in die navorsingsproses. Die doel van die kwalitatiewe

[52] Kwalitatiewe navorsing berus op die beginsel dat dit 'n konsep van navorsing beskryf om dit in totaliteit te verstaan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

navorsing is om te verstaan eerder as om te verduidelik soos in die geval van kwantitatiewe navorsing. Die verstaan gaan hand aan hand met 'n diepte van begrip oor die gegewe navorsing. (Mouton et al, 1988: 170)

3.4 Die kerke van die studie

Daar word juis na Kanada se vier hoofstroom kerke verwys as agtergrond en maatstaf. Die holistiese en samevattende konteks bied ‘n verwyssingsraamwerk waarna leiers wêreldwys na kan streef byvoorbeeld om in die voetspore van die voorlopers te wandel. Die navorsing is in die omstreek van Kanada uitgevoer. Die is geraadpleeg om sodoende ‘n holistiese beeld te skep van wat die stand van sake binne die kerke in wêreldwyd, gebaseer op die model van Kanada.

3.5 Dataversameling

Die dataversameling is deur temas, gevallestudies en diepte navorsingsvergelyking tussen die vier hoofstroom kerke van Kanada.

3.5.1 Voorstelling en bespreking van temas

Die voorstelling en bespreking van temas handel oor die verwysingsraamwerk wat 'n agtergrond bied vir die verstaan van die navorsingsproses. Met ander woorde dit bring 'n dieper verstaan van die hoekom en die hoe van die kwalitatiewe navorsing om sodoende die basis te bied waarop die gemeentes kan bou. Die temas bied ‘n maatstaf waaraan die studie gemeet word. Met ander woorde die temas word uit gehef om ‘n beter holistiese geheelbeeld van die studie raamwerk daar te stel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tema 1: Huidige insluiting

Subtema 1.1: Positiewe aspekte: Bevordering van insluiting
Kategorie 1.1.1: Toeganklike argitektuur en terrein
Subkategorieë:

1.1.1.a Buite in die opelug
- 1.1.1.a.1 Parkering en sypaadjies
- 1.1.1.a.2 Speelparke en ontspanningsareas
- 1.1.1.a.3 Kerkkampe se terrein

1.1.1.b Binne die kerkruimte
- 1.1.1.b.1 Klaskamers en vergaderingskamers
- 1.1.1.b.2 Kononia- (fellowship) areas
- 1.1.1.b.3 Moederskamer
- 1.1.1.b.4 Kleedkamers
- 1.1.1.b.5 Gimnasium (indien daar een is)
- 1.1.1.b.6 Deure en gange
- 1.1.1.b.7 Kerkkantore
- 1.1.1.b.8 Kombuis en eet-area
- 1.1.1.b.9 Kinderkerk-area

Subtema 1.2: Negatiewe aspekte: Belemmering van insluiting
Kategorie 1.2.1: Ontoeganklike argitektuur en terrein
Subkategorieë:

1.2.1.a Buite in die opelug
- 1.2.1.a.1 Parkering en sypaadjies
- 1.2.1.a.2 Speelparke en ontspanningsareas
- 1.2.1.a.3 Kerkkampe se terrein

1.2.1.b Binne die kerkruimte
- 1.2.1.b.1 Klaskamers en vergaderingskamers
- 1.2.1.b.2 *Kononia*- (*fellowship*) areas

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.2.1.b.3 Moederskamer
1.2.1.b.4 Kleedkamers
1.2.1.b.5 Gimnasium (indien daar een is)
1.2.1.b.6 Deure en gange
1.2.1.b.7 Kerkkantore
1.2.1.b.8 Kombuis en eet-area
1.2.1.b.9 Kinderkerk-area

Subtema 1.3: Ontoeganklike erediens
Kategorie 1.3.1: Liturgie-struikelblokke
Subkategorieë:

1.3.1.a Lof en aanbidding
1.3.1.b Sakramentele deelname

Kategorie 1.3.2: Programstruikelblokke
Kategorie 1.3.3: Kommunikasiegapings
Kategorie 1.3.4: Deelname tydens erediens

Tema 2: Kerkleiers se begrip van gestremdheid

Subtema 2.1: Funksionerende teorieë
Kategorie 2.1.1: Algemene begrip
Kategorie 2.1.2: Unieke begrip

Subtema 2.2: Eie interpretasie van die gemeenteleier
Kategorie 2.2.1: Opbouende definisies
Kategorie 2.2.2: Transformerende landskap

Tema 3: Die Vader se hart rakende gestremdheid volgens kerkleiers

Subtema 3.1: Sienings en interpretasies van ‘nou’

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Subtema 3.2: Wat ‘behoort’ dit te wees?

Tema 4: Geloofsgenesing in die ruimte van die kerk

Subtema 4.1: Bybelse interpretasie
Subtema 4.2: Wêrelduitkyk: Normalisasie as slagspreuk
Subtema 4.3: Wat is die stand van sake in die kerk vandag?
Subtema 4.4: “Overdosing on religion”: Meer skade as goed?
Subtema 4.5: Terapeutiese teologie, ’n holistiese benadering van hoop en menswaardigheid

Tema 5: Skrifgedeelte en Godsbeelde gekoppel aan gestremdheid

Subtema 5.1: Positiewe en konstruktiewe benadering
Subtema 5.2: Negatiewe en destruktiewe benadering
Subtema 5.3: Maatstaf

Tema 6: Lidmate se gevoel teenoor mekaar

Subtema 6.1: Opbouende uitkyk
Subtema 6.2: Ruimte vir verbetering

Tema 7: Begeleiding van kerkleiers rakende lidmate wat met gestremdhede leef

Subtema 7.1: Pastorale invalshoek: Doen-en-wees-funksies
Subtema 7.2: Holistiese benadering
Subtema 7.3: Menslike welstand

Tema 8: Kerkleiers se rol

Subtema 8.1: Dryfkrag: Teenwoordigheid bepaal deelname

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Subtema 8.2: Toeganklikheid, insluiting en om te behoort van lidmate wat met gestremdhede leef
Subtema 8.3: Etiek van omgee en versorging

3.5.2 Gevallestudies

Daar is na twee gevallestudies gekyk om ŉ literatuuroorsig te gee van wat in die praktyk gebeur.

Gevallestudie 1: Op die sewende dag[53]

Alfred is doof sedert geboorte. (The Anglican Church of Canada, 2018) (The Anglican Church of Canada, 2018)
Op Maandae kan hy nie sy besigheid oor die telefoon doen nie, maar hy word gerespekteer op sy gebied en sy kollegas kom na hom vir hulp.
Op Dinsdae ná werk kan hy en sy vrou, Phyllis, nie vanuit verskillende vertrekke in die huis gesels nie, maar hulle nie-verbale kommunikasie wys dat hulle mekaar se harte gehoor het.
Op Woensdae kan hy nie sy kleinkinders hoor wanneer hulle met die paadjie op na die voordeur hardloop nie, maar hy stoei met hulle en voel hulle blydskap.
Op Donderdae kan hy nie die aankondigings van winskopies oor die luidspreker hoor nie, maar hy kan sjokolade vir Phyllis tussen die groente wegsteek om te koop.
Op Vrydae kan hy nie die musiek by die skemerkelkiepartytjie hoor nie, maar hy is gasvry en hartlik teenoor die ander gaste.
Op Saterdae kan hy nie die persoon hoor wat skree as die bal uit is nie, maar hy het ŉ fenomenale afslaan op die tennisbaan.
Op Sondae kan hy nie deelneem aan die kerkdiens nie, en hierdie keer is daar geen ‘maar’ nie ...

[53] (Light & Rogers, 2004:13–15)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hy aanvaar dat daar sekere dele van die diens is waarvan hy uitgesluit word, maar hy word van *alles* uitgesluit. Teen die tyd wat sy vrou die Bybelvers neergeskryf het en hy dit opgesoek het, het hulle al na die volgende deel beweeg. Daar is geen hulp vir hom as hulle bid oor die tuine, die man wat 'n hartaanval gehad het of die straatkinders nie.
Op Sondae word hy van die kerk uitgesluit, nie omdat hy doof is nie, maar omdat sy doofheid geïgnoreer word.
"Kan hulle nie net iets op die skerm skryf nie?" huil sy vrou, Phyllis.
Alfred is lief vir die kerk en God. Hy verstaan dat verantwoordelike lidmate help om die kerk lewendig te hou. Hy het self 'n bydrae gemaak deur rakke in elke ry vir liedboeke te maak, asook borde vir die liedere wat gesing word. Ten minste weet hy nou watter liedere in die kerk gesing gaan word.

Gevallestudie 2:

"Belonging, believing and becoming"[54]

JT is 39 jaar oud en is met intellektuele gestremdheid, outisme en bipolêre versteuring gediagnoseer. Hy is 'n lidmaat van die United Church of Christ.

Toe JT jonger was, het die Sondagskoolpersoneel nie geweet wat om met hom te maak nie en as gevolg daarvan is hy dikwels agterweë gelaat. Toe hy ouer word, het hy slegs by die aanbiddingsaspek van die erediens ingeskakel, bloot as gevolg van die onkunde van die ander gemeentelede.

Deur die diens raak JT 'n les van en in homself; met ander woorde, deur sy teenwoordigheid leer die gemeentelede meer van hom en die liturgie waarna hy so aandagtig luister. Hy bid saam, alhoewel hy meer mompel, en dit voorsien 'n tipe 'omsluiting' van God in die ruimte van hier en nou, God by ons.

---

[54] (Carter, 2007:xii–xvii)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

As JT die gemeenskaplike gebed in die gemeente opsê, lê hy klem op die woord *krag*. Dit beeld so mooi uit dat die agtergeblewene in baie opsigte nou die voorloper is deur die mense bewus te maak van die woord 'krag'; hy bedien die hele gemeente as 'n kragtige agent van God op wie sy Gees rus. Dit is die punt wat Carter (2007:xii-xvii) met hierdie gevallestudie maak.

Met verwysing na "belonging, believing en becoming" omarm dit die twee kernbeginsels van inklusiwiteit (*belonging*) en geloofsgemeenskappe (*believing* en *becoming*) waarna Carter verwys. Dit beskryf lidmate op die Christelike reis as pelgrimsreisigers van geloof. JT leer 'n mens van hierdie beginsels.

3.5.3. Model ontleding van verskeie denominasies van kerke in Kanada

Daar is na die vier hoofstroom kerke gekyk naamlik die Presbyteriaanse kerk, die Anglikaanse kerk, die Lutherse kerk asook die United Kerk. Die volgende aspekte is ontleed:

1. Visie

Die visie van die spesifieke denominasie gee 'n geheelbeeld van die doel van die spesifieke stroom van 'n kerk. Die visie kan ook omskryf word as dit waarheen die spesifieke hoofstroom kerk na streef om te verwesenlik binne die raamwerk van gemeenteleiers en die lidmate wat lewe met gestremdhede.

2. Instruksie

Die instruksie verwys na die offisiële en gesags opdrag wat die hoofstroom kerk wil uitvoer onder leiding van die gemeenteleiers.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3. **Beleid**

   Die beleid berus op die strategie wat deur die kerk geïmplementeer word om die toepassing van ‘n inklusiewe kerk met betrekking tot mense wat lewe met gestremdhede, daar te stel.

4. **Prosedures**

   Die stappe wat gevolg word om die beleid in aksie te stel.

5. **Diensmaatrieëls via die gemeenteleiers**

   Die afdeling behels hoe die bogenoemde deurgevoer word op voetsoolvlak.

3.5.4 Anglikaanse kerk

Visie

Die doel is om aan die vereistes te voldoen wat daar gestel is deur die beleid van die regering ten opsigte van mense wat leef met gestremdheid (The Anglican Church of Canada, 2018).

Beleid

Die hoofstroom kerk wil hulle visie en missie vervul deur ten alle tye ‘n diens te verskaf as kerk aan alle lidmate insluitend die lidmate wat leef met gestremdheid. Hulle beoog om lidmate wat leef met gestremdheid se menswaardigheid en onafhanklikheid te respekteer. Die lidmate wat leef met gestremdhede geniet dieselfde voordele en dienste op dieselfde wyse as die res van die gemeente (The Anglican Church of Canada, 2018).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Diens via die gemeenteleiers

Die gemeenteleiers gee spesifieke aandag aan die volgende areas binne die ruimte van die Anglikaanse kerk:

Kommunikasie

Die gemeenteleiers asook die personeel moet kommunikasie hoog ag, veral ten opsigte vir mense wat lewe met gestremdhede. Daar moet aan elke lidmaat se behoefte vervul word byvoorbeeld handgebare vir ‘n lidmaat wat lewe met die gestremdheid van doofheid.

Toerusting wat diensbaar is

Die toerusting moet op so wyse dien dat dit diensbaar is in die sin dat die mense wat lewe met gestremdheid hulp kry. Alle personeel binne die ruimte van die kerk moet ook die nodige kennis besit om die lidmate wat lewe met gestremdhede te begelei met die diensbare toerusting (The Anglican Church of Canada, 2018).

3.5.5 Presbyteriaanse Hoofstroom Kerk

Visie

Die Presbyteriaanse kerk is daarop gestel om ‘n veilige en omarmde ruimte te skep vir alle personeel en lidmate wat tydens die diens betrokke is en die fasiliteite gebruik.

Diensmaatreels via Gemeenteleiers

Eerstens moet almal se waardigheid respekteer word en die belangrike vraag moet aan elke persoon gevra word wat binne die ruimte van die kerk inbeweeg: “Hoe kan ek, die gemeenteleier, u help?”

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.5.6 Lutherse Hoofstroom Kerk

Beleid

Die beleid van die kerk is om goeie diens aan die lidmate te verskaf wat ooreenstem met die prinsiep van gebou is van onafhanklik, integrasie en gelyke geleenthede. Word alle lidmate met ope arms ontvang.

Diensmaatreels via Gemeenteleiers

Toegang tot die gebou of kerke word gebied vir die lidmate asook kuiergaste wat die diens bywoon. Die onafhanklikheid word gerespekteer asook die waardigheid van elke individu. Elkeen se potensiaal word raakgesien en ontgin deur die gemeenteleiers (Zion Lutheran Church, 2016).

3.5.7 United Kerk

Beleid

Die mense wat lewe met gestremdhede word gesien as deel van die familie van God (Brook, 2015).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

3.6 Data-ontleding

Nieuwenhuis (2007:99) definieer data-ontleding as “the process of establishing how participants make meaning of the phenomenon under study, including analysing their perceptions, attitudes, understanding, knowledge and values”.

Die data is deur die volgende stappe ontleed, aan die hand van Nieuwenhuis (2007:99):

Stap 1: Verwerk die literatuur deur dit te sorteer (die data) volgens die tema en bron.
Stap 2: Lees deur al die data en verkry ’n geheelbeeld. Bepaal die algemene idees wat uitgelig word.
Stap 3: Begin met die kodering; dit behels indeksering, die gee van name, skepping van kategorieë en groepering van inligting.
Stap 4: Skep temas en gebruik dit vir hoof idees aan hand van gevallestudies en die kerke in Kanada.

Al bogenoemde stappe is toegepas tydens die stadium waarin inligting ontleed is.

3.7 Gevolgtrekking

Hierdie hoofstuk het die navorsingsontwerp verduidelik wat uit die gemengde metode verduidelik word. Verskeie ander aspekte is genoem en deeglik uiteengesit met die doel om Carter se twee vrae wat aan die begin van hoofstuk gevra is te beantwoord asook die sentrale vraag van Osmer.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 4

Interpretasie van die data

4.1 Inleiding

Die voorblad van die pamflet van Erna Möller se organisasie Ramp Up[55] lui soos volg: “Are people with disabilities at home in the church?” Die vraag is juis dít wat in hierdie studie gevra word vanuit die oogpunt van die gemeenteleiers. Verder gee die pamflet die volgende skokkende stelling en inligting: “It is estimated that only 10% of the world’s nearly one billion disabled people have been reached by the Gospel. The disabled community is therefore one of the largest unreached groups”. Dit baan die weg oop vir leiers om ’n konstruktiewe rol in te neem en diegene met gestremdhede deel te maak van die gemeentepraxis. Dit is nie alleenlik ’n groot uitdaging waarvoor hulle te staan kom nie, maar ook ’n vocatio van die missio Dei waarvan Gruder, Conner en Mdluli (2012-2014) praat[56].

---

[55] Die organisasie fokus op mense wat lewe met gestremdhede, om hulle te omarm binne die samelewing asook die ruimte van die kerk en deel te maak van die doen en late van almal se lewens in die sin dat hulle 'n holistiese lewe leef, voluit.

[56] Darrell Gruder aangehaal deur Conner (Conner,2012:5) praat van die deelname van die geloofsgemeenskap in die “ongoing mission of God”. Die deelname sluit ’n samehorige gemeenskap (kononia) en diens (diakonia) in om sodoende al die dimensies aan te raak as ’n getuienis van die missio Dei. Conner (2012:5) gaan voort deur die volgende op te merk: Die kerk is geroep (vocatio) en word gestuur om ’n getuienis te wees vir almal; dit sluit die agtergeblewe en gemarginaliseerde groepe in, soos dié wat met gestremdhede leef. Die lidmate wat met gestremdhede leef, is deel van die “ongoing mission of God”, weens hulle invloedryke bydraes en gawes. Soos Mdluli (2011:39) uit sy navorsing aanhaal in sy eie woorde: “People with disabilities appear different than those who are not. But they’re just like us”.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die stroom kan die 'Aspoestertjie-sindroom' van die strome op die gebied van teologie genoem word, omdat dit dikwels agterweë gelaat word. Deesdae staan dit egter as die nuwe 'geur van die maand' bekend, soos die hoof van die Jan Kriel-skool[57] dit noem. Die uiteindelike doel is eintlik om dit in die samelewing te integreer, sodat dit deel van die samelewing en gemeente se praxis word.

Erik Carter (2007:3) vra twee belangrike vrae wat met die navorsingsvraag van hierdie studie ooreenstem, naamlik "What is our congregation doing to welcome people with disabilities and their families?" en "What is our agency or organisation doing to support people to participate in all of community life, including communities of faith?" Hierdie vrae bring 'n mens weer by die hoofnavorsingsvraag: Watter rol kan leiers in geloofsgemeenskappe speel om lidmate met gestremdhede by die geloofsgemeenskap en gemeentepraxis in te sluit?

In al bogenoemde vrae is dit duidelik hoe lidmate met gestremdhede eintlik in die praxis van die geloofsgemeenskap behoort ingeweef te word. Hierdie hoofstuk kyk na die interpretasie van die data vanuit verskeie dissiplines. Eerstens word daar na die gevallestudies en data gekyk aan die hand van die temas wat vroeër identifiseer

---

[57] Die skool fokus op dievolgende gespremdhede en die hulp daarvan, gestremdhede sluit in: spesifieke leergestremdheid, fisiese gestremdheid, aandagafleibaarheid en hiperaktiwiteit, matige gesiggestremdheid, gehoorgestremdes met verbale kommunikasie, serebraalgestremheid, epilepsie en hoog funksionerende leerders op die outistiese spektrum.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

is. Tweedens word daar ook na ander dissiplines gekyk om ʼn geheelbeeld van die data te verkry.

4.2 Interpretasie van data

4.2.1 Gevallestudies

Die interpretasie van die data in die gevallestudies sien soos volg daar uit:

Gevallestudie 1

Die volgende temas is in die eerste gevallestudie identifiseer:

Tema 1: Huidige insluiting
Huidige insluiting binne die raamwerk van nou

Alfred se insluiting is in sy alledaagse lewe te vinde. Die Engelse woord “adapt”, in Afrikaans ‘aanpas’, beskryf die omstandighede in sy daaglikse roetine die beste. Nietemin, is die woord nie te vinde as dit by die praxis en praktyke van die geloofsgemeenskap kom nie. Dit bring ʼn mens by die belemmering van insluiting en die volgende subtema.

Negatiewe aspekte: Belemmering van insluiting

Die gevallestudie slaan die spyker op die kop as ʼn tipiese voorbeeld van die meeste lidmate met gestremdhede wat agterweë gelaat word weens die kerkleiers wat nie die nodige insig of kennis het om alle lidmate in te sluit en tegemoet te kom nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gevallestudie 2

Die volgende temas is in die tweede gevallestudie identifiseer:

Tema 1: Huidige Insluiting

Jean Vanier (2008:41) vat dit goed vas deur te vertel dat om ʼn vriend van Jesus te word, is ook om ʼn vriend te word van diegene wat uitgestoot en agterweë gelaat is. Sodra mens egter die enkeling en verstoteling bevriend, tree mens in ʼn wonderlike verhouding met God. Insluiting bevorder volgens Vanier ʼn mens se verhouding met die Here. Hieruit kan die kerkleiers leer wanneer dit kom by gevalle soos Alfred in gevallestudie 1 en die gevallestudie van JT.

4.2.2 Interpretasie van data vanuit die navoringstudie model van verskeie kerke in Kanada.

Temas Tema 1: Insluiting teenoor uitsluiting

Moltmann se woorde is vol betekenis wanneer hy skryf: “No one is useless and of no value”. Hierdie woorde is waar wanneer dit kom by die insluiting van alle[58] mense in die kerk. Moltmann (1992:192–193) berispe die kerk dat hulle ʼn gemeenskap moet wees wat in diakonia leef; met ander woorde, ʼn dienende geloofsgemeenskap wat hulself toespits om ʼn menswaardige lewenstyl in hoop en eenheid te kweek. Daar is egter eenheid in diversiteit en diversiteit in eenheid, volgens Moltmann.

---

[58] Die Engelse uitdrukking lui so mooi: “all shapes and sizes”. Niemand is uitgesluit nie. Moltmann praat juis van mense wat met gestremdhede leef en diegene daarsonder. Vir hom is daar geen uitsluiting nie. Almal is gemaak in die beeld van God en word versoen met die Vader deur Christus se dood en opstanding.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Insluiting

Daar is informele gesprekke met sommige kerkleiers gehou en hulle het ’n meer positiewe betrokkenheid getoon, soos duidelik te sien in die volgende deel. Meeste kerke is bewus dat daar wel mense lewe met gestremdhede. Kanada se vier hoofstroom kerke sowel as meeste kerk in Suid-Afrika, plaas ‘n duidelike klem op die bewusmaking van die spesifieke onderwerp. Met ander woorde, bewustheid is baie belangrik; as mens nie weet nie, kan ’n mens nie mense help nie. ‘n Goeie voorbeeld is ‘n kerkie in Stellenbosch waar ‘n lidmaat eendag tydens ‘n informele gesprek vertel het, dat daar mense van Huis Horison is 'n organisasie vir diegene wat lewe met kognitiewe gestremdheid.

Soms is die lidmate nie so bewus van die lidmate wat lewe met gestremdheid nie, maar maak hulle steeds ruimte vir hulle. Hulle leer om altyd plek te maak vir alle mense binne die ruimte van die kerk byvoorbeeld deur ‘n parkeerplek of drie naby die deur oop te hou. Nog ‘n mooi voorbeeld is waar die lidmate wat lewe met gestremdhede by hulle karre vriendelik gegroet word en met hulle rolstoele tot binne die kerk gestoot word.

Ramp Up in Suid-Afrika bied ‘n jaarlikse kalender aan leiers van gemeentes, en in die jaarlikse kalender is daar spesiaal ‘n spesifieke Sondag een keer ‘n jaar opsy gesit vir bewusmaking. Word daar een maal ‘n jaar ‘n spesiale diens gehou vir die lidmate wat lewe met gestremdhede met die oog op bewusmaking.

Eric Carter (2007) praat spesifiek van die belangrikheid van kinders en die bediening rondom kinders wat lewe met gestremdhede. Bewusmaking onder die portuurgroep op ‘n jong ouderdom speel ‘n belangrike rol, veral as die kinders ouer word. Kinders is die toekoms, indien ‘n mens ‘n volgende generasie wil hê, moet ‘n mens hulle op ‘n jong ouderdom blootstel aan bewusmaking vir die insluiting van alle mense. Kinders wat lewe met gestremdheid is nie ‘n projek nie, maar mense en lidmate.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Klein-groepies waar mense by mekaar kom buite die kerk om die Woord te deel is nog so manier van omgee en sorg vir alle lidmate. Dit blyk die beste te wees, die omgee-groepies.

Jean Vanier (2008:94) gebruik die voorbeeld dat hy nie sy gemeenskap van L'Arche 'uitgedink'[59] het nie, maar dat God dit gedoen het. 'n Mens kan dieselfde van insluiting sê. Die insluiting is nie deur die kerkleiers uitgedink nie, maar het vanselfsprekend gebeur, maar nietemin kan 'n mens God se hand daarin sien as deel van die missio Dei.

Reynolds skryf, "God calls the people to care for the stranger, the orphan, and the widow" (2008:199). Dit openbaar iets van God se hart en gasvryheid teenoor die ander, in die sin dat dit handel oor die mense wat anders is as 'n ander groep mense. Gasvryheid is 'n belangrike deel van die alledaagse lewe en veral wat lidmate wat met gestremdhede leef, betref. Hulle behoort welkom te voel en ingesluit te voel.

Uitsluiting

Geen kerk is perfek nie, en soos soms kan 'n mens nie anders as om bewus te wees van die leemtes wat in sekere gemeentes is nie, soos byvoorbeeld dat daar soms lidmate en gemeentelede is wat nie met opset nie maar uit onkunde die lidmate met gestremdheid uitsluit. Deur die verloop van die studie was daar wel gevalle waar die gemeente nie bewus was van diegene in hulle gemeente wat lewe met gestremdhede nie.

---

[59] Vanier (2008:94) gebruik die beeld van 'uitgedink' deur na 'n persoon te verwys wat die volgende stelling gemaak het: "That you're here is a miracle. I couldn't have thought you up or imagined the church. God did". Die konsep van 'uitgedink' wys tot hoe min die mens eintlik in staat is, maar die almagtige hand van God in die alledaagse sake binne die raamwerk van die heelal. God is so lief vir elke mens dat Hy selfs ruimte maak vir diegene wat meestal agterweë gelaat word in die samelewing.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Soos die organisasie Ramp Up tereg stel, is daar steeds baie kerke oor die wêreld wat nie die lidmate wat lewe met gestremdheid met ope arms ontvang binne die konteks van die kerk nie. Juis om die rede moet daar aandag gegee word deur die gemeenteleiers te vermaan om die lig te sien aangaande die saak van insluiting en sodoende uitsluiting te vermy.

Sub-tema

Subtema 1.1: Positiewe aspekte: Bevordering van insluiting

Insluiting in die raamwerk van die geloofsgemeenskap kan as ’n krisis gesien word vanweë diegene wat agterweë gelaat word. Moltmann (1993) ’n mens in enige krisis opnuut die volgende drie vrae moet vra: Waar kom jy vandaan?, Waarheen is jy op pad? en Wie is jy?[60] Die vrae bied ’n platform waar die kerkleiers opnuut oor die bevordering van insluiting kan dink. Die vrae bring volgens Moltmann hoop in ’n krisis.

Na aanloop van die vorige woorde van Moltmann, moet ‘n mens, jouself afvra: “Wat dink u gee aanleiding tot die bevordering van die lidmate wat met gestremdhede in die kerkkonteks leef?”

Die eerste ding wat uitstaan is gemeentekultuur: wat is die gemeente se beleid, visie en missie ten opsigte van die lede wat lewe met gestremdhede. Is dit insluitend en dra dit by tot ‘n holistiese kultuur van omarming en bewusmaking van die teenwoordigheid van mekaar se teenwoordigheid? Om in mekaar se teenwoordigheid te wees, gestremd en nie-gestremd, speel ‘n belangrike rol in die sin dat dit grense oorkom en mekaar omarm vir wie die persoon is, aanvaarding.

---

[60] Mense met gestremdhede vra dikwels die eerste vraag, Waar kom ek vandaan?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Leierskap speel ‘n belangrike rol; dis juis die leierskap wat die gemeentelede bewus maak van alle mense se insluiting. Leierskap kan byvoorbeeld in die raamwerk van die erediens die lidmate met gestremdheid insluit soos byvoorbeeld om deel te neem aan die lofprysing deel van die diens. Leierskap kan verseker dat die lidmate ingesluit word in die argitektuur deur seker te maak daar is die nodige toegang.

Kinderbediening speel ‘n belangrike rol, deur die kinders op jong ouderdom bewus te maak van die lidmate wat lewe met gestremdheid. Die belangrikheid om die kinders wat lewe met gestremdhede kan nie genoeg beklemtoon word nie, soos byvoorbeeld in Thomas Reynolds se inleiding van sy boek beskryf hy die crux van hoe belangrik dit is om kinders in te sluit. Sonder die kinders se bewustheid van insluiting, is daar nie ‘n omarming in terme van ‘n toekoms nie.

Om blind te wees beteken nie jy kan nie “sien” nie. Die mense wat lewe met gestremdhede is steeds mense en dit is belangrik vir alle kerk om die insiggewende punt te beklemtoon.

Te danke aan die atmosfeer van inklusiwiteit wat meestal in die kerke heers, beteken dit dat die kerkleiers met baie innoverende planne van visie en missie na vore kom inklusiwiteit daar te stel, juis omdat dit ‘n prioriteit vir hulle is. Kerke in Suid-Afrika het onder andere verskeie bedieninge gestig soos Bridging Abilities, Ramp Up en Inspired to Become as voorbeelde om aktief betrokke te bly en God se liefde aan mekaar te toon. In Kanada is daar weer ‘n beleid soos Leading with Care wat stel dat alle mense dieselfde respek en waardigheid behoort te ontvang.

Kategorie 1.1.1: Toeganklike argitektuur en terrein

Die meeste kerke het hulle argitektuur so ingerig of verander om aan te pas by die behoeftes van lidmate met gestremdhede.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Subkategorieë

1.1.1.a Buite in die opelug

1.1.1.a.1 Parkering en sypaadjies

Die meeste kerke bied voldoende parkering vir lidmate wat met gestremdhede leef, alhoewel daar nogtans ’n paar kerke is wat hindernisse bied vir mense wat met gestremdhede leef met betrekking tot parkering. Die beeld van verwelkoming kom in gedrang as parkering en sypaadjies nie voldoende is vir die lidmate wat met gestremdhede leef nie (Carter, 2007:10). ‘n Goeie voorbeeld is as lidmate die verwelkoming en gasvryheid betoon, wat nodig is vir ’n inklusiewe atmosfeer in die ruimte van die geloofsgemeenskap. Soos byvoorbeeld om ‘n lidmaat in beheer te stel van die verwelkoming, deur die lidmate wat lewe met gestremdheid te verwelkom by hulle karre en indien nodig selfs hulle rolstoel te stoot, indien nodig.

1.1.1.a.2 Speelparke en ontspanningsareas

Dit is juis by speelparke en ontspanningsruimtes waar vriendskappe aangeknoop word en gasvryheid ontbloot word. As lidmate met gestremdhede nie toegang tot die areas het nie, verval die konsep van ’n hartlike, inklusiewe atmosfeer van die geloofsgemeenskap en kan kwade gevoelens, onsekerheid en ongemak na vore tree.

1.1.1.a.3 Kerkkampe se terrein

Die kerkkampe se terrein kan ’n eksklusiewe milieu raak indien dit verhinder dat mense wat met gestremdhede leef toegang verkry. Soos reeds genoem, is die milieu ’n plek waar kononia en diakonia vloei en onder lidmate as liggaam van Christus ingeweef word. As lidmate agterweë gelaat word, veroorsaak dit ’n onvriendelike atmosfeer wat nie verwelkomend is nie. Spanbou is ’n belangrike element van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

terrein, en toegang is juis nodig vir lidmate met gestremdhede sodat hulle deel van die geloofsgemeenskap se spanbou-aktiwiteite kan vorm.

1.1.1.b Binne die kerkruimte

In hierdie studie is na ʼn aantal ruimtes in die kerk gekyk om vas te stel of dit inklusief is of nie. Daar gaan na die volgende temas deeglik gekyk word en die temas gaan deeglik bespreek word om te bepaal watter rol leierskap in elk kan speel, om die lidmate wat lewe met gestremdheid binne die kerkruimte te omarm en in te sluit.

1.1.1.b.1 Klaskamers en vergaderingskamers

In baie kerke word Bybelstudie, Bybelskool, kinderkerk en allerhande vergaderings oor kerksake gehou; dit is noodsaaklik dat hierdie terreine toegangklik is vir die lidmate met gestremdhede, andersins word hulle uitgesluit en agterweë gelaat in belangrike besluite en deelname.

1.1.1.b.2 Kononia- (fellowship) areas

Die doel van hierdie areas sluit gebedsgroepe en kursusse in. Dit is nodig vir die lidmate met gestremdhede om deel van die pols van die kerk se hartklop te wees, met ander woorde, hulle moet toegang tot hierdie ruimtes verkry. Henri Nouwen (1996) (Carter, 2007:33) dui egter aan dat die vraag nie is hoe ons lidmate met gestremdhede kan help nie (alhoewel dit ʼn belangrike vraag is), maar eerder hoe diegene met gestremdhede hulle geestelike gawes met ons kan deel en ons roep om liefde te openbaar. Hoe is dit moontlik indien hulle nie eens toegang het tot die kononia-areas nie? Moet hierdie ruimte voorrang geniet as dit kom by toegang en argitektuur.

1.1.1.b.3 Moederskamer

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Lidmate wat met gestremdhede leef en kinders het, wil graag steeds deel wees van die diens, byvoorbeeld ’n vrou in ’n rolstoel. Die moederskamer moet sodoende ingerig wees dat sy deel kan wees en terselfdertyd nie agterweë gelaat word en uitgestoot voel nie. Dit is hier waar vriendskappe aangeknoop word en gelowiges samesyn geniet. Hierdie aspek moet in gedagte gehou word met die uitleg van argitektuur.

1.1.1.b.4 Kleedkamers Leiers van geloofsgemeenskappe moet op die aspekte let, soos byvoorbeeld die argitektuur en toeganklikheid van die kleedkamers. ‘n Kleedkamer wat ‘n hindernis is kan verhoed dat die lidmate wat lewe met gestremdhede kerk bywoon. Juis om die rede moet leiers die behoefte aanspreek deur seker te maak die kerk is toeganklik. Die kerkleiers se rol is om die lidmate wat lewe met gestremdhede se behoeftes aan die kerkraad ensovoorts te klankbord en te kommunikeer.

1.1.1.b.5 Gimnasium (indien daar een is)

Sommige kerke spog met pragtige gimnasiums waar kerklidmate saamkuier en oefen. Dit bring ’n demper in die atmosfeer van inklusiwiteit en gasvryheid indien lidmate met gestremdhede nie deel van die groepaktiwiteite kan wees nie

1.1.1.b.6 Deure en gange

Die afmetings en vorms van deure en gange kan ’n sensitiewe kwessie wees as rolstoele nie daardeur kan gaan nie. Selfs waar die deure geleë is, kan ’n belangrike rol speel.

1.1.1.b.7 Kerkkantore

Vir belangrike afsprake en inligting moet die kerkkantoor soms gekontak word of die lidmaat moet fisies daar uitkom. Is die terrein ’n plek wat toegang aan alle lidmate moet gee, byvoorbeeld as die lidmaat die dominee of pastoor wil sien.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

1.1.1.b.8 Kombuis en eet-area

Dit is in dié area waar brood saam gebreek word en mense deur samesyn mekaar bevriend. Die area is baie belangrik om ’n gebalanseerde en gesonde liggaam van gasvryheid en vriendelikheid in die ruimte van die kerk te kweek.

1.1.1.b.9 Kinderkerk-area

Die kinderkerk-area is waar die grondslag vir geloof neergelê word, asook vriendskappe aangeknoop word. Die area moet vir alle kinders van verskillende ouderdomme en met verskillende gestremdhede toeganklik wees.

Subtema 1.2: Negatiewe aspekte: Belemmering van insluiting

Brock (2012:1) en Reinders (2008:335) skryf albei oor die plek van lidmate met gestremdhede in die ruimte van die kerk. Hans Reinders merk die volgende op in sy navorsing aangaande die saak: “The times that I have asked the ministers and pastors about members of their congregations who are disabled the most frequent response is ‘We don’t have them’”[61].

Hierdie uitgangspunt is juis van toepassing op die kerk wat negatiewe aspekte betref, want eerstens is die kerkleiers nie aldag bewus van hierdie lidmate nie en tweedens, indien hulle bewus is van lede met gestremdhede, gaan dit gepaard met ’n onvermoë en onkunde oor watter behoeftes daar is.

---

[61] Vervreemding (en die Engelse woord lui so mooi, “alienation”) weens onkunde is ’n groot bekommernis. Kerkleiers is dikwels nie bewus van diegene wat met gestremdhede leef nie. Sommige kerkleiers redeneer dat hulle nie lidmate met gestremdhede in die kerk het nie, maar wat van dié wat die kerk wil besoek? Möller verwys na die stelling van ’n ywerige kerkbesoeker wat in ’n rolstoel is (Möller, 131): “But what should we do when visiting there, finding that we can’t get in?”

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kategorie 1.2.1: Ontoeganklike argitektuur en terrein

Carter (2007:9) vertel as volg:

> I will never forget a church that had a sign in front of its sanctuary that declared that the building was 'handicap accessible'. A ramp led up the side of the step to the sanctuary, and then one step remained to enter the church. For many people with disabilities, that one step serves as an apt metaphor for how the church has welcomed them.

Hierdie staaltjie simboliseer iets van die belemmering wat na vore kom as gevolg van argitektuur en kan negatief deur lidmate wat met gestremdhede leef, ervaar word.

Subkategorieë:

1.2.1.a Buite in die opelug

1.2.1.a.1 Parkering en sypaadjies

Erna Möller (2013 130), wat 'n soortgelyke studie in die sosiale wetenskappe gedoen het, verwys na voorbeelde waar mense nie op die terrein rond kan beweeg nie, want dit is nie rolstoelvriendelik nie: "Not many churches are accessible". Dit is 'n bekommernis dat terreine nie oral rolstoelvriendelik is nie.

1.2.1.a.2 Speelparke en ontspanningsareas

Die speelparke, wat gerig is op kinders, en die ontspanningsareas, wat weer gerig is op volwassenes, is soms 'n moeilike terrein, vanweë die nalatigheid van die gemeente met betrekking tot byvoorbeeld fisiese hindernisse. Die hartseer van die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

saak is dat die mense wat met gestremdhede leef nie in die kononia-oomblikke kan deel wat in hierdie areas na vore kom nie.

Kinders met gestremdhede leer nie om in ’n veilige ruimte van kononia te speel en deel te neem nie, weens ’n gebrek aan ruimte vir hulle. Volwasse lidmate wat met gestremdhede leef, kry nie aldag die kans om vriendskappe op te bou en die gevolge van gasvryheid en omarming te beleef nie. Dit bly ’n hartseer kwessie juis binne die raamwerk van die kerk.

Nog ’n belemmering is die toegang tot die kerk met trappe. Juis om die rede moet daar noukeurig aandag aan die argitektuur van ‘n kerk geplaas word en moet die aspek insluiting veroorsaak.

1.2.1.a.3 Kerkkampe se terrein

Die kerkkamp-terreine bied baie fisiese hindernisse wat ontoeganklik is vir diegene wat met gestremdhede leef. Daar sal byvoorbeeld nie ’n rolstoelvriendelike terrein gekies word nie en dadelik laat dit die lidmate wat met gestremdhede leef agterweë. Hulle kan nie deelneem aan die interaksies en samehorigheid van ’n kerkaktiwiteit soos ’n kerkkamp nie.

1.2.1.b Binne die kerkruimte

Seker dele is toeganklik terwyl ander aspekte van die kerk nie die nodige geriewe beskik nie. Ons het ’n ramp, maar die toilette is nie toeganklik nie.

Seker mense binne die gemeenste sien nie die nut vir die veranderinge nie. “These renovations seem a bit much. After all, we don’t have any people with disabilities in our congregation” (Carter, 2007:11).

1.2.1.b.1 Klaskamers en vergaderingskamers

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Lidmate wat met gestremdhede leef, behoort nie van hierdie ruimtes uitgesluit te word nie, want dit is juis hier waar besluite geneem word en mense take deurvoer. Die Engelse uitdrukking beskryf dit mooi: “They must be kept in the loop”.

1.2.1.b.2 Kononia- (fellowship) areas

Areas waar die mense saam kan wees in eenheid, samesyn en gasvryheid is nodig binne die raamwerk ban die kerk. Die samelewing buite die kerk versaf die diens en so moet die areas binne die kerk so diens verskaf.

“If people in your community are going to Wal-Mart in their wheelchairs but not coming to your church, a lot of people from the church call them shut-ins. They’re not shut in they are just shut out of the church” (Carter, 2007:10). Koinónia beteken die volgende (Bible Hub, 2018): (a) contributory help, participation, (b) sharing in, communion, (c) spiritual fellowship, a fellowship in the spirit.

Daar is altyd ruimtes in die kerk vir kuier ná die erediens of selfs voor die diens, maar indien dit nie toeganklik is nie, voel en is die lidmate wat met gestremdhede leef, uitgesluit. Dit weerspreek die gevoel en atmosfeer van gasvryheid waarvan Reynolds (2008) praat.

1.2.1.b.3 Moederskamer

In baie gevalle is die moederskamers nie so geskik vir die moeders van mense wat lewe met gestremdheid nie. “I am sorry to hear about your child. You must be devastated” (Carter, 2007:11). Opmerkings soos die maak dit in baie gevalle, baie moeilik vir ‘n samehorige atmosfeer.

1.2.1.b.4 Kleedkamers

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Dit is nodig dat die kleedkamers die nodige fasiliteite het. In baie gevalle is dit ‘n nagmerrie om die kleedkamer te gebruik.

1.2.1.b.5 Gimnasium (indien daar een is)

Indien die kerk se gimnasium nie vriendelik is vir die lidmate met gestremdhede nie kan hulle uitgesluit en verstoot voel. Die argitektuur asook klasse wat aangebied word en die apparaat moet toeganklik wees vir al die lidmate in die geloofsgemeenskap. Dit bied ‘n gevoel van samehorigheid – waar mense deel voel en saam groepeer as die liggaam van Christus.

1.2.1.b.6 Deure en gange

Carter (2007) vra in sy boek die belangrike vraag: “Kan mense deur die deure van jou kerk kom?” Die vraag geld vir die gange, byvoorbeeld, kan ’n lidmaat met ’n rolstoel in die gange gemaklik rondbeweeg, of is dit te nou?

1.2.1.b.7 Kerkkantore

Die ruimte kan trappe hê, wat lidmate wat met gestremdhede leef toegang verhinder. Dit kan ’n negatiewe uitwerking hê in die sin dat lidmate met gestremdhede te na gekom kan voel.

1.2.1.b.8 Kombuis en eet-area

Die area simboliseer vriendskap en samesyn. Indien lidmate wat met gestremdhede leef nie toegang verkry nie, belemmer dit die kerk se beeld van gasvryheid.

1.2.1.b.9 Kinderkerk-area

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"It seems like a lot of energy and effort when we can't really be sure that Louise will actually get anything out of being in Sunday school with the other children" (Carter, 2007:11).

Subtema 1.3: Ontoeganklike erediens

Kategorie 1.3.1: Liturgie-struikelblokke

Liturgie is 'n belangrike aspek van die erediens. Dit kan 'n struikelblok wees indien lidmate met gestremdhede nie deel kan neem nie. Die rol van die leiers in die geloofsgemeenskap is om al die lidmate van die gemeente in te sluit in die gemeentepraxis, veral in die liturgie.
Volgens Möller (2013: 130) kan selfs die tye van die erediens 'n probleem wees en 'n negatiewe konnotasie na vore bring vir lidmate wat met gestremdhede leef. 'n Mens skep 'n totale nuwe liturgie, in die sin dat 'n mens 'n oorkoepelende liturgie skep wat almal insluit.

Subkategorieë

1.3.1.a: Lof en aanbidding

Lof en aanbidding is 'n medium en oomblik wat in die kerk gebruik word om God te eer vir wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het. Die ruimte word dikwels gebruik om saam as gemeenskap van heiliges die gevoel van eenheid na vore te bring. Dit is 'n gebied waar alle etikette wegval en die mense in eenheid saamkom om God te prys.

Een van die kerke maak 'n punt daarvan om mense wat met kognitiewe gestremdheid leef deel van die lof en aanbidding te maak, voordat hulle na hulle eie diens uitgestuur word. Die gevoel van samehorigheid word geskep, maar terselfdertyd kry hulle die Boodskap op 'n wyse wat hulle verstaan.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Erna Möller (2013:130) verwys in haar studie na die volgende stelling van ’n dowe lidmaat: “In some churches the music is too loud. I can’t cope with it”. Soms moet die kerkleiers drasties ingryp en moet hulle die aanbiddingsruimte verander, want dit kan byvoorbeeld op ’n afdraande wees; dan skuif die rolstoele vorentoe. Al die aspekte moet in plek wees, andersins belemmer dit die lof en aanbidding.

1.3.1.b: Sakramentele deelname

Baie van die leiers was van mening dat die deelname van lidmate met gestremdhede ongelooflik belangrik is, juis vir bewusmaking. Indien ’n lidmaat in ’n rolstoel aan die Nagmaalstafel sit, word daar dadelik ’n ander dinamika in die atmosfeer van die kerk geskep. Ander lidmate sien hoe die lidmaat wat met gestremdheid leef, deel in die breek van die brood en die wyn as simbool van vergifnis, genade, dankbaarheid en eenheid met die liggaam van Christus.

Iets wat hulle insluiting kan verhinder, is as gemeenteleiers sekere lidmate anders behandel. Almal moet op dieselfde wyse hanteer word, en waar daar hindernisse is, moet dit oorkom word byvoorbeeld om die lidmaat wat lewe met ‘n siggestremdheid deel te maak van die nagmaal deur hulle hand te vat en hulle te bedien individueel.

Kategorie 1.3.2: Programstruikelblokke

Verskeie programme word in ’n kerk aangebied, hetsy liefdadigheidsprogramme of spesiale gevalle-programme. Sommige leiers is van die mening dat daar nie spesiale programme aan lidmate wat lewe met gestremdhede gebied moet word nie, want hulle word dan op so wyse uitgesluit en binne die raamwerk geplaas van: ons het hulp nodig. In baie gevalle wil die lidmate wat lewe met gestremdhede deel voel en nie op hulle eie in ‘n uitreik of liefdadigheidsgroepie geplaas word nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

"I'd love to invite my neighbour to attend our church, but we just don't have a program for people with disabilities" (Carter, 2007:11). As 'n mens oop is vir gestremdheid leer hulle 'n mens waar hindernisse is en saam kan 'n mens die hindernisse oorkom.

Kategorie 1.3.3: Kommunikasiegapings

'n Groot dilemma is die kwessie rakende gestremdheid en kommunikasie. In sommige gevalle kan die leiers mense aanstel soos terapeute wat help met die kommunikasie. Tegnologie is vandag 'n wonderlike aspek van die lewe en baie van die mense wat lewe met gestremdhede kan met behulp van IPads "praat".

Met betrekking tot die gebruik van tolke, kan finansies 'n probleem wees weens die duur uitgawe. Nietemin, ter wille van insluiting moet die gemeenteleiers op 'n konstruktiewe manier geld insamel om die tolke te betaal en omarming te implementeer binne die geloofsgemeenskap.

Kategorie 1.3.4: Deelname tydens erediens

Tydens die erediens is daar vele geleenthede vir lidmate met gestremdhede om deel te vorm van die samesyn en byeenkoms van gelowiges, hetsy by die lof en aanbidding of by die Nagmaalstafel. Lidmate met gestremdhede kan selfs betrek word om die kollekte op te neem of om ander take te verrig.

"Sandy really doesn't understand the meaning of communication. I'm not sure we can really allow her to participate" (Carter, 2007:11). Die siening uit die leesstof van Carter beklemtoon dat daar steeds ruimte vir verbetering is, in die sin dat mense met 'n wanpersepsie lewe wat reg gestel kan word deur middel van gemeenteleiers wat 'n positiewe rol speel en die mense inlig oor wat die Bybelse wyse is- omarming en insluiting.

Gehoorbeperkings

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Gebaretaal word soms nie toe gelaat nie, vanweë verkeerde stigmas wat heers. Soms plaas mense die hulpmiddels en wyse van die lidmate se leefruimtes buite konteks as gevolg van ‘n gebrek aan ‘n goeie verwysingsraamwerk.

Tema 2: Kerkleiers se begrip van gestremdheid

Subtema 2.1: Funksionerende teorieë

Volgens Mai Lintveld (2012: 303) van die Instituut vir Dowes is die groot probleem vandag begrip van gestremdheid in die praktyk, die praxis: “Die oomblik as jy dit nie verstaan nie, kan jy nie daarmee werk nie”. Die onkunde is so groot en daar is so baie gestremdhede; dit veroorsaak ’n gevoel van magteloosheid. Begrip van gestremdheid moet eers aangepak word voordat daar op die ‘hoe’ in die praktyk gefokus word.

Daar is ’n groot ding (struikelblok) in die kerk dat gestremdheid gekoppel word aan: jy moet iets vir iemand doen en uitreik na die iemand, volgens Lintveld (2012:303). Terwyl die hele beweging. Die persoon met gestremdheid is eerstens is 'n persoon, 'n mens wat leef gestremdheid. Dit is kern.

Kategorie 2.1.1: Algemene begrip

Die vraag rondom gestremdheid en sondes? Daar heers ’n wanpersepsie. Die populêre siening lui as enige iemand wat nie optimaal kan funksioneer nie volgens die holistiese en hele spektrum.

Kategorie 2.1.2: Unieke begrip

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Soms aanvaar ‘n mens dat ons almal lewe met ‘n mate van ‘n gestremdheid, asook dat ons almal ‘n groter heelheid soek verskuif die klem van andersheid na ‘n holistiese siening van samehorigheid. Om die klem te plaas op mense wat lewe met gestremdheid, is hulle eerstens ‘n mens en nie ‘n gestremdhede persoon nie, maar omarm mens hulle met die taalgebruik.

Subtema 2.2: Eie interpretasie van die gemeenteleier

Kategorie 2.2.1: Opbouende definisies

Enige iets wat nie die natuurlike funksie van die liggaam, kop tot tone, kan gebruik nie, word deur sommige mense bestempel as gestremdheid en dit is nie net van toepassing op die “ander” nie, maar op almal en juis om die rede is dit opbouend.

Kategorie 2.2.2: Transformerende landskap

‘n Transformerende landskap sluit is ‘n landskap wat fokus op die oorkoepeling van andersheid as gedeelde ruimte. Almal deel in die ruimte van uniekheid en juis vanweë die rede is gestremdheid ‘n meting vanuit die mens self, die mens se uniekheid en andersheid, wat alle mense deel in ‘n mate.

Tema 3: Die Vader se hart rakende gestremdheid volgens kerkleiers

Subtema 3.1: Sienings en interpretasies van ‘nou’

God kyk na die met dieselfde oog, deur die lens van Christus. Die gerealiseerde nou behels dat ‘n mens daarna moet streef om net soos God, die mens te sien via die bril van Jesus.

Subtema 3.2: Wat ‘behoort’ dit te wees?

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Jesus het ʼn spesiale omgee gehad vir die uitgestote mense , armes, siekes, vrouens en kinders. Die Vader se hart is vir almal presies dieselfde; om heelheid vir almal te gee, dit behoort so tussen mekaar te wees.

Tema 4: Geloofsgenesing in die ruimte van die kerk

Subtema 4.1: Bybelse interpretasie

Die eerste ding is Daniël se drie vriende het gesê hulle sal God bly dien, ongeag. Jou geloof moet gefokus wees op Christus, dis klaar die wonderwerk. Dis nie vir ons om te besluit nie; God is die een wie genees. Ons verstaan nie dit nie, die lewe is verganklik.

Subtema 4.2: Wêrelduitkyk: Normalisasie as slagspreuk

Ons het nie beheer daaroor nie en kan dit nie manipuleer nie. Ons sien die gestremdheid as ʼn tekort en ʼn kwaal en dra die boodskap oor wat sê daar is fout met jou. Dis nie reg nie. Daar kort ʼn balans en dis moeilik.

Hierdie woorde van een van die pastore of predikante kom neer op die gesprek van normalisasie. Jean Vanier (2008:60) en John Swinton (2008:10) verstaan waarvan hierdie predikant of pastoor praat wanneer hulle van ʼn balans praat. Hulle beskryf die kwessie van normalisasie en dié van abnormalisasie as twee wêrelde wat in balans gebring moet word.

Wanneer ʼn persoon abnormaal is, moet daar iets gedoen word om die persoon te normaliseer, en dit verwys gewoonlik na die term ‘genesing’ (Möller, 2013 :131). Die volgende stellings word deur Erna Möller in haar navorsing van diegene wat slagoffers is van normalisasie 'n negatiewe konnotasie is na vore gebring:

> “They always want to ‘fix’ you, it seems [as if] my disability is not acceptable.”

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

> "They prayed for me, without asking my permission, took off the footrests of my wheelchair and started pushing and shouting at me, WALK!"

Hierdie praktyke het ʼn negatiewe uitwerking op diegene wat met gestremdhede leef; dit laat hulle twyfel in hulself as mens en in hulle Skepper.

Subtema 4.3: Wat is die stand van sake in die kerk vandag?

ʼn Mens sal moet dink aan God en lyding. As mense wat nie weer kan loop ná ʼn ongeluk nie vat hulle eerste die mediese pad en dan die geloofpad. Ek is opgewonde oor wat die wetenskap vir ons kan regkry. Wetenskap en teologie loop hand aan hand. Die genade van die nulpunt, daar moet die mense regkom. Ek sal sê ʼn mens moet altyd al twee paaie loop, die mediese pad en die geloofspad van gebed. Die dilemma is almal wil heel wees hier. Genesing is nie die doel nie, maar die byproduk.

Subtema 4.4: "Overdosing on religion": Meer skade as goed?

"Faith healing was and is so utterly distorted. We must listen as Jesus listened to the Father." (Möller, 2013 :131). Ons het nie beheer daaroor nie en kan dit nie manipuleer nie. Ons sien die gestremdheid as ʼn tekort en ʼn kwaal en dra die boodskap oor wat sê daar is fout met jou. Dis nie reg nie. Daar kort ʼn balans en dis moeilik.

Moenie praat van 'geloofsgenesing' nie, maar eerder van 'Godsgenesing'. Die skep van ʼn verkeerde illusie van genesing in die ruimte van die kerk het volgens Treolar (2013) meestal te make met die verkeerde interpretasie van Bybelse tekste. Die interpretasies het te make met foutiewe en oeroue-sienings van gestremdheid (2013: 5–31).

Subtema 4.5: Terapeutiese teologie, ʼn holistiese benadering van hoop en menswaardigheid

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoekom nog wonderwerke soek as die grootste deel van die lewe klaar ʼn reusagtige wonderwerk is? Die vraag is ‘n baie goeie vraag, want die mens is alewig op soeke na die volgende wonderwerk in plaas daarvan om te berus in die wete dat die lewe reeds een reusagtige wonderwerk is. Die blote feit dat ‘n mens lewe en asem haal is juis ‘n wonderlike wonderwerk. Die mens lewe, lewe met “borrowed breath”, waarvan soveel teoloë onder andere Michael Allen (2014: 25) praat. Die lewe is geleen en hierin lê die glorie, waardigheid asook die hoop daarvan.

Tema 5: Skrifgedeelte en Godsbeelde gekoppel aan gestremdheid

Subtema 5.1: Positiewe en konstruktiewe benadering

Saam met die Here kan ʼn mens anders na gestremdheid kyk. Jy moet vir die gestremdes lewe spreek en sê jy het ʼn plekkie onder die son. Enige iemand met die vermoë om liefde te gee en liefde te ontvang, is die beeld van God. As ons gestremdes uitsny, is ons net ʼn halwe beeld van God. Jesus het sy stukkendheid behou, selfs in die Nuwe Testament met al die wonders het hy die broosheid van die mens beklemtoon. In die Ou Testament kyk na ʼn Psalm wat sê God beskerm die weduwees en in ʼn mate val gestremdheid daaronder. Dis nie die metode nie, maar sy verhouding met die mens.

Subtema 5.2: Negatiewe en destruktiewe benadering

Daar was nie negatiewe benaderings wat na vore gekom het tydens die navorsing nie.

Subtema 5.3: Maatstaf

Oor die algemeen is positiewe en gesonde beelde van heelheid gebruik binne die raamwerk van die studie.

Tema 6: Lidmate se gevoel teenoor mekaar

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Subtema 6.1: Opbouende uitkyk

‘n Mens moet eerder met hulle self gaan praat, die uitkyk van ‘n leierskapsoogpunt maak dat die lidmate wat lewe met gestremdheid verwelkom word asook deel voel van die gemeente. Die hele konsep van ‘n hand-uitsteek-na-mekaar, is ‘n opbouende invalshoek.

Subtema 6.2: Ruimte vir verbetering

In praktyk is dit nag. Dit vra iets van mense. Dit vra meer. Daar is kosbaarheid omtrent mense met gestremdhede se geloof, omdat dit nie afhanklik is van wat die Here vir hulle doen nie (hierdie is natuurlik ’n veralgemening, maar dit is hoofsaaklik wat ek uit interaksie met my gestremde vriende wat die Here ken, waargeneem het). Lidmate met gestremdhede het, soos die armes, ongelooflik baie om ons te leer van vreugde en deursettingsvermoë in moeilike omstandighede. Gestremde lidmate kan ons help om die wêreld van gestremdes beter te verstaan en beter voorbereid te wees vir hulle.

Tema 7: Begeleiding van kerkleiers rakende lidmate wat met gestremdhede leef

Stackhouse (2013: 35-49) skryf in die boek My church: Inclusion for persons with all abilities dat kerkleiers se bewustheid van mense met ander vermoëns ’n belangrike aspek is: “As a general principle the pastor is responsible but the congregation is also liable. The pastor should negotiate them to take care. One must be careful to over extend the pastor”.

Subtema 7.1: Pastorale invalshoek: Doen-en-wees-funksies

Stackhouse meld die volgende aangaande die pastorale uitdaging wat die kerk in die gesig staar: Die uitdaging is om die gemeente te nooi, te integreer en in te sluit in al

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die fases van die lewe, veral diegene met verskillende vermoëns. Ons bied pastorale hulp aan lidmate met gestremdhede, is die meeste gemeenteleiers se uitkyk.

Subtema 7.2: Holistiese benadering

Calvyn skryf in sy Institusies 1.14.4 dat die teoloog se taak nie is om ore besig te hou met gesels nie, maar eerder om die gewete te versterk deur dinge te leer wat waar, seker en winsgewend is. Creamer (Brock: 217–218) gaan verder deur te stipuleer dat die rol van die pastoor of predikant is om die mense op só ’n wyse te leer dat die gemeenskap aan die teenwoordigheid en die krag van God herinner word en in die sekerheid bemoedig word om dit uit te leef.

Subtema 7.3: Menslike welstand

Die menslike welstand is belangrik wanneer dit kom by mense wat lewe met gestremdhede. Menslike welstand dui op ‘n breë konsep wat die raamwerk van die mens se daaglikse bestaan insluit, ‘n holistiese benadering van die totaliteit van ‘n mens wat die persoonlike sowel as sosiale insluit. Die rol van die leiers is om die mense in die kerk se menslike wese op te hef. ‘n Goeie voorbeeld hiervan is die 10, 2, 9 tegniek:

- Tien dui op die tien gebooie in die Ou Testament.
- Twee dui op die twee belangrikste gebooie in Nuwe Testament.
- Nege dui op die vrugte van die Gees.

Met die tegniek as maatstaf kan die leiers binne die ruimte nie verkeerd gaan nie want dit is ‘n praktiese metode van menslike welstand.

Tema 8: Kerkleiers se rol

Subtema 8.1: Dryfkrag: Teenwoordigheid bepaal deelname

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Olson merk op dat mense met verskillende vermoëns hom geleer het dat, ongeag lewensomstandighede, dit ʼn mens se verhouding met God is wat die bron van die lewe is. Is dít na sy mening die dryfkrag wat leiers moet najaag.

Subtema 8.2: Toeganklikheid, insluiting en om te behoort van lidmate wat met gestremdhede leef

Die lidmate wat met gestremdhede leef, moet voel hulle behoort, hulle moet deel voel van die gemeente en samelewing. Sonder die gevoel van samehorigheid, word hulle agterweë gelaat en belemmer dit die liggaam van Christus.

Kerkleiers se houdingsverandering teenoor lidmate wat met gestremdhede leef
Die kerkleiers het oor die algemeen ʼn positiewe uitkyk gehad. Daar was slegs enkeles wat nie bewus was van lidmate wat met gestremdhede leef nie. Die meeste het ʼn oop gesindheid gehad en wou hierdie lede bemagtig en insluit, soos wat hulle behoort te doen.

Subtema 8.3: Etiek van omgee en versorging

Wanneer daar oor etiek en gestremdheid besin word, is dit belangrik om in dialoog met ander wetenskappe te tree. Vir Moltmann (2009:181) is die waardigheid van die mens geleë in die mens se identiteit as ʼn wese vir wie God lief is. Die mens se waarde word Christologies bepaal: God se liefde vir die mens in Christus. Liefde, ingevolge wet, is die regte van die naaste en erkenning van die naaste. Menswaardigheid is die teologiese grondslag van menseregte.

4.3 Dialoë met ander wetenskappe en modelle

4.3.1 Sielkunde as wetenskap: Sosiale-identiteitsteorie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die sosiale-identiteitsteorie verwys na die individu se soeke na geïnternaliseerde groeplidmaatskap. Met ander woorde, dit handel oor die gevoel van die persoon wat hom of haar deel wil laat vorm van ’n sekere sosiale groep, waarvan lidmaatskap belangrik en betekenisvol is. Daarom, as gevolg van sosiale identiteit, voel ’n persoon deel van ’n nasie, organisasie of klub en vorm hy of sy as lidmaat saam die geheel van die woord “ons”, byvoorbeeld “ons” is lidmate van so en so kerk.

Nog ’n belangrike aspek van sosiale identiteit, indien nie die belangrikste nie, is dat die teorie mense lei en laat lei. Dit is juis in die invloed van ’n gedeelde gevoel van ‘ons’ waar die hart van doeltreffende leierskap lê. Die kerkleiers hou die sosiale identiteit saam, maar dryf dit na ’n rigting wat saam gestuur en gegroepeer word.

Hoekom is die teorie egter belangrik vir hierdie studie? Juis omdat die kerkleiers die gevoel van ‘ons’ moet genereer en in die geloofsgemeenskap aandryf. Die metaforiese grense moet afgebreek word en die lidmate moet saam ’n geheel van ‘ons’ vorm, ongeag die normaliteit of abnormaliteit van die fisiese, psigiese of kognitiewe funksies van elke individu.

4.3.2 Mediese wetenskap: Die mediese funksionele model

Volgens Mitra (2005:7) en Mdluli (2012:18) word gestremdheid in die mediese model beskou as ’n probleem wat veroorsaak word deur siekte (wat dan lei tot veranderende fisiese of emosionele omstandighede), beserings (soos ’n oorlog, ongeluk of geweld) of ’n gesondheidstoestand (as gevolg van armoede of ’n ongesonde lewenstyl).

Hierdie probleem van gestremdheid word volgens die mediese model as ’n mediese aangeleentheid beskou; die gestremdheid kan deur mediese ingryping herstel of verlig word. Dit sluit ’n welsynsbeen in, aangesien waar mediese ingryping nie tot herstel kan lei nie, die gestremde aangewese is op welsynsprogramme as sosiale ingryping op die gestremdheid.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die vertrekpunt is dan die vooroordeel teenoor en vrees vir die gestremdhede. Die onus rus op die nie gestremde om te besluit wat die beste oplossing vir die gestremde is. Dit is ’n neerbuigende en neerhalende siening vanaf die kant van die nie-gestremde teenoor die gestremde.

4.3.3 Sosiale wetenskap

In die sosiale model word gestremdheid geskep deur die omgewing waarin die gestremde leef, byvoorbeeld wanneer ’n gestremde nie werk vind nie is dit eerder as gevolg van die ontoeganklikheid van die omgewing as die onvermoë van die gestremde om te werk. Volgens hierdie model word die gestremdheid dan ’n menseregte kwessie; die reg van die persoon met gestremdheid word geskend deur byvoorbeeld geboue wat ontoeganklik is vir die gestremde, skole wat nie ingerig is vir gestremdes nie, ens. Dit is die omgewing wat gestremd is.

4.5 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die data van die gevallestudies en die navorsing van verskeie kerke in die temas van die vorige hoofstuk uiteengesit en deeglik bespreek. Die kern konsepte is ondersoek aan die hand van verskillende ander wetenskappe deur middel van dialoog. Die samevatting is dat die interpretasie van data steeds ruimtes uitwys waar kerkleiers met gasvryheid, vriendelikheid en deernis na vore kan tree en lidmate wat met gestremdhede leef deel kan maak van die kerk ruimte en geloofsgemeenskap.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

4.6 Gevolgtrekking

Dit is nodig om met die teologiese wetenskap in monoloog/dialoog te tree. In die volgende hoofstuk word daar na ’n moontlike teologiese model en uiteensetting gekyk as normatiewe besinning deur die Bybelse teologiese perspektiewe, naamlik die insigte vanuit die Ou en Nuwe Testament.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 5

Teologiese Aanspraak

5.1 Inleiding

Teologie het nie spesifiek alleenlik met woorde te make nie, volgens Jean Vanier (1970). Teologie het eerder met die Woord[62] wat vlees geword het en onder ons kom woon het, te doen, die Woord Immanuel, God met ons[63].

Die hoofstuk handel oor die aanspraak, narratief en inset vanuit die Teologie delf die hoofstuk dieper in die Bybel Tekste. [64]Die hoofstuk vra die vraag af: Hoe behoort die praktyk te lyk, spesifiek gefokus op die teologiese benadering en *praxis*[65] volgens die Woord van God?

Na aanleiding van die volgende aanhaling (Black, 1996:11) blyk dit duidelik dat gestremdheid en teologie nie ’n maklik onderwerp is nie, veral nie saam nie.

---

[62] Die Woord verwys hier na Jesus Christus. Die Woord wat mens geword het en onder die mense kom woon het.

[63] Die ons word hier spesifiek gebruik om samehorigheid tussen die mens in sy/haar diversiteit te bewerkstellig. Die ons breek die grense en bind die mens saam as geheel in eenheid. Soos die woorde van T. Reynolds lui :“At the cross, Jesus subjects himself to disability, and his resurrected body continues to bear his scars as a sign of God's solidarity with humanity.” Dit handel oor die solidariteit tussen mens en God asook tussen mens en mens.

[64] Die Bybel Tekste verwys na die Ou en Nuwe Testament.

[65] Praxis dui op die Latynse en Griekse woord: *praxis* wat in Afrikaans as "praktyk" vertaal kan word. Die konvensie, benadering of gewoonte wat gebruik word om die Woord van God uit te lê. Die praktiese beskrywing van die woord: hoe daar met die Woord in praktyk gehandel word.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Last spring, a young man named Sig died. He was the twenty four year old son of a United Methodist minister. Sig was born with a form of epilepsy that was never totally controlled but was managed by medication. He became involved in a church (not the United Methodist) that welcomed him warmly and included him in their fellowship. But this church preached that if he just had enough faith, he would be *healed* of his epilepsy. Encouraged to prove just how much faith he had, Sig stopped taking his medication. Soon afterward, he suffered a severe seizure and died. As his mother says, he overdosed on religion.

Die bogenoemde aanhaling weerspïeel 'n deel van die wanpersepsie van kombineerde geloof asook gestremd binne die kringe van die geloofsgemeenskap. Gestermdheid word soms om 'n mens se nek gehang as 'n etiket van ongeloof. In baie gevalle, veral in sekere denominasies word gestremdheid gesien as 'n sonde, ongeloof of 'n struikelblok om 'n holistiese lewe te leef. Onlangse deurbrake op die gebied van gestremdheidsteologie[66] laat die mens weer opnuut aan God, gestremdheid en die verband tussen die twee dink.

Voordat ŉ mens in diepte na die dinamika van God en gestremdheid kyk, moet daar eers ŉ paar kerngedagtes[67] en terme neergelê word. In hierdie hoofstuk word daar veral aandag gegee aan die normatiewe besinning deur na Bybelse teologiese perspektiewe te kyk. Daar word op die Ou Testamentiese bronne, veral Job, gefokus en na Reynolds (2008) en Eiesland (1994) gekyk in verband met die Nuwe

---

[66] Gesteremdheidsteologie is 'n relatiwe nuwe veld binne die raamwerk van Teologie. As Teologie as die stam gesien word kan Gestremdheidsteologie as 'n vertakking van teologie beskou word. Dit volg in die eweknie van Bevrydingsteologie en Feminismetoelogie ens. Soos reeds in die tesis geargumenteer word die tipe Teologie gesien as 'n bevrydingsteologie van 'n groep mense wat agterweë gelaat is in die samelewing. Vandaar word daar opnuut na die groep mense gekyk en hulle word op gehef binne die raamwerk van die Teologie.

[67] Kerngedagtes verwys na die kernbegrippe asook gedagtes wat neergelê word in die tesis om die argument verder te staaf.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Testamentiese bronne. Eiesland (1994:20) verwys na die teologiese metode soos volg: Daar is ’n noue band tussen die teologiese metode en praktiese teologie, omdat die teologie oorgaan in praktyk as dit kom by die teologie van gestremdheid.

Toeganklikheid[68] speel volgens Eiesland (1994:20) ’n belangrike rol, want aan albei kante moet toeganklik seëvier, naamlik: van die persoon met gestremdheid se kant asook van die nie-gestremde se kant. Met ander woorde, mense met gestremdhede moet toeganklikheid bied vir diegene wat nie gestremd is nie, veral as dit kom by die sosiaal-simboliese aspekte van hulle lewens.

Die kerk, aan die ander kant, moet oop wees om die sosiaal-simboliese aspekte van die lidmate van die kerk met die gestremde lidmate te deel. Die sosiaal-simboliese aspekte beeld die teologie in praktiese vorm van die hedendaagse lewe uit, met ander woorde daardie aspekte waar die teorie oor gaan in praktyk en sigbaar is soos byvoorbeeld: gasvryheid teenoor die totaliteit van die mensdom: insluitend die wat lewe met gestremdheid.

Block (2002:131) skryf: “The body of Christ presumes a place for everyone”. Die “everyone[69]” sluit die lidmate wat met gestremdhede leef in. Dit is noodsaaklik dat

---

[68] Toeganklikheid word duidelik gedefineer as volg: die wyse waarop 'n spasie bekombaar is vir verskeie mense, soos byvoorbeeld kan 'n persoon met 'n rolstoel binne die kerk terein maklik rondbeweeg of is daar slegs trappe? Die vrae word deur kerkleiers gevra om die kerkgebied op 'n fisiese vlak meer toeganklik te maak vir mense wat leef met gestremdheid. Terselfdetyd moet daar ook aan nie-fisiese aspekte aandag geskenk word, soos byvoorbeeld: heers daar 'n atmosfeer van 'n toeganklike gesindheid teenoor diegene wat lewe met en sonder gestremdheid ten opsigte van mekaar.

[69] Die woorde van Block se beklemtoning rus op die woord: "everyone". Almal, in Afrikaans en die "almal" is nie 'n eksklusiewe manier van taalgebruik nie maar eerder inklusief vanwee die feit dat die taalgebruik almal omarm. Binne die veld van teologie moet daar ook gekyk word na die taalgebruik in die sin: is dit polities korrek maar nog meer as dit, sluit dit almal in. Wachsler so dit goed op deur te stipuleer dat die mens wag moet beweeg van diskriminerende taalgebruik en etikkete en eerder moet praat van: "gestremdheid status" as om te praat van gestremd of nie gestremd (S.Wachsler)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die kerkleiers ’n ruimte skep vir lidmate met spesiale behoeftes, nie omdat hulle anders is nie, maar eerder omdat hulle so deel is van die liggaam van Christus.

Die bogenoemde woorde van Block is juis in ooreenstemming met Jesus se bediening op aarde. Sy *missio Dei* was een van insluiting en omarming vir "everyone", en met die uitnemende voorbeeld wat aan 'n mens geopenbaar is deur die Woord, kan 'n mens nie anders as van die veronderstelling uitgaan om dit te volg nie.
In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word hoe dat ’n aantal teoloë die Woord van God vanuit ’n teologies-inklusiewe benadering[70] teenoor diegene met gestremdhede interpreteer en beskryf.

5.2 Teologie van gestremdheid

Eisland (1994), Moltmann (1993) en Reynolds (2008) lê klem op die teologiese perspektief van gestremdheid as gedragsverwant teenoor spirituele kondisies deur die ontbloting van die betekenis van die *imago Dei* (Gn. 1:26–27), veral in verhouding met gestremdheid met ander woorde die beeld van God speel ‘n belangrike rol in die gestremdheidstudies.

Volgens Mdluli(2011:15) is die *imago Dei* en die inkarnasie twee belangrike temas in die teologiese perspektief wat met liggaamlike teologie ooreenstem. Liggaamlike teologie fokus op die inherente goedheid en waardigheid van die mensdom. Alle vorme van gestremdheid word in onkunde as ’n resultaat van sonde bestempel, hetsy indirek of direk. Alhoewel dit die geval is, is die oorheersende tendens as volg

[70] Die teologies-inklusiewe benadering handel oor 'n uitkyk wat almal insluit.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

beskou: Die mens is in sonde ontvang en gebore, maar het ’n goddelike identiteit[71] omdat die mens na die beeld van God geskape is. Daarom, selfs al is die oorspronklike rein beeld deurtrek met sonde, bly dit steeds daar.

Dit beteken dat alhoewel die menslike liggaam uit verskeie onvolmaakte dele bestaan; die mens steeds geskape in die beeld van God[72] geskape is en hierin lê die mens se waarde. Daarom moet die mens die waarde in ander mense raaksien en in liefde, dankbaarheid en genade vier, ongeag.

Inkarnasie[73] is ’n ander aspek van die liggaamlike teologie. In die inkarnasie sien ’n mens God die gestalte van ’n mens, naamlik Jesus Christus, aanneem. Dit vorm die basis en hoeksteen van die evangelies. Jesus was ’n ware mens wat al die kenmerke van die mens ten toon gestel het, soos om kwaad te word (Mk. 3:5), gefrustreerd te raak (Mk. 9:19) en liefde, simpatie en empatie te bewys (Mk. 1:41). In Markus word die liggaam van Christus as menslik, maar steeds goddelik beskou. Net so is dit met diegene met gestremdhede; hulle is menslik, maar besit inherente waarde omdat hulle in die beeld van God geskape is. Hulle kan hulle vereenselwig met Eiesland se beeld van die gestremde God aan die kruis (Moltmann-Wendel, 1995:46).

---

[71] Die mens se waarde is inherent van God af: die mens kry sy/haar waarde as skepsel van die Skepper. Max Lucado het die bekende kinderboekreeks geskryf van die houtmensies wat hulle identiteit by die Houtmaker ontvang, dit is 'n mooi metafoor vir wat Mdululi ook in die gedeelte wil verduidelik.

[72] Die imago Dei of beeld van god word in vorige voetnota's uiteengesit.

[73] Die word deur teoloë gebruik om daarop te dui dat Jesus die menselike vlees aan geneem het, maar steeds die Seun van God was en is.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Op die vlak van grense[74] speel teologie ’n belangrike rol. Sekere kenners soos Wilke (1980) en Webb-Mitchell (Webb-Mitchell, 1996:51) lê klem op die eksklusiewe benadering van die kerk met argitektuur en sosiale, historiese en teologiese grense wat nie inklusiwiteit onder mekaar bewerkstellig nie. Die kerk, spesifiek die kerkleiers, het ’n sosiale verantwoordelikheid om na diegene wat anders aanmekaar gesit is, uit te reik. God is die een wat die mens geweef het, en as Hy mense anders gevorm het, wie is die kerk om hulle te verwerp en uit te sluit? Inteendeel, *koinonia*[75] en *diakonia*[76] moet juis aan hierdie persone bewys word (Louw, 2008:65).

Newman en Tada (1993) verwys spesifiek na die rolle wat kerkleiers en vrywilligers speel om die kerk meer inklusief te maak. Daar word na bronne verwys wat in dié gevalle behulpsaam kan wees.

5.2.1 Godsbeelde in die Bybel: Inleiding

Die Godsbeelde fokus op hoe die beeld van God uitgebeeld word in die raamwerk van die Woord van God. Die doel van ’n Godsbeeld is om ’n metafoor te skep waarin die mens iets van God probeer saamvat; sy aard probeer verduidelik. Daar word in

---

[74] Die aspek van grense staan in noue verbintenis met Hoofstuk een van die studie waar dit ook in detail bespreek was deur onder ander die missioloog David Bosch. Later in die navorsingsstudie word daar ook na die gedig van Robert Frost verwys van Mending Walls wat ook die tema van grense verder dwarsdeur die navorsingstudie as goue draad illustreer.

[75] Die term is afkomstig van die Griekse *koinōnia* wat samehorigheid met God en medemens impliseer. Die Engelse taal beklemtoon die essensie van die woord dalk mooier met die woord: "fellowship".

[76] Alhoewel daar verskillende interpretasies is van die Griekse woord is die beste een in die geval: die handeling om diegende in nood te help.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

die Ou en Nuwe Testament na verskeie Godsbeelde op die gebied van gestremdheid in die raamwerk van teologie verwys. (Louw, 2007)

5.2.2 Godsbeelde in die Ou Testamentiese bronne

Wanneer daar in hierdie studie gekyk word na Godsbeelde, geskied dit vanuit die perspektief van die mense wat met gestremdhede leef. Hierdie gestremdheidsperspektief is ŉ relatiewe nuwe gebied in die teologie en het hoofsaaklik as verset teen die bestaande mediese en sosiale modelle van gestremdheid ontstaan. Veral word in die studie op hulle bydraes gefokus, veral vanuit die boek Job.

5.2.3.1 God en die hofsaak in Job

In die boek van Job kla Satan vir Job in die Goddelike Raad aan. Job dien God omdat God hom onregverdig bevoordeel; indien God sy onregverdige bevoordeling onttrek, sal Job teen God laster (1:9–11, 2:4–5). Indirek kla Satan God aan: God is medepligtig aan Job se potensiële laster, want Hy ondersteun ŉ potensiële skuldige. God is nie verhef bo die wet nie. Satan ondermyn God se gesag in die Goddelike Raad met die oog om God te onttroon. In die daaropvolgende ondersoek verloor Job alles behalwe sy lewe.

Teen die agtergrond van ŉ hofsaak kom Magdalene (2007) se Godsbeeld na vore: die kwesbare God. Sou Job teen God laster, sou dit beteken dat God sowel as Job skuldig is. God vertrou Job met sy leierskap in die Goddelike Raad.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Magdalene (2007:58) se woorde som die bogenoemde mooi op: “We learn that God can be powerless, that God can be dependent on us, that God can truly love us and trust us enough to give his very power and position up to us”.

5.2.2.2 God en die monsters in Job

Raphael (s.a.:402) beskou Job as ’n gestremde persoon; sy vel-toestand is ’n fisiese beperking wat hom op ’n sosiaal-emosionele vlak afsonder. Job se beeldspraak oor homself verwys na sy fisiese lyding, verbrokkeling en monsters. Job bring die monsters in verband met sy gestremde liggaam. Hierdie monsters waarna hy verwys, sluit aan by die oermonsters in die Babiloniese en Ugaritiese skeppingmites, synde monsters van chaos wat oorwin moes word om orde te skep. In Job 7:12 word ’n direkte verband getrek tussen Job en die monsters; God se optrede teenoor Job herinner aan God se optrede teenoor die monsters: Job is ’n monster op klein skaal (Raphael, s.a.:412).

Teen hierdie agtergrond antwoord God Job in sy Godspraak: Hy wat God is, het die monsters gemaak en hulle is manjifiek (Raphael, s.a.:413). Raphael (2004) sien God as die skepper, van die mense wat met gestremdhede leef. In die Godspraak van Job sê Hy dat die gestremde, die “monster van chaos” geskep het, dat dit in sy oë manjifiek is. Dit bevestig die skeppingsverhaal in Genesis 1, waarin die hele skepping as ‘goed’ gesien word.

Raphael (2004) verwys in haar studie na Steiner, wie se Godsbeeld uit Job ’n God verteenwoordig wat lyding veroorsaak bloot om ’n weddenskap te wen. Daarteenoor is Raphael se Godsbeeld as ’n Skeppergod wat die mense wat met gestremdhede leef ‘goed’ skep in ooreenstemming met die res van die Bybel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.2.3 Godsbeelde in die Nuwe Testamentiese bronne

5.2.3.1 Die toeganklike God

Jennie Weiss Block, ’n kenner op die gebied van gestremdheid, beskou haarself as ’n sekondêre verbruiker, aangesien sy ’n gestremde familielid het. Sy maak gebruik van die term ‘toeganklike teologie’ in haar boek *Copious hosting* (2002). Sy stel die argument van toeganklike teologie as volg: Dit is die plig van die Christengemeenskap om persone wat met gestremdhede leef, wat nog altyd ’n onderdrukte groep was, toe te laat om hulle plek in die Christengemeenskap in te neem (Block, 2002:11).

Haar Godsbeeld spreek van ’n toeganklike God; toeganklik, soos die evangelie, vir alle mense. Hierdie toeganklikheid is op die Woord gegrond, gestremdheid is verwant aan die “mystery of God’s love and the great paradoxes of the Christian message” (Block, 2002:11). en herinner ons voortdurend daaraan dat God se manier nie ons manier is nie. Sy koppel die doopbelofte aan die toeganklike Godsbeeld, wat gegrond is op die Drie-enige God van die Bybel.

Hierdie toeganklike Godsbeeld noop die Christelike gemeenskap om alle struikelblokke in die pad van die mense wat met gestremdhede leef, te help verwyder. Sy stel voor dat die mense wat met gestremdhede leef self in die toeganklikmakingsproses geken word.

Jesus het alle mense in sy evangelie ingesluit, ongeag geslag, ras, geloofsoriëntasie, agtergrond of fisiese toestand. Vir Block beteken ’n toeganklike teologie dat die evangelie van Jesus een van toegang is: Dit baan die weg vir dié wat in die kantlyne van die Christelike mandaat is. Soos Bosch (1991) tereg stel: Ons is grensbrekers, nie grensbewaarders nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Block (2002) beskryf die beeld van ’n toeganklike God; nie as een wat uitsluiting aanhits nie, maar as ’n God wat met ope arms staan en mense deur insluiting verwelkom.

5.2.3.2 Die interafhanklike God

Kathy Black, ’n professor in homiletiek, bou haar Godsbeeld op die teologie van interafhanklikheid. Vanuit hierdie hoek beteken dit om die heil van die self en ander te bewerk (Black, 1996:37–38).

Sy verwerp die idee van God as poppespeler wat teëspoed oor die mens bring, want dit sou beteken dat God die verantwoordelikheid vir alle rampe en teëspoed moet neem: van die gat in die osoonlaag tot hongersnood en verkragtig. Dit is nie God se skuld nie; dit gebeur onder andere as gevolg van mense se keuses.

Vir Black is gestremdheid deel van die alledaagse leefwêreld van miljoene mense. Dit bring ’n wedersydse afhanklikheid van mekaar en van God, want die mens se besluite beïnvloed mekaar en die hele aarde. Die opstanding van Jesus beklemtoon hierdie wedersydse afhanklikheid, want dit dui op God se teenwoordigheid te midde ons lyding met die moontlikheid van transformasie.

God is nie ’n poppespeler nie, maar ’n goeie vriend wat wanneer ons ’n stryd voer teen rampe en onheil, “sits beside us and help us cry” (Black, 1996:186)

Creamer (2009:84) som die gedagtes van Black op: “And perhaps when God struggles we are to cry as well. Black suggests that the Interdependent God is with us and teaches us to be with each other, acknowledging interconnection and valuing community, depending on each other for life”.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.2.3.3 Die gestremde God

"I saw God in a Sip-and-Puff wheelchair"; Eiesland (1994:89) se beeld van God bring ŉ nuwe verskynsel in die dinamika en diskoers van God se beelde na vore. God word as broos uitgebeeld; die afhanklike God, die lydende God aan die kruis. Die almagtige, alomteenwoordige en alvermoënde God word agterweë gelaat. ŉ Mens aanskou die oorlewende God, die een wat uithouvermoë en deursettingsvermoë in moeilike omstandighede ten toon stel.

Die beeld kan deurgevoer word na die teologiese gesprekke oor gestremdheid, omdat gestremde mense dieselfde lyding in die lewe ervaar. Nietemin is daar vir hulle hoop in die beeld van Eiesland. Reynolds (2008:198) beklemtoon die beeld van Jesus as die ikoon van broosheid. Die beeld van Jesus as brose God bring ŉ gevoel van simpatie en empatie na vore by diegene wat broosheid ervaar.

Simpatie is ŉ beweging vanuit jouself na die leefwêreld van ŉ ander met insig (vereenselwiging) en gevoel, onbewustelik en outomaties. Wanneer dit bewustelik en aktief is, noem ons dit empatie (deur meegevoel dink jy jou in die ander persoon se lyding in). Wanneer jy jouself in die kultuurbelewenis van die ander plaas (met ŉ radikaal ander perspektief as jou eie), noem ons dit interpatie (Augspurger 1986: 29–32).

Bogenoemde verduideliking van simpatie, empatie en interpatie help ŉ mens om die term 'gedeelde broosheid' te verstaan. Aan die kruis sien ŉ mens die brose God, *theologia crusis* (Louw, 2008: 67, 95, 99,) maar terselfdertyd is dit Christus, die opgestane Heer, wat aan die regterhand van God die Vader sit en intree vir die mense op aarde. Hierin lê die mens se hoop: ŉ eskatologiese verwagting dat ten spyte van die broosheid hier en nou daar eendag ŉ stadium gaan wees wat alles tot niet gaan en die mens in die Here se teenwoordigheid sal wees. Die broosheid is nie iets om oor te rou nie, maar iets om in blydskap te aanvaar. Jesus word in die Nuwe Testament met die broosheid van die mens gekonfronteer. Aan die kruis het hy die brose God, die ikoon van broosheid geword. Reynolds stel dit mooi: "He is God's

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

creative embracing of human life, in all its fragility and suffering" (2008:201). Die broosheid is vasgevang in die wese en word verder in die teologie in praktyk verduidelik.

5.2.3.4 Yhwh se standpunt

Die vraag word gevra: wat is God se standpunt as dit kom by mense wat lewe met gestremdhede? Olyan (2008:126) vra dieselfde vraag deur die volgende te vra: "How does the deity of the Hebrew Bible regard persons with disabilities?" Volgens Psalm 146, gaan Olyan voort, is Yhwh 'n advokaat vir mense wat lewe met gestremdhede. Yhwh stel belang in die lot van die mense wat lewe met gestremdhede soos in verskeie tekste in die Bybel: Psalm 146, Jesaja 56:4-5, Deut. 23:3, al die tekste beklemtoon dat Yhwh om gee oor wat van die mense wat lewe word en dat Yhwh hulle omstandighede wil verbeter.

Teologie in praktyk

Hierdie afdeling handel oor hoe om teologies in praktyk die waarde van gestremdheid in die diepste wese van wees in betekenis van bestaan teenoor doen, te stipuleer. Met ander woorde, daar gekyk na wees as iemand wat bestaan in plaas van wees as iemand wat bloot 'n funksie moet verrig.

Yong vra die vraag: "What does it mean to 'be' church and how should we 'do' church if we are able to get beyond the dichotomy that currently separates some of us who are more able-bodied from others of us that are less so?" (2011:7).

"Doing theology versus being theology" (Louw, 2008:20–21). Anders gestel: "The fact of each human life contributes something unique in terms of being even if it cannot in terms of doing" (Reynolds, 2008:187). Die twee aanhalings se crux word vasgevang in die idee dat mense die kerk moet wéés. 'n Mens kan kerk wees deur

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

oor te gaan in 'n visie en missie, sodat die werke in ooreenstemming daarmee is en die identiteit van die wese weerspieël. Die aksie getuig van die wese van die kerk.

Een van die aspekte wat Louw (2008:20–21) sterk beklemtoon in sy boek *Cura vitea* kom voor in die gedig, On His Blindness[77], van Milton: om te wees, is ʼn manier van lewe eerder as om die hele tyd daarop te fokus om te doen. Met ander woorde, die wees-funksies van die mens is ʼn manier om God te aanbid en te dien, eerder as om die hele tyd die doen-funksies in werking te stel. ʼn Gestremde lidmaat se doen-funksies is nie dieselfde as ander lidmate se funksies nie, juis daarom is ʼn gestremde lidmaat se wees-funksies so belangrik.

Die gemeente moet hulself as ryker beskou deur mense met gestremdhede in te laat. Die aspekte van *koinonia* en *diakonia* moet hier in werking tree om ʼn gedeelde atmosfeer van wees te hê, waar almal net kan wees ongeag hulle vorme, gestremd

---

[77] John Milton 1608-1674

On His Blindness

When I consider how my light is spent,
Ere half my days, in this dark world and wide,
And that one Talent which is death to hide
Lodged with me useless, though my Soul more bent
To serve therewith my Maker, and present
My true account, lest he returning chide;
"Doth God exact day-labour, light denied?"
I fondly ask. But patience, to prevent
That murmur, soon replies, "God doth not need
Either man's work or his own gifts; who best
Bear his mild yoke, they serve him best. His state
Is Kingly. Thousands at his bidding speed
And post o'er Land and Ocean without rest:
They also serve who only stand and wait.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

of nie-gestremd. Die atmosfeer van wees kweek ’n ruimte van wedersydse erkenning, bewustheid en respek.

Leiers moet, in hulle hoedanigheid as pastorale leiers, die ruimte te skep in die geloofsgemeenskap waarin lidmate met gestremdhede deel raak van die praxis, deur slegs te wees. Die volheid wat die mense bring, maak die koninkryk van God net nog meer uniek en ryker in menswees. Die stigma word agterweë gelaat en die uniekheid van die lidmate met gestremdhede word in die geloofsgemeenskap omarm. Die volgende aspekte is belangrik met betrekking tot inklusiewe ruimteskepping in die geloofsgemeenskap (Reynolds, 2012:63).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.3.1 Geestelikheid

Spiritualiteit, ook genoem geestelikheid, is ’n gonswoord wat in die hedendaagse wêreld vlamgevat het. Dit is volgens Louw (2008:49) ’n ingewikkelde konsep om te definieer. Hy dit as volg op: spiritualiteit is verwant aan geloof en geloofservarings, terwyl die Godsbeelde is baie belangrik. Spiritualiteit gaan hand aan hand met *cura arnimarum* en *cura vitae.*

Elke lidmaat besit ’n eie spiritualiteit wat ’n weergawe van sy of haar eie ervaring van die Drie-enige God, asook wat God vir hom of haar beteken, insluit. Elke lidmaat se Godsvoorstelling gaan hand aan hand met sy of haar spiritualiteit en word gekleur deur subjektiewe en eksistensiële faktore (Louw, 1999:387).

Die gestremde lidmaat se spiritualiteit verskil ten opsigte van die tipe gestremdheid, omdat die subjektiwiteit en eksistensiële aspekte verskil. ’n Lidmaat met ’n fisiese gestremdheid se Godsbeskouing gaan byvoorbeeld verskil van dié van ’n lidmaat met ’n kognitiewe gestremdheid. Tog word daar geredeneer dat mense met gestremdhede ’n spirituele lewe kan lei (Reynolds, 2008:170).

Chris, Reynolds se jong seun met Tourette- en Aspergersindroom, beskryf sy eie gebedslewe in sy gedig (Reynolds, 2008:170):

> Thus in my mind
> A spider spins a web so complex that, if God
> Could possibly give birth to new life,
> Maybe I could spin my disabilities in time
> Into a prayer of a lifetime ...
>
> My disabilities are only one step toward new life.

Hierin sien ’n mens iets van teologiese fondasies, ’n jong siel se spiritualiteit, asook hoop, ’n hoop gegrond in Hebreërs 11:1, om te glo in die dinge wat ’n mens nie kan

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

sien nie. Dit is ’n hoeksteen vir spiritualiteit en word goed saamgevat om te wys hoe ’n jong seun met ’n gestremdheid sowel sy gestremdheid as God ervaar. Dit sluit aan by die *ubuntu*-beginsel.

Die *ubuntu*-beginsel geld volgens Swinton, Mowat en Baines (2011:14) vir spiritualiteit: “I am spiritual because we are”. ’n Mens leer God ken as ’n God van die mense en die gemeenskap en as onse Vader. ’n Gestremde persoon leer God ken in die raamwerk van die gemeente, waar mense *koinonia* en *diakonia* teenoor mekaar bewys. Die wyse trek die gestremde in en maak hulle deel van die spiritualiteit in die gemeente. Dit vorm ’n eenheid onder mekaar waarop God se koninkryk voortgebou kan word. Dit vorm deel van die *missio Dei* waarna elke gelowige geroep word.

5.3.2 Gasvryheid

Reynolds (2008:14) sien gasvryheid as die aktiwiteit wat die ander, hetsy gestremd of nie, verwelkom en bevriend, omdat daardie spesifieke persoon inherente waarde het as skepsel van God, geskape na die beeld van God. Die persoon besit gawes, talente en geskenke wat hy of sy met ander kan deel om sodoende die koninkryk van God op te bou.

Yong (2011:114) vra die volgende vraag rakende die kerk, gasvryheid, vriendskappe en gestremdheid: “What will happen if local congregations become known as communities constituted by friendships with people with profound disabilities?”

Die kerk, veral die kerkleiers, het ’n taak om diegene met gestremhede in te sluit sodat die liefde van God saam met hulle ervaar kan word. Gasvryheid is ’n radikale vorm van wederkerigheid wat ’n ruimte skep waarin die vreemdeling geïdentifiseer en ontvang word (Reynolds, 2008:242). In die ruimte wat geskep word, word die broosheid van die ander, in hierdie geval die gestremde lidmaat, ontgin om sodoende die gevolgtrekking te maak dat daar nie ’n groot verskil tussen mekaar is

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

nie, want almal het ʼn gedeelde broosheid. God deel aan die mens se broosheid deur die *kairos*-oomblik aan die kruis.

Reynolds se boek *Vulnerable communion* (2008) is ʼn spreekwoordelike voorbeeld van die "all-embracing theology" waarvan Moltmann (1992) praat. Reynolds self is ʼn brugbouer in die sin dat hy broosheid en gasvryheid in die kerk met mekaar verbind, maar terselfdertyd mense met gestremdhede by die gemeentebediening insluit.

5.3.3 Vriendskap

In die lig van bogenoemde aspekte van gasvryheid kan vriendskap as opeenvolgende besprekingspunt nie agterweë gelaat word nie. Vanier (s.a.:41) is van mening dat ʼn mens ʼn vriend van Jesus is sodra ʼn mens uitreik na die uitgesluite mense en hulle bevriend. As ons leer om ʼn vriend van die uitgesluite siel te wees, kom ons nader aan die wonderlikste verhouding: ʼn vriendskap met God.

Reinders (2011) is weer van mening dat in 'n vriendskap op dieselfde beginsel as liefde werk, dit kweek 'n atmosfeer van samehorigheid. Vriendskap is volgens Reinders (2013) net soos liefde "other-dependant". Met ander woorde, ʼn mens het mekaar nodig in ʼn vriendskap wat ʼn atmosfeer van samehorigheid kweek. Om terug te keer na die verband tussen liefde en vriendskap: Albei staan in hulle eie reg en omarm verskillende soorte verhoudings. Nietemin voer Reinders aan dat sowel vriendskap as liefde nodig is om ʼn atmosfeer van inklusiwiteit in kerkverband of ekklesiologiese benaderings na vore te bring, met spesifieke verwysing na mense wat met gestremdhede leef (2011:433).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.3.4 Samehorigheid

Swinton verwys na Hauerwas (Swinton, 2001:16) wat skryf: “As Christians we know we are not created to be ‘our own authors’, to be autonomous. We are not created to be on our own”.

Moltmann som diversiteit in samehorigheid goed op deur die volgende woorde: “There is unity in diversity and diversity in unity” (1979:193). In die samehorigheid is daar diversiteit, maar die diversiteit vorm ’n geheelbeeld deur liefde as die liggaam van Christus. In Christus is almal een, volgens Galasiërs 3:28 en Kolossense 3:11. Een aspek wat ’n mens uit die bogenoemde werk van die Ou en Nuwe Testamentiese bronne kan saamvat, is dat die mens nie geskape is om alleen te wees nie. Die samehorigheid van gedeelde teenwoordigheid is belangrik, veral met betrekking tot gestremdheid. Die gestremde lidmaat het ’n gevoel van samehorigheid nodig in die kerk, ’n gevoel van aanvaarding en ’n gevoel van behoort aan iemand. Reynolds (2008:218) som dit so mooi op: ’n ervaring van aktiewe liefde. Die kerkleiers het hier ’n groot rol om te speel, omdat hulle die pas aangee vir die res van die gemeente, wat dan hulle voorbeeld volg.

Liefde vir die ander is baie belangrik om die gevoel van samehorigheid daar te stel. Die Gees van God verander xenofobie na *philoxenia*, wat liefde vir die ander beteken (Reynolds, 2008:241–242). In die raamwerk van die kerk is dit nodig om liefde aan die ander te bewys, nie op grond van verpligting nie, maar op grond van genade. Deur God se liefde in en vir die mens kan die mens liefde vir sy of haar naaste weerspieël.

’n Praktiese voorbeeld om die samehorigheid in die gemeente daar te stel, is volgens Moltmann (1979:52) om saam te eet. Om ’n tafel kan al die lidmate bymekaar kom. Selfs die sakrament van die Nagmaal bind die mense in ’n gemeente saam. Dit is egter noodsaaklik om die lidmate met gestremdhede by te staan, soos byvoorbeeld om ’n blinde lidmaat te help met die beker en brood van die Nagmaal as dit

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aangegee word. Om saam te eet en ’n maaltyd te deel, is egter diep teologies gegrond en geskied oral in die Woord van God.

Nick Vujicic skryf in sy boek *’n Lewe sonder beperkings* oor hoe jou verhouding met ander mense is en hoe dit belangrik is vir ’n holistiese oorsig binne die raamwerk van menseverhoudings. “Ek het hard gewerk om so onafhanklik as moontlik te wees. Maar ek is steeds afhanklik van die mense rondom my, soos ons almal in 'n groot mate is” (2010:154). Die woorde beklemtoon dat elke wese ’n mate van afhanklikheid teenoor die ander ervaar; mense met gestremdhede se mate is net meer as dié van mense sonder gestremdhede. Nietemin het mense mekaar nodig om ’n gevoel van samehorigheid te kweek waar God teenwoordig is. Dit sluit aan by die idee dat God met ons is, God as Emmanuel, hier teenwoordig by sy mense. Laastens vorm dit deel van God se Gees wat by ons is.

5.3.5 Hoop

Die wêreld is ’n narsissistiese plek (Reynolds, 2008:13) en elke mens is so gefokus op sy eie persoon dat die persoon van ander oorgeslaan word. Hoop beteken egter om die ander raak te sien, ongeag die persoon se toestand, en om die waarde van die ander persoon te vier. Sonder hoop heers wantroue in die mens se midde; met hoop word geleenthede vir verhoudingsbou geskep. Verskillende soorte hoop gaan deeglik bespreek word om sodoende ‘n holistiese beeld te skep binne die raamwerk en leefruimte van gestremdheid.

Realistiese hoop

Koopman (2013:49–54) definieer realistiese hoop as volg: “Hope that is based in the greatest reality – the reality of the presence of the crucified and risen Lord in life and death”.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die realistiese hoop berus op die werklikheid dat die opgestane Heer, wat die gekruisigde Heer is, teenwoordig is in die wêreld. Dit bied egter nuwe moontlikhede waar vrede en geregtigheid vir mense kan seëvier, wat spesifiek gestremde mense insluit (Koopman, 2013:49–54).

In ʼn gebroke wêreld identifiseer mense hulleself met die gebroke en gekruisigde Heer, wat hoop bring deur die opstanding. Die mens het ʼn realistiese hoop nodig vir oorlewing in die sin dat die mens hoop het om dag na dag deur te druk en aan te gaan met die lewenstake.

Verantwoordelike hoop

*Hope which responds, hope that takes responsibility and hope in action. (*Koopman, 2013:49–54)

Elke mens het ʼn verantwoordelikheid teenoor sy naaste om hoop te genereer. Hoop in aksie is ʼn praktiese voorbeeld van hoe verantwoordelike hoop in werking tree. Die hele kwessie van rentmeesterskap kom hier ter sprake. Die mens het ʼn verantwoordelikheid teenoor die skepping en mekaar om as rentmeesters op te tree. Psalm 8:4–8 bevestig die gedeelte dat die mens as God se aangesteldes oor die skepping heers. Die mens het ʼn verantwoordelikheid om te getuig van die nuwe skepping in Christus aan die kruis van Golgota; ʼn mens sien dit in 2 Korintiërs 5:14–21. Die Skrifgedeelte praat spesifiek van die nuwe skepping wat in Christus te vinde is.

Terugspringende hoop

*Hope that can be stretched, but hope that can never be broken in life or death. (*Koopman, 2013:49–54)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hierdie hoop gee vir ŉ mens geduld om ten spyte van die broosheid en gestremdheid voort te gaan met die lewenstake. Dit handel oor moed; om vol moed te wees ten spyte van die omstandighede.

Teologies handel hoop oor gasvryheid en teenwoordigheid. Dit bring ŉ mens terug by die naam Immanuel, God met ons. Net soos wat God met die mens is, moet die mens by mekaar wees. Die interafhanklikheid van mekaar word hier beklemtoon. Die *ubuntu*-beginsel word hier beklemtoon. ŉ Mens is ŉ mens deur ander mense (Louw, 2008:154–155).

5.3.6 Menswaardigheid

In die antieke wêreld is die woord *dignitas* gebruik om ŉ mens se plek en rol in die samelewing te definieer. ŉ Mens se waarde as mens is deur status en sosiale posisie bepaal. Die woord *dignitas* is deur die eerste Christen-denkers radikaal verander. Menswaardigheid word nou beskou as iets wat gelyk aan almal toegeken is en nie gegrond is op iemand se sosiale posisie nie. Dit is eerder gegrond op die feit dat ŉ mens liefde en besorgdheid van God ontvang (Brand, 2013:71). Brand (2013:73) som dit as volg op: “Our value as persons is bestowed on us by God. We have a sacredness and dignity that must be respected and cannot be taken away. We are given dignity by God”.

God is inderdaad die een wat menswaardigheid aan die mens toeskryf. Dit is een van die redes waarom die mens ŉ vriendskap met God van waarde ag, want God is die mens se bron van vreugde en blydskap. Die mens druk dan sy of haar blydskap uit deur die ganse skepping wat God gemaak het lief te hê. Dit is van waarde vir mense met gestremdhede, want hulle is deel van God se skepping en moet deur diegene wat nie-gestremd is nie omvou word in die liefde van God om sodoende deel te vorm van die menswaardigheid (Brand, 2013:73).

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Reinders (2013:40) is weer van mening dat menswaardigheid diep in die teologie gewortel is, maar dat etiese implikasies daaruit spruit. Lidmate met gestremdhede ondervind probleme en juis daarom is dit nodig vir die kerklede om ’n band van vertroue met die mense op te bou en hulle sodanig te help deur en in hulle moeilike omstandighede. Vriendskap met lidmate met gestremdhede is een manier om hulle te help om hulle gevoel van magteloosheid en moedeloosheid te oorwin. Die Gees van God help om vriendskappe tussen diverse groepe aan te knoop en die menswaardigheid van die ander party raak te sien en te ontgin.

Die Woord van God is vol voorbeelde van ’n mens se waardigheid in God gevind het, ‘n mens se waarde lê in die feit dat hy/sy in wese na die beeld van God geskape is. Volgens Genesis 1:26–28 is die mens na die beeld van God, *imago Dei*, geskep. Hierin lê die mens se waardigheid opgesluit. Verder is die mens se waardigheid so belangrik vir God dat Hy sy seun gegee het om die mens se las van sonde te dra (Joh. 3:16).

Die mens is spesiaal deur God gevorm, as gestremd of nie-gestremd (Ps 139:13–14). In dié Psalm sien ’n mens die aandag wat God aan die mens gee en dit beklemtoon die mens se inherente waarde in God se oë. Johannes 17:22 praat weer van die heerlikheid wat God aan die mens gegee het; dieselfde heerlikheid wat Hy ontvang het word aan die mens gegee om sy heerlikheid te vervolmaak. Hierin sien ’n mens die waarde wat God aan die mens heg.

5.4 Temas

Die temas word uiteengesit om die normatiewe besinning deur die Bybels-teologiese perspektiewe te beklemtoon om sodoende ‘n holistiese beeld binne die raamwerk van gestremdheid daar te stel.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tema 1: Huidige insluiting en uitsluiting

Die Woord van God gebruik telkemale voorbeelde van insluiting, hetsy in die Ou of in die Nuwe Testament. Die konsep van insluiting word verskeie kere vanaf die kansel gepreek. Nietemin is dit tyd dat die woorde in aksie omskep word. Die tyd het aangebreek dat die volgende woorde waar word vir kerkleiers, spesifiek gefokus op insluiting van lidmate met gestremdhede: "practice what you preach" (Carter, 2007:x).

Hierdie tema speel 'n belangrike rol in die ruimte van die kerk van vandag. Dit is nie net beperk tot gestremdheid nie, maar vloei vanuit verskillende strome, soos byvoorbeeld geslagsinsluiting, rasinsluiting, kultuurinsluiting en insluiting rakende seksuele oriëntasie. Jesus, 'n gemarginaliseerde Jood, het as voorbeeld gedien van hoe insluiting in die raamwerk van die geloofsgemeenskap behoort te geskied (Meier, 2001:1–2).[78]

Tema 2: Kerkleiers se begrip van gestremdheid

In die teologiese afdeling, die deel wat handel oor die praktyk van geloof, is dit nodig dat kerkleiers 'n korrekte Skrif-gefundeerde konsep en begrip van gestremdheid het om die lidmate wat met gestremdhede leef optimaal tegemoet te gaan. Soos reeds in vorige hoofstukke gesien, heers daar verskeie teorieë en konsepte rakende die begrip van gestremdheid. Sommige gevalle het negatiewe konnotasies, soos byvoorbeeld dat gestremdheid direk aan sonde verbind word (Black, 1996:23).[79]

---

[78] Meier (2001:1–2) verwys na Jesus se spesiale bediening met die "low-life" mense, spesifiek gefokus op vroue en sondaars. Jesus het vroue van verskeie sosiale en ekonomiese statusse betrek en by sy bediening ingesluit. Hy het niemand geweier nie. Vandag is dit steeds noodsaaklik om op die voorbeeld van Jesus te let. Vroue wat met gestremdhede leef, word soms dubbel benadeel, omdat hulle in die eerste plek 'n vrou is en in die tweede plek met 'n gestremdheid leef. Dit is egter nodig vir kerkleiers om hierop te let en Jesus se voorbeeld van die gemarginaliseerde Jood te volg, waarvan Meier praat.

[79] (Bowers 2004:1)

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Tema 3: Die Vader se hart rakende gestremdheid volgens kerkleiers

Kerkleiers is die dryfkrag van die geloofsgemeenskap. Soos in die vorige tema uiteengesit, is kerkleiers se begrip van gestremdheid baie belangrik. In dieselfde asem is die manier waarop kerkleiers geloof beskou, veral die Vader se hart rakende gestremdheid, net so belangrik.

Die manier waarop die kerkleier die Vader se hart rakende gestremdheid beskou, vang die wese van sy geloof vas. Die Vader se hart openbaar volgens Carter (2007:xiii) die drie b's in Engels: "belonging, believing and becoming".

Om te behoort (*belonging*), verwys na die eerste tema van insluiting. As daar 'n verwelkomende ruimte in die geloofsgemeenskap is, gaan die lidmate oor na glo (*believing*).

Met die konsep van sosiale identiteit uit die vorige hoofstuk, die verskuiwing van 'n individuele gevoel na 'n groepsgevoel van 'ons' in samesyn van behoort en glo, vloei dit uit na om te wees (*becoming*). Om te wees, is volgens Carter die basis van vashou aan God, getrouheid op grond van wie God is en wat Hy vir ons gedoen het (2007:xiii). Louw (2008:20–21) voer aan dat die wees-funksies 'n essensiële rol in die lewe vervul; dit kan selfs by tye as meer prominent as die doen-funksies beskou word.

John Milton beklemtoon dit in sy gedig *On his blindness*: Deur net te wees, is 'n mens in diens van God en sy getrouheid dra jou eerder as om net te doen met ander woorde "to be is worth more than just to do". Sodoende blyk dit dat 'n mens se sosiale identiteit in die Drie-enigheid en die geloofsgemeenskap die fondasie is vir om te wees, want 'n mens se identiteit is in die beeld van God en nie wat 'n mens in sy of haar eie krag te doen of vermag nie; dit is in die tevredenheid en wete dat 'n mens as skepsel veilig is in die holte van die Skepper se hand. Juis hierin lê die

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Vader se hart volgens Carter, Louw, Milton en verskeie leiers met wie daar onderhoude tydens die studie gevoer is.

Tema 4: Geloofsgenesing in die ruimte van die kerk

Hierdie tema veroorsaak tans groot oproer wêreldwyd. In die inleiding van hierdie hoofstuk kom die tema na vore in die verhaal uit Black se boek. Die term "overdosing on religion" word as 'n negatiewe konnotasie gebruik. Kerkleiers dra die verantwoordelikheid om geloofsgenesing in die kerk op 'n oordeelkundige wyse te benader. Met ander woorde, hulle moet vanuit 'n sensitiewe hart werk en die volgende (soos verwoord deur een van die leiers tydens die onderhoude) in gedagte hou: "Dit bly 'n Godsgenesing en nie 'n geloofsgenesing nie".

Die groot dilemma vandag is dat baie kerke enigeen wat nie binne die norm is nie reg wil maak, of soos die Engels dit stel: "fix or restore". Die woorde verwys na die regmaakgevoel wat in die kerk van vandag heers: "They always want to 'fix' you, it seems [as if] my disability is not acceptable".[80] Mense wat met gestremdhede leef, word in sekere kerke uitgesluit vanweë hulle andersheid, of hande word op hulle gelê, daar word vir hulle gebid[81] of daar word om hulle gedans,[82] in sommige gevalle om genees te word tot die kerke se idee van normalisasie.

---

[80] Erna Möller vang die gevoelens van lidmate met gestremdhede in die praktyk met haar artikel in *Searching for dignity* (2013:131) vas. 'n Ander aanhaling wat saamstem met die argument "fix them" lui soos volg: "I like to visit different churches, but when prayer time comes, everybody is on top of me assuming that I want to be prayed for healing for my disability, which may not be the case". In 'n sin hoor 'n mens die lidmate wat met gestremdhede leef se noodkreet: Hou op met "overdosing of religion" en aanvaar my (lidmaat wat met gestremdheid leef) as mens.

[81] Mitchell [naam korrek?] Nell skryf in *Searching for dignity* hoe daar vir haar gebid is vir haar blindheid. Die vraag is dikwels aan haar gevra of sy ten volle glo, want slegs as sy glo, sal sy genees word. Haar antwoord lui soos volg: "I'll try, but ..." Die woord "maar" openbaar iets van haar identiteitstryd, amper asof sy voor 'n vuurpeloton te staan kom, en haar stryd vir oorlewing, haar lot, word in daardie een woord gesuggereer.

[82] Tydens 'n sielkunde-konferensie (Stellenbosch, 2014) het Brain Watermeyer 'n staaltjie uit sy kinderjare vertel van hoe 'n persoon hom wou genees van sy swaksiende toestand deur om hom te

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Geloofsgenesing is nie ’n taboe in die kerk van vandag nie, aangesien dit Skriftuurlik korrek is in die Nuwe Testament. Die hartseer is egter die wyse waarop mense genesing afdwing en dan die persoon kwalik neem indien hy of sy nie genees word nie. Mense kan onsensitief optree teenoor lidmate wat met gestremdhede leef se gevoelens en emosies.

Black (1996) skryf in haar boek *A healing homiletic* dat die gaping oorbrug moet word in die wyse waarop die Skrif in die hedendaagse konteks gebruik word.

Tema 5: Skrifgedeelte en Godsbeelde gekoppel aan gestremdheid

Uit die informele onderhoude het daar verskeie Skrifgedeeltes na vore gekom. Die volgende konsep uit die Skrif het uitgestaan met betrekking tot Godsbeelde en gestremdheid.

Die beeld van God as Geneser, in sommige gevalle redeneer die mens dat God hulle moet herstel in liggaam, siel en gees. ‘n Mens kan nie die mag en goedheid van die transendente God beperk nie. Nietemin moet ‘n mens onthou, God is nie net verhewe nie. Hy is ook die alomteenwoordige God wat mens geword het en onder ons, as mense, kom woon het. Hy is Immanuel, God met ons. Hy verstaan die broosheid van die mens, hy was self broos en die letsels aan sy hande en voete herinner ons elke dag daaraan.

Tema 6: Lidmate se gevoel teenoor mekaar

Hauerwas (2005) verwys na Michael Bérubé se woorde oor sy gestremde seun, Jamie: “now that we are here”. Dit verwys daarna dat ons almal menslike wesens is, geskape deur God om “hier te wees” en afhanklik van God en mekaar te wees, net

---

dans en te sing. Uiteraard het dit nie gewerk nie. Staaltjies is volop wanneer dit kom by lidmate met gestremdhede, die kerk en geloofsgenesing.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

soos Jamie afhanklik is van ander. Hierdie woorde, “now that we are here” verwys na hoe afhanklik ons van mekaar is, ongeag of die mens met ’n gestremdheid leef of nie.

Hauerwas (2005) gaan verder deur te sê dat die bestaan van die mens wat met ’n gestremdheid leef nie geregverdig behoort te word nie, want niemand se bestaan behoort geregverdig te word nie. Inteendeel, hy beklemtoon sy stelling met die volgende opmerking: “I exist, you exist, Jamie exists, turtles exist, the earth exists by the grace of God.” (Hauerwas, 2005: 193).

Die gevoel van samehorigheid van ons lewe saam in die hier en nou, ongeag of die persoon met ’n gestremdheid leef of nie, is die kern van Hauerwas se argument. Sodoende leef mense om om te gee vir mekaar en mekaar te dien deur die voorbeeld wat die Drie-enige God daarstel. Die gevoel moet in die raamwerk van gelowiges heers.

Dikwels heers die gevoel om om te gee vir die “arme” en die “swakke” wanneer gestremdheid ter sprake is. Vir Hauerwas (2012) is dit egter baie meer as dit: “For me, the issue at stake is our understanding of the nature of what it means to be human and live humanly within the coming Kingdom of God”. Vir hom is liefdadigheid nie genoeg nie.

Hauerwas verlang ’n radikale verandering in die mens se perspektief, wat tot ’n paradigmaskuif moet lei. Dit is alleenlik moontlik indien daar op die lewe, dood en opstanding van Jesus gefokus word. Kerkleiers het ’n rol hier te speel om die paradigmaskuif te maak, sodat daar ’n konstruktiewe gevoel van samehorigheid onder lede kan en behoort te heers in die hier en nou.

Tema 7: Begeleiding van kerkleiers vir lidmate wat met gestremdhede leef

Begeleiding behels om lidmate by te staan en die aspek van integrasie in die geloofsgemeenskap te vergemaklik. Die organisasie Ramp Up (2001) bied verskeie

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

riglyne oor wat gedoen moet word om die lidmate wat met gestremdhede leef deel te laat voel.

Eerstens moet die lidmate wat met gestremdhede leef dieselfde hanteer word as die ander. Met ander woorde, geen uitsluiting met betrekking tot die wyse van hantering moet plaasvind nie. Tweedens moet daar direk met ʼn persoon gepraat word; oogkontak is belangrik, indien dit wel moontlik is. Derdens is dit belangrik om altyd die lidmaat wat met gestremdheid leef te vra of hy of sy enige hulp verlang. Vierdens moet gepoog word om die lidmaat wat met ʼn gestremdheid leef by ʼn familielid of selfs ʼn vriend in die ruimte van die erediens te plaas. Vyfdens moet gelet word op is enige moontlike versteekte gestremdheid, soos byvoorbeeld Alzheimersiekte. Laastens moet niks bloot aangeneem word nie; vra altyd eerder.

Bogenoemde aspekte is voorbeelde van hoe lidmate wat met gestremdhede leef, begelei kan word om met behulp van die kerkleiers deel te wees van die geloofsgemeenskap.

Tema 8: Die rol van kerkleiers in die raamwerk van praktiese teologie[83]

Kerkleiers se rol is om, soos die praktiese teoloë, gidse te wees wat die nuwe terrein van die wandelroete verken om sodoende ʼn inklusiewe ruimte in die geloofsgemeenskap daar te stel (Ganzevoort, 2009:1–2).

Yong lig ʼn teer punt uit as dit kom by die kerk en gestremdheid, naamlik dat daar soms ʼn gevoel heers van “Julle is nie welkom hier nie” (2011:16). Dit gaan teen die teologiese raamwerk van inklusiwiteit vir die ander, die gemarginaliseerde en die naaste. In die Woord van God word daar verskeie kere opdrag gegee om mekaar lief te hê soos God die kerk lief het. Die kerkleiers dra egter die verantwoordelikheid om die gevoel van inklusiwiteit in die geloofsgemeenskap daar te stel, waarvan mense met gestremdhede deel vorm.

---

[83] Hoe die metafoor van gidse in hoofstuk 1 in verband getrek word met leierskap.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Kerkleiers het ’n groot taak as dit kom by *koinonia* en *diakonia* teenoor lidmate met gestremdhede. Reinders (2013) beklemtoon die rol van die kerkleiers in die volgende sin: “Religious traditions are okay, but religious communities and their practices are not okay”. Is dit die kerkleiers se verantwoordelikheid om die kerk en die praktyke van die kerk in werking te stel om met die tradisies ooreen te kom (Reinders, 2013:33).

Nog ’n rol wat die kerkleiers te speel het in die teologiese raamwerk is om die ‘gedeelde broosheid’ tussen lidmate uit te lig. Almal ondervind ’n mate van afhanklikheid en broosheid; soos Kelsey (2009:274) skryf, almal leef “on borrowed breath”. Sodra lidmate bewus is van mekaar se broosheid en afhanklikheid skep dit ’n ruimte vir mededeelsaamheid, simpatie en empatie. Die waarde van die ander se menslikheid word beklemtoon.

Moltmann (1998:121) som bogenoemde mooi op wanneer hy skryf*:*
There is no difference between the healthy and those with disabilities. For every human life has limitations, vulnerabilities and weaknesses. We are born needy, we die helpless, it is only the ideals of health of a society of the strong which condemn a part of humanity to being ‘disabled’.

Negatiewe stigma moet bekamp word in die raamwerk van die gemeentepraxis. Kerkleiers speel hier ’n belangrike rol, want hulle moet die korrekte inligting aan die geloofsgemeenskap oordra (Yong, 2011:8). Die hele konsep dat gestremdheid ’n sonde is en in ’n negatiewe lig aanskou word, moet verhoed word. Gestremdheid moet gesien word as ’n vorm van diversiteit in die geloofsgemeenskap en die liggaam van Christus. ’n Gasvrye, inklusiewe en toeganklike gesindheid moet tussen lidmate met gestremdhede en diegene daarsonder heers. Yong (2011:8) bepleit die daarstelling van ‘n ruimte binne die kerk opset wat regverdigheid, gasvryheid en inklusiwiteit aan mekaar betoon, spesifiek aan diegene met spesiale behoeftes.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

5.5 Die nuwe model (in raamwerk van teologie): Die limietmodel

In die vorige hoofstuk is daar na verskeie modelle verwys, maar in hierdie hoofstuk word ʼn nuwe model in aansluiting by Creamer (2009) voorgestel. Die term 'gestremdheid' wat in die mediese en sosiale modelle gebruik word, is steurend vir die skrywer Deborah Creamer; dit groepeer die mensdom in twee groepe, naamlik gestremd en nie-gestremd. Volgens haar is daar ʼn vloeibaarheid rakende gestremdheid om 'wanneer', 'waar' en 'hoe' in te sluit. Sy stel ʼn nuwe model voor wat die menslike beperking of grense insluit; die model lei tot kritiese nadenke oor die beperking van elke mens en situasie en hoe sodanige beperkinge vergemaklik of bemoeilik word.

Waar die mediese model se vertrekpunt die evaluering van die gestremde se beperking is, is die vertrekpunt van die grensmodel dat alle mense beperkings het. Vir Sallie McFague (2002:246) is elke model slegs een blokkie van ʼn groot kwilt. Die positiewe bydrae van die beperkingsmodel is dat dit aanvaar dat alle mense beperkinge het, dat hierdie beperkinge verskil, dat die beperkinge aanvaarbaar is of verwerp of beklemtoon word, gekompliseerd raak, ensovoorts in die verskillende mense se lewens. Dit is die gemene deler in mense se lewens.

Hierdie model normaliseer gestremdheid: Gesondheid is nie ʼn permanente toestand nie. Beperkinge is in ʼn mindere of meerdere mate deel van die mens se bestaan.

5.6 Slot

Die hoofstuk bestempel die belangrikheid van 'n raamwerk geskep deur die Woord, dit plaas die hedendaagse praktyke in perspektief en bied 'n holistiese verwyssingsraamwerk. Die doel van die teologiese aanslag is om juis 'n inklusiewe lewenstyl te genereer vir die hedendaagse lewe wat oorvloei na die toekoms. Avalos, Melcher asook Schipper (2007: 197-198) praat juis van die inklusiwiteit deur hulle taalgebruik in hulle boek : This Able Body. Hulle maak 'n klemverskuiwing wat wys hoe belangrik die Bybel en die interpretasie is vir vandag asook die toekoms.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Die uitleg van die verstaan en interpretasie van die normatiewe aspek van die Ou en Nuwe Testament tekste beklemtoon die hoop vir verbetering. Soos skryf:

"*This Able Body*, in that sense, is an expression of hope for the improvement of the life of every body on our fragile planet." Avalos, Melcher asook Schipper (2007: 200)

In die broosheid van ons planeet word ons metafories verbind soos Jean Vanier ook skryf met die beweging van die hart – dit bied hoop. Avalos, Melcher asook Schipper (2007: 200) argumenteer dieselfde deur klem te lê op die uitdrukking van verbetering van die hoop waarmee ons almal op die brose planeet gekonfronteer word.

Hierdie hoofstuk beeld die normatiewe teologiese raamwerk vanuit die Ou en Nuwe Testament uit. Die vraag wat aan die begin van die hoofstuk gevra is naamlik: Wat behoort aan te gaan in die praktyk, spesifiek gefokus op die teologiese benadering en *praxis* volgens die Woord van God , word in die verloop van die hoofstuk beantwoord. In die volgende hoofstuk word daar uitgebrei op die antwoord, met betrekking hoe dit van toepassing kan wees op die nou en toekoms vir verdere studies.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 6

Gevolgtrekking

6.1 Inleiding

In die 12de eeu het die teoloog John van Salisbury (Salisbury, 2016) die volgende geskryf:

"We are like dwarfs sitting on the shoulders of giants. We see more, and things that are more distant, than they did, not because our sight is superior or because we are taller than they, but because they raise us up, and by their great stature add to ours."

Nadat daar na soveel reuse[84] ("giants") in die verhandeling verwys is, kan 'n mens nie anders as om soos 'n dwergie[85] ("dwarf") te voel wat op hulle skouers sit en in die verte na die veld van gestremdheidsteologie kyk nie . Die veld van gestremdheidsteologie sou nie daar gewees het as dit nie vir reuse in die veld se uitnemende bydra en statuur was nie.

Jean Vanier verwysing na die beweging van die hart[86], kan gesien word as die goue draad wat reg deur die ondersoek gevloei het: inklusiwiteit, vertroue, eerlikheid, vergifnis en verstaan word as die kernwoorde van die beweging bestempel.

---

[84] Die reuse verwys na kenners of spesialiste in 'n bepaalde veldgebied, in die geval is dit gestremdheidsteologie.

[85] Die dwergie wat hier in die teks genoem word verwys na diegene wat navorsing doen en op die skouers van die reuse staan: hulle sien verder op die horison te danke aan die reuse. Dit is waar in die geval van die studie, want die navorser het met behulp van die reuse verder die veld van gestremdheidsteologie verken.

[86] "Each human being, however small or weak, has something to bring to humanity. As we start to really get to know others, as we begin to listen to each other's stories, things begin to change. We begin the

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Soos verskeie kenners[87] op die gebied reeds beklemtoon het, dui Reynolds (2013:17) gestremdheid aan deur die volgende definisie: "Disability often signifies the way that some people are recognised as lacking something basic to what is understood as human, being abnormal, a body gone wrong". Dit is egter die kerkleiers se verantwoordelikheid[88] om die vaandel te verander na ʼn inklusiewe en menswaardige definisie van hoop[89].

Black berispe die kerk met die volgende woorde: "When they needed the church the most, the church was not fully present for them" (1996:8). Die wind van verandering is in die lug deur baanbrekers wat die vaandel van transformasie en konstruktiewe verandering laat seëvier. Die doel van hierdie hoofstuk is om die studie saam te vat deur na die bevindinge, verwys, asook aanbevelings te maak vir verdere studie.

6.2 Doel van die studie

Die doel van hierdie studie was om die rol van gemeenteleiers te herdefinieer in die raamwerk van praktiese teologie met spesifieke verwysing na lidmate wat met gestremdhede leef. Die studie se oorhoofse fokuspunt was hoe kerkleiers lidmate wat met gestremdhede leef op ʼn konstruktiewe wyse deel kan maak van die geloofsgemeenskap en gemeentepraxis. Die doel van hierdie studie is om

---

movement from exclusion to inclusion, from fear to trust, from closedness to openness, from judgment and prejudice to forgiveness and understanding. It is a movement of the heart,"

[87] Die kenners kan gesien word as die reuse wat vroeër in die hoofstuk deeglik uiteengesit word.

[88] Verantwoordelikheid word bestempel in die omvang van aksie neem, met ander woorde die kerkleiers dra plig om aksie te neem met betrekking tot al hulle lidmate (insluitend diegene wat lewe met gestremdhede) en die gemeenskap van heiliges soos wat die Apostoliese Geloofsbelydenis verklaar. Die kerkleirs dra die missie en visie om 'n inklusiewe gemeenskap van alle heiliges te verwesenlik en daar te stel.

[89] Die definisie van hoop wat hier genoem word kan verbind word aan die teologie van hoop van Jurgen Moltmann: "die hoop van die Christelike tradisie wat gebaseer is op die hoop van die opgestaande Heer. Dit is 'n eskatologiese hoop, 'n grealiseerde eskatologiese hoop."

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

aanbevelings te maak om ʼn bediening kan ontwikkel deur en saam met lidmate met gestremdhede.

6.3 Bevindinge en evaluasies

Die bevindinge dui aan dat lidmate wat met gestremdhede leef ʼn unieke uitdaging aan die geloofsgemeenskap bied: uniek, maar nie onmoontlik nie. Die uniekheid lê nie in die andersheid nie, maar in die deel van 'ons'[90] wees ten spyte van andersheid – die gedeelde identiteit.

Die studie skep ʼn bewusmakingsgeleentheid[91] spesifiek vir die kerkleiers om lidmate wat met gestremdhede leef se behoeftes raak te sien, soos byvoorbeeld hulle identiteit, menseregte, asook die ontginning van hulle potensiaal deur hulle bydrae van gawes. Kerkleierskap is opnuut herdefinieer met behulp van die sosiale-identiteitsteorie wat die gesamentlike beeld van 'ons' (lidmate wat met gestremdhede leef en diegene daarsonder) na vore gebring het. Die 'ons' lei en word gelei, is die lidmate met gestremdhede se leierskap onder oë gebring en daar is gesien dat ʼn kerkleier wat met ʼn gestremdheid leef kan lei.

Ten spyte van die veeleisende hindernisse en struikelblokke[92] wat gestremdes bied, is daar heelwat wat hierdie gemeenskap aan die kerkleiers bied. Die studie dien as voorloper en pasaangeëer vir diegene wat op die gebied werk en blootgestel word

---

[90] Die "ons" is die gesamentlikheid van heiliges in die kerk, die inklusiwiteit van lidmate ongeag of hulle met gestremdheid lewe of nie. Die ons verwys na die openingsparagraaf van die verhandeling : "Nihil de nobis, sine nobis". Die Latynse slagspreuk: "Nothing about us without us". Die "ons" is om die uniekheid van die individualiteit te behou maar ter selfde tyd ook deel te wees van 'n groter groep.

[91] Die doel onder ander van die studie is om as 'n geleentheid te dien waar kerkleiers tot die besef kan kom dat almal deel moet vorm van die gemeente, selfs die wat lewe met gestremdheid. Die ontginning van potensiaal speel ook 'n belangrike rol en was ook deel van die doel van die 2011 Konferensie in Stellenbosch as bewusmaking.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

daaraan, byvoorbeeld kerkleiers. Ten spyte van gestremdes se onvermoë om dalk te hoor, te sien of te praat, het hulle tog ’n florerende, vriendelike, borrelende samesyn in loof en aanbidding tot God; boodskappe wat in eenvoud en krag vertolk word, ’n vereiste wat gestel word in hulle kommunikatiewe beperkings. Onder hierdie gemeenskappe kom visuele kommunikasie, metafore, slagspreuke en die basis van die Christengeloof meer na vore; die uit beelding van Christus in wese neem die voorhand.

6.4 Beperkings

In die oorhoofse strome van die vier kerke waarna gekyk word in Kanada, het dit geblyk dat daar konkrete raamwerk daar gestel is wat wêreldwyd na gestreef kan word. Deur die informele onderoude wat gevoer is blyk dit e wees dat daar steeds ruimte vir verbetering is in van die kerkareas om Stellenbosch.

6.5 Aanbevelings in die ruimte van geloofsgemeenskappraxis

Conner (2012:3) en Newbigin (1989:118) beklemtoon dat ’n mens ruimtes[93] moet skep waarin vriendskappe[94] aangeknoop kan word. 'n Goeie voorbeeld van ruimtes wat hierin slaag is Jean Vanier se gemeenskappe: L'Arche[95] . Louw (2008:20) praat

---

[93]Conner (2012:3) praat van die ruimtes met betrekking tot fisiese, psigologiese, emosionele en sosiale ruimtes waarin vriendskap gekweek word. Newbigin (1989:118) maak die volgende stelling: “in the faithfulness toJesus they become the place where the Spirit speaks and acts”.Die plek skep ’n platform vir die werking van die Heilige Gees wat vriendskap deur gasvryheid, samehorigheid en eenheidkweek.

[94]Vriendskappe is om om te gee met onvoorwaardelike liefde soos wat Louw(2008) van praat.

[95] Die volgende word vas gevang in die ideniteit en missie van L'Arche:

Identity Statement

> We are **people with and without intellectual disabilities**,
>
> sharing life in communities belonging to an International Federation.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

van plekke en ruimte in die sin van die visuele dimensie as ʼn teologiese wetenskap van praktiese teologie (*Fides quaerens visum*). Volgens Louw is dit nodig vir ʼn gesonde stand van sake in die lewe vir die siel en vir die heling van die lewe, *cura animarum* as *cura vitae*. Die ruimtes en dimensies, ʼn gesonde siel en lewe gegrond op menswaardigheid, bring ʼn mens by die menslike welstand en holistiese hoop.

6.5.1 Versterkte praxis

Hierdie afdeling handel oor hoe die praxis behoort te werk. Daar behoort ʼn wisselwerking te wees tussen kerkleiers en lidmate wat met gestremdhede leef om sodoende ʼn holistiese geloofsgemeenskap te vestig wat groei in menswaardigheid, menslike welstand en hoop. Verskillende vlakke van kommunikasie en ʼn samestelling van kommunikasiemeganismes kan gebruik word om na ʼn diverse gemeenskap uit te reik – sommiges gestremd en ander nie. Gasvryheid deur argitektuur verlang aandag in die bou en beplanning van ʼn kerk, maar dit eindig nie daar nie. Dit behoort verder te gaan deurdat die kerkleiers die bewusmaking van gasvryheid, teenoor alle mense, uitbasuin (Reynolds, 2008:239–247).

Mutual relationships and trust in God are at the heart of our journey together.

We celebrate the unique value of every person and

recognise **our need of one another**.

Our mission is to…

Make known the **gifts of people with intellectual disabilities**,

revealed through **mutually transforming relationships**.

Foster an environment **in community** that is inspired by the core values of our founding story and **responds to the changing needs of our members**.

Engage in our **diverse cultures**, working together toward a **more human society**.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

6.5.2 Verdere navorsingsvoorstelle

Die volgende voorstelle dui op navorsing wat nog op die gebied gedoen kan word:

- Die menslike welstand van mense wat met gestremdhede leef.
- Die menslike siel en die lidmate wat met gestremdhede leef vanuit ’n pastorale invalshoek.
- Die behoeftes van families van lidmate met gestremhede in die geloofsgemeenskap en –omgewing.
- ’n Vergelyking van verskillende denominasies en hulle siening en deelname spesifiek gerig op gestremdheid.
- Die gawes van gestremde lidmate en die rol wat hulle in die kerk kan speel.
- Spiritualiteit en die holistiese benadering daarvan binne die rol van die kerk ten opsigte van diegene wat leef met gestremdheid.
- Kerkleiers se verantwoordelikheid teenoor lidmate wat met gestremdhede leef in die geloofsgemeenskap.

Ek het voorts telkemale deur die verloop van die navorsingstudie by verskeie kenners verneem dat daar ’n leemte is op die gebied van navorsing oor kinders wat met gestremdhede leef.

6.6 Samevatting

Kathy Black (1996) verwys na die volgende storie in die slot van haar boek, *A healing homiletic preaching and disability*:

A little girl was late getting home from school. Her mother become more and more worried as the afternoon wore on. When she finally arrived the mother said: “Where

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

have you been?! I've been worried sick!" The girl responded, "Well, I was almost home, but then I saw Suzie sitting on the curb crying. Her dolly was broken." Her mother, relieved, said, "Oh! So you stopped to help her fix the dolly?" The little girl with the wisdom of the universe said, "No. I sat down on the curb, and helped Suzie cry."

Black se volgende woorde is dan dat wanneer ookal 'n mens in moeilike tye in die gewonde wêreld sit en huil, kom sit God by ons en help ons huil. Die beeld is van toepassing in die metafoor van kerkleiers en lidmate met gestremdhede. Wanneer ookal die lidmate met gestremdhede op die wal van die sypaadjie sit en huil, kan die kerkleiers nie anders as om hulle arms om hulle te sit en saam te huil nie.

Die pous, John Paul II, skryf op 4 Maart 1981 die volgende: "It must be clearly affirmed that the disabled person is one of us, a sharer in the same humanity" waarna Reinders (2008:19) in sy inleiding verwys in die boeke *Receiving the gift of friendship*. 'n Mens kan die woorde verder neem deur te sê 'n deler in dieselfde liggaam van Christus, soos Jean Vanier (2008:9) in *Living gently in violent world* beklemtoon.

Vanier skryf weer dat hy nie geïnteresseerd is daarin om goeie werk te doen nie, maar eerder "in an ecclesial vision for community. We are brothers and sisters, and Jesus is calling us from the pyramid to become a body". Om weer by die begin van die studie aan te sluit, daar is ruimte in die kerk, die liggaam van Christus, vir Alec, met behulp van en te danke aan kerkleiers.[96]

---

[96] "Us people". Is 'n uitdrukking.Tydens die navorsing het ek by Christ Church die Huis Horison kinderkerkklasse bygewoon. Een van die lidmate met 'n kognitiewe gestremdheid het vir haar gevra: "Are you going to study us people?"Daarmee het hy verwys na hulle groepie mense. Ná afloop van die studie kon ek 'n klemverskuiwing maak van 'us people' na 'we people', want daar heers nie 'n uitsondering nie. Robert Frost merk in sy gedig *Mending walls* op: "Good fences makes good neighbours".(1914: n.a.) Ná afloop van die studie is daar nie of behoort daar volgens haar nie meer metaforiese drade tussen die lidmate te wees nie.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Ten slotte Jean Vanier in sy boek Tears of Silence (1991:12):

> We human beings
> Are marvelous and mysterious
> When called forth
> With compassion and tenderness
> Trough attentive presence and prayerful listening
> Strength
> Hope
> Surge up from within
> Giving life
> A blossoming of quiet energy.

Mag die woorde deur een van die reuse in die veld van gestremdheidsteologie voort blom in die beweging van ons harte en in die paradigma skuif van hoop en vernuwing: mag die Latynse slagspreuk waar lui: "Nihil de nobis, sine nobis"[97]. Dit handel juis oor ons, die heilige, algemene Christelike kerk, wat almal, die Alecs in die lewe, insluit[98].

---

[97] "Nihil de nobis, sine nobis" die Latynse slagspreuk: "Nothing about us without us".

[98] Sinspeling op die Apostoliese Gloofsbeleidenis.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Bronnelys

Ability Maine. (n.d.). Retrieved Februarie 22, 2018, from https://www.abilitymaine.org/ArticleArchive/%22Languaging-Disability%3A-Where-do-%27Ability%27-and-%27Dis%2FAbility%27-Fit-In%3F%22

Augsburger, DW. (1986). *Pastoral counselling across cultures.* Philadelphia: Westminister Press.

Avalos, H., Melcher, S. J., Jeremy Schipper (Eds.). (2007). *This Abled Body: Rethinking disabilities in Biblical Studies*. Atlanta, GA: Society of Biblical Literature, 2007.

Bible Hub. (2018). *greek*. Retrieved from http://biblehub.com/greek/2842.htm

Black, K. (1996). *A Healing Homiletic Preaching and Disability.* United States of America: Abingdon Press.

Block, W. (2002). *Copious Hosting: A Theology of Access for People with Disabilities.* New York and London: Continuum.

Brand, G. (2013). Theology, language and human dignity: hearing and seeing connections. In: J. Claassens, ed., L. Swartz, ed., L. Hansen, ed., Searching for Dignity. Conversations on human dignity, theology and disability. 1st ed. Stellenbosch: SUN MeDIA., pp. 67-80

Brock, B. En Swinton, J. (2012). Disability in Christian Tradition. A Reader. Grand Rapids, Michigan / Cambridge, U.K. : William B. Eerdmans Publishing Company.

Brook, C. (2015, August 8). *Report: Theologies of Disabilities.* Retrieved from https://commons.united-church.ca/Documents/Forms/AllItems.aspx?RootFolder=%2FDocuments%2FWhat%20We%20Believe%20and%20Why%2FDisabilities&InitialTabId=Ribbon%2ERead&VisibilityContext=WSSTabPersistence

Bultmann, R. (1957). History and Eschatology. The Gifford Lectures For 1955. Edinburgh.

Burkhart, J. (1983). Schleiermacher's vision for theology. In D. S. Browning (Ed.), *Practical theology: The emerging field in theology, church, and world* (pp. 42–57). San Francisco: Harper & Row.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Cahalan, K. en Mikoski, G. (2014). Opening the field of Practical Theology. An introduction. Lanham: Rowman & Littlefield.

Cairney, T., & Starling, D. (2014). *Theology and the Future: Evangelical Assertions and Explorations.* Londen: Bloomsbury.

Candida R Moss and Jeremy Schipper (eds). *Disability Studies and Biblical Literature*.

New York: Palgrave and MacMillian, 2011.

Carter, E. (2007). Including people with disabilities into faith communities. Baltimore: Paul H. Brooks Publishing Co.

Claasens, J. (2013). Job, theology and disability: Moving towards a new kind of speech. In: J. Claassens, ed., L. Swartz, ed., L. Hansen, ed., Searching for Dignity. Conversations on human dignity, theology and disability. 1st ed. Stellenbosch: SUN MeDIA., pp. 55-66.

Conner, B. (2012). Amplifying our witness: giving voice to adolescents with developmental disabilities. United States of America: Wm. B Eerdmans Publishing Co.

Creamer, D. (2009). Disability and Christian Theology. Embodied Limits and Constructive Possibilities. Oxford: Oxford Press.

disabilities in South Africa. Pietermaritzburg, South Africa.

Disability Action Research Team (DART). (2006). Policies and legislation relating to people with disability

Disabled World. (n.d.). Retrieved Julie 28, 2016, from http://www.disabled-world.com/definitions/disability-models.php

Dreyer, J. (2010). Practical Theology in SA: Recent developments and new challenges, Unpublished

Eiesland, N.L. (1994). The disabled God: toward a liberatory theology of disability. Nashville, TN:

Frank, T.E. (2002). The discourse of leadership and the practice of administration, Journal of Religious

Ganzevoort, R.R. (2009). Forks in the Road when Tracing the Sacred, Practical theology as hermeneutics of lived religion.Presidential address to the International Academy of PracticalTheology.Chicago: August, vol. 3.

Gibbs, E. (2009). *ChurchMorph: How Megatrends Are Reshaping Christian Communities*. Grand Rapids: Baker Academic.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Haslam, S.A., Reicher, S. & Platow, M. (2011).The new psychology of leadership: Identity, influence,

Hauerwas, S. (2001). The Hauerwas Reader. USA: The Duke University Press

HAuwerwas (2012). “For me, the issue at stake is our understanding of the nature of what it means to be human and live humanly within the coming Kingdom of God”

Heitink, G. (1993). *Manual for Practical Theology*. Grand Rapids, Michigan/ Cambridge U.K.: William B. Eerdmans Publishing Company.

Hull, J.M. (2001). Blindness and the Face of God: Towards a theology of disability. Zieberts, H.G.,

Kelsey, D. (2009). Eccentric existence: a theological anthropology. Louisville, Kentucky: Westminster John Knox Press.

Koopman, N. (2013). Hope, vulnerability and disability? A theological perspective. In: J. Claassens, ed., L. Swartz, ed., L. Hansen, ed., Searching for Dignity. Conversations on human dignity, theology and disability. 1st ed. Stellenbosch: SUN MeDIA., pp. 43-54.

Kritzinger, J.N.J. (2010). Intercultural learning for Christian ministry. Leadership, vol. 1, no. 1, pp. 7-30.

Light, K.J. and Rogers, F. (2004). Right of admission deserved? Cape Town: The Methodist Publishing House.

Louw, D.J. (2008). Cura Vitae.Illness and the Healing of Life. Wellington: Lux Verbi.

Lynch, G. en Pattison, S. (2005). Exploring positive learning experiences in context of practical theological education Teaching Theology and Religion 8, 3, 144-45.

Magdalene, R. (2007). The ANE legal origins of impairment as theological disability and the book of Job. Perspectives in Religious Studies, 34, 23-60

McClure, J. S. (1995). The Round-Table Pulpit. Where Leadership & Preaching Meet. Nashiville: Abingdon Press.

McFague, S. (2002). Speaking in Parables: A Study in Metaphor and Theology. Minneapolis: Fortress Press.

McGettrick, G. (1994). *“Nothing About Us, Without Us” Evaluation of the INCARE Personal Assistance Service Programme.* Ireland: Center for Independent Living, Carmichael House.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

McLeod, S. A. (2008). Social identity theory. Retrieved from www.simplypsychology.org/social-identity-theory.htm

Mdluli, P. (2011). Disability in South-Africa: A theological and socio-economic perspective. University of Stellenbosch. Ongepubliseerde MTh-tesis.

Meier, P. (2001). *A Marginal Jew: Rethinking the Historical Jesus: Volume 3: Companions and Competitors*. Anchor Bible Reference Library Series (Reissued ed.). New York: Yale University Press. ISBN 978-0-3854-6993-7.

Moltmann-Wendel, E. (1995). I am my body: a Theology of Embodiment. Bloomsbury Academic.

Moltmann, J. (1979). The Future of Creation. London: S.C.M. Press.

Moltmann, J. (1993). Theology of Hope on the ground and the implications of Christian Eschatology. First Fortress Press.

Moltmann, J. (1992). The spirit of life : a universal affirmation. Minneapolis, Minn. : Fortress

Mouton, J. (2001). How to succeed in jou Master's and Doctoral Studies: A South African guide and

Nell, I. (2016). Compassionate leadership? : some reflections on the work and life of Michael Lapsley. Verbum et Ecclesia 37(1):1-9, doi:10.4102/ve.v37i1.1629.

Nell, I. (2015). Transforming congregational culture: Suburban leadership presprectives within a circuit of DRC. Scriptura 114 (1) pp. 1-18.

Newbigin, L. (1989). The Gospel in a Pluralist Society. United States of America: Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

Nieuwenhuis, J. (2007). Analysing qualitative data, in Maree, K. (red.) First steps in research. Pretoria:Van Schaik. pp 99-117

Nouwen, H. (1997). Adam God's Beloved. New York: Orbis Books.

Olyan, Saul M. *Disability and the Hebrew Bible: Interpreting mental and physical difference*. Cambridge and New York: Cambridge University Press, 2008.

Osmer, R.R. (2008). Practical Theology.An Introduction. Grand Rapids: Eerdmans.

Pattison, S. en Lynch, G. (2005). Pastoral and Practical Theology. In D. Ford en R Muers (eds) The Modern Theologians. Oxford: Blackwell.

Raphael, R. (2004). Things too wonderful: A disabled reading of Job. Perspectives Religious Studies 31:4, 399-424.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Raphael, Rebecca. *Biblical corpora: Representations of disability in Hebrew Biblical literature.* New York, NY: T & T Clark, 2008

Reinders, H. (2008). Receiving the Gift of Friendship: profound disability, theological anthropology and ethics. Grand Rapids, Michigan/ Cambridge, U.K. : William B. Eerdmans Publishing Company.

Reinders, H. (2011). The Power of Inclusion and Friendship. Journal of Religion, Disability and Health. 15(11) p.p. 431-436.

Reinders, H.S. (2008). Receiving the Gift of Friendship: Profound Disability, Theological Anthropology and Ethics. Grand Rapids, Mich. : William B. Eerdmans Pub Publishing Co

Reynolds, T. (2013). Theology and disability: changing the conversation. In: J. Claassens, ed., L. Swartz, ed., L. Hansen, ed., Searching for Dignity. Conversations on human dignity, theology and disability. 1st ed. Stellenbosch: SUN MeDIA., pp.17-30.

Reynolds, T.E. (2008). Vulnerable Communion: A Theology of Disability and Hospitality.Brazos

Salisbury, J. (2016, Augustus 10). *Stanford Encyclopedia of Philosophy*. Retrieved April 2017, from https://plato.stanford.edu/entries/john-salisbury/

Schietwezer, F.,Häring H., Browning D (Eds.). (2000). The human image of God. (pp 215-230). Leiden : Brill.

Schipper, J. (2011). Disability and Isaiah's Suffering Servant. New York : Oxford University.

Shakespeare, T. en Watson, N. (2002). *"Research in Social Science and Disability"* Volume 2, pp. 9-28.

Soulen, K. &Woodhead, L. (2006). God and Human Dignity. Grand Rapids: Eerdmans .

Stein,M.A. (2007). Human Rights and Disability. California Law Review 95(75): 48-122

Swinton, J. (2001). Spirituality and Mental Health Care. United Kingdom: Jessica Kingsley Publishers.

Swinton, J. & ;Mowat, H. (2006). Practical theology and qualitative research, SCM Press, London.

Stellenbosch University https://scholar.sun.ac.za

Swinton, J., Mowat, H. and Baines, S. (2011a). *The spiritual lives of people with profound learning difficulties. An action research study reporting the ways in which spirituality is expressed and understood amongst family, friends and carers of those with learning disabilities, unpublished final report for AHRC- funded project on spirituality and profound and complex learning disabilities*.

Swinton, J., Mowat, H. and Baines, S. (2011b). *Whose story am I? Redescribing profound intellectual disability in the kingdom of God*. Journal of Religion, Disability & Health 15:1,5-19.

Tajfel, H., & Turner, J. C. (1979). An integrative theory of intergroup conflict. *The social psychology of intergroup relations?*, 33, 47.

The Anglican Church of Canada. (2018). *Accessible Customer Service Policy.* Retrieved from https://www.anglican.ca/help/colophon/myap/accessible-customer-service-policy/

Theology, Disability and Human Dignity Conference, (2011). . Stellenbosch.

Tillich, P. (1952). *The Courage to be.* United States of America: Yale University Press.

University of South Africa postgraduate seminar in Wiedenest, Germany, *Urban South Africa: An opportunity for liberating theological education (PDF Download Available)*. Available from: https://www.researchgate.net/publication/286689853_Urban_South_Africa_An_opportunity_for_liberating_theological_education [accessed Nov 01 2017].

Van Zyl, A. (2011). Theology Disability and Human Dignity Conference , 18-20 Mei . Stellenbosch, South Africa.

Vanier, J. (1998). *Becoming Human.* Canada: House of Anansi Press Inc.

Vanier, J. (1991). *Tears of Silence.* Canada: House of Anansi Press Inc.

Vujicic, N. (2010). *'n Lewe sonder beperkings.* United States: Doubleday Religion, Crown Publishing Group.

Wycliffe. (2013). Retrieved Januarie 7, 2017, from http://www.wycliffe.net/missiology?id=3962

Yong, A. (2011). *The Bible, disability, and the church: A new vision of the people of God*. Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans.

Zion Lutheran Church. (2016). *Accessibility for Ontarians with a Disability*. Retrieved August 2018, from https://zionstratford.com/2309-2/